

DIE VERBAND TUSSEN NORMATIEWE OORTUIGINGS, SEKSUELE  
GEDRAG EN PERSOONLIKHEID.


Elmarie Wepener  
Hons. B.A.

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium  
in die departement Psigologie aan die Potchefstroomse  
Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Dr. D.J. Malan

Potchefstroom

1991



Genade, onbeskryflik groot,

het U aan my bewys....

Geldelike bystand deur die Instituut vir  
Navorsingsontwikkeling vir hierdie navorsing word  
hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of  
gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die  
outeur en moet nie aan die Instituut vir Navorsings-  
ontwikkeling toegeskryf word nie.

## DANKBETUIGING

Graag wil ek my opregte dank betuig teenoor almal wat direk of indirek tot die samestelling van hierdie verhandeling bygedra het. In die besonder:

- Dr. Johan Malan vir sy bekwame leiding, waardevolle wenke en opbouende kritiek.
- Mej. Joanne Stanford van die Statistiese konsultasiediens aan die Vaaldriehoek-kampus (PU vir CHO) vir die kundige wyse waarop sy die data verwerk het wat van die respondente verkry is.
- Die Buro vir Navorsingsontwikkeling vir finansiële steun verleen.
- Die respondente en betrokke dosente vir hulle samewerking.
- Mej. Protea Sonnekus vir die taalkundige versorging.
- Die personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek vir hulle vriendelikheid en hulpvaardigheid.
- My ouers vir hulle belangstelling en ondersteuning.
- My man, Hannes, wat deur sy liefde en begrip my aangemoedig het om die studie deur te voer.
- Aan my Skepper alle eer en erkenning.

# INHOUDSOPGAWE.

Bladsy

1.	INLEIDING	
1.1	Seksuele dinamika.....	1
1.2	Probleemstelling.....	3
1.3	Die doelwit van die ondersoek.....	5
1.4	Die metode van ondersoek.....	5
2.	SEKSUALITEIT	
2.1	Seksualiteit: 'n historiese oorsig.....	7
2.2	Seksualiteit: 'n begripsomskrywing.....	11
2.2.1	Seksuele houdings.....	12
2.2.2	Seksuele gedrag.....	16
2.2.3	Fisiologiese opwekking.....	22
3.	TEORETIESE PERSPEKTIEWE	
3.1	Die psigoanalitiese beskouing.....	25
3.1.1	Pregenitale stadium.....	26
3.1.2	Latente fase.....	27
3.1.3	Genitale fase.....	27
3.2	Die behavioristiese perspektief.....	29
3.3	Die humanistiese en eksistensiële perspektief.....	33
3.4	Die kognitiewe perspektief op seksualiteit.....	34
4.	OORSAAKLIKE FAKTORE	
4.1	Die invloed van die sosiale omgewing.....	37
4.1.1	Kulturele oortuigings.....	37
4.1.1.1	Taal en die seksuele subkultuur....	41
4.1.1.2	Kleredrag en die seksuele subkultuur.....	42
4.1.2	Die invloed van opvoeding deur ouers.....	44
4.1.2.1	Seksuele houdings en die rol van opvoeding.....	44
4.1.2.2	Seksuele voorligting deur ouers....	47
4.1.2.3	Opvoeding en seksuele gedrag.....	49

4.1.3	Geslagsverskille en die seksuele subkultuur..	51
4.1.3.1	Geslagsrolidentiteit en seksualiteit	53 ✓
4.1.3.2	Die seksuele subkultuur en die "dubbelstandaard".....	54
4.1.3.3	Geslagsverskille en portuurdruk....	58
4.1.3.4	Die invloed van geslagsverskille op seksuele gedrag.....	60
4.1.3.5	Die invloed van geslagsverskille op seksuele fantasieë.....	62
4.1.3.6	Geslagsverskille en die blootstelling aan erotiese stimuli.....	63
4.1.3.7	Die aard van biologiese geslagsverskille.....	64
4.1.4	Ouderdom en die seksuele subkultuur.....	65
4.1.5	Sosio-ekonomiese klas en seksualiteit.....	69
4.1.6	Godsdienssin en seksuele oortuigings.....	71
4.2	Intrapsigiese faktore	
4.2.1	Erotofobia/erotofilia.....	75
4.2.2	Seksuele skuldgevoel.....	76
4.2.2.1	'n Teoretiese perspektief.....	77
4.2.2.2	Die verband tussen skuldgevoel en lokus van kontrole.....	79
4.2.2.3	Die karakterisering van die seksuele skuldgevoel.....	81
4.2.2.4	Die invloed op kognitiewe funksionering.....	84
4.2.2.5	Die verband tussen seksuele skuldgevoel en morele oortuiging...	86
4.2.2.6	Die interaksie tussen vlak van morele redenering en seksuele skuldgevoel..	89
4.2.3	Die verwantskap tussen persoonlikheidsfaktore en seksuele gedrag.....	91

5.	METODE VAN ONDERSOEK	
5.1	Inleiding.....	95
5.2	Respondente.....	95
5.3	Prosedure.....	96
5.4	Meetinstrumente.....	98
	5.4.1 Gekombineerde biografiese en houdingsvraelys.....	98
	5.4.1.1 Biografiese inligting.....	98
	5.4.1.2 Houdingsvraelys.....	98
	5.4.2 Seksuele skuldvraelys.....	101
	5.4.3 Sestien-persoonlikheidsfaktor- vraelys(16 PF).....	101
5.5	Statistiese resultate.....	102
	5.5.1 Beskrywende frekwensieontledings.....	102
	5.5.2 Kruistabulering.....	103
	5.5.2.1 Variasieontledings .....	103
	5.5.3 Interne betroubaarheid van die onderskeie vraelyste.....	104
	5.5.4 Interkorrelasies.....	104
	5.5.5 Faktorontleding.....	104
	5.5.6 Modelbou.....	104
	5.5.6.1 Meervoudige regressieontleding.....	104
	5.5.6.2 Diskriminantontleding.....	105
6.	RAPPORTERING VAN EMPIRIESE RESULTATE	
6.1	Beskrywende frekwensieontledings.....	106
	6.1.1 Sosio-ekonomiese agtergrond.....	106
	6.1.2 Godsdienstige oortuiging en kerklike meelewing.....	106
	6.1.3 Heteroseksuele verhoudingslewe.....	108
	6.1.4 Voorhuwelikse seksuele ervaring.....	109

6.1.5	Seksuele houdings.....	111
6.1.5.1	Houdingskaal HT1.....	111
6.1.5.2	Houdingskaal HT2.....	112
6.1.6	Die beoordeling van referente en gedrags- gevolge.....	114
6.1.6.1	Transformasie van die referent- en gedragsgevolgtellings.....	119
6.2	Kruistabulering van die verskeie veranderlikes.....	120
6.2.1	Die uitwerking van geslagsverskille.....	120
6.2.2	Die uitwerking van kerkbywoning.....	123
6.2.3	Die uitwerking van betrokkenheid by kerklike werksaamhede.....	126
6.2.4	Die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings.....	128
6.2.5	Die invloed van seksuele ondervinding.....	137
6.2.6	Die invloed van seksuele houdings.....	138
6.2.7	Die invloed van seksuele skuldgevoelens....	141
6.2.8	Die invloed van belangrike referente.....	142
6.2.9	Die invloed van verwagte gedragsgevolge....	144
6.3	Interne betroubaarheid van die onderskeie vraelyste.....	149
6.4	Interkorrelasies tussen seksuele houdings en verskeie onafhanklike veranderlikes.....	152
6.5	Faktorontleding.....	156
6.6	Modelbou.....	157
6.6.1	Meervoudige regressieontleding.....	157
6.6.2	Diskriminantontleding.....	163
7.	BESPREKING VAN DIE RESULTATE	
7.1	Biografiese besonderhede van die respondente .....	165
7.2	Die seksuele gedrag en houdings van die respondente.....	165
7.3	Waargenome geslagsverskille.....	168

7.4	Die kerklike betrokkenheid en godsdienstige meelewing van die respondente.....	170
7.5	Die seksuele houdings van die respondente.....	173
7.6	Die invloed uitgeoefen deur die respondente se geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens.....	174
7.7	Die waargenome verwantskap tussen persoonlikheidsfaktore en seksuele gedrag en houdings.....	176
7.8	Die waargenome invloed van referente.....	177
	7.8.1 Die invloed van die ouers .....	178
	7.8.2 Die invloed van die portuurgroep .....	179
7.9	Die verband tussen die beoordeling van gedragsgevolge en respondente se seksuele gedrag en houdings.....	181
7.10	Die voorspelling van seksuele gedrag en houdings..	182
	7.10.1 Die voorspelling van seksuele houdings.....	182
	7.10.2 Die voorspelling van seksuele gedrag.....	186
	7.10.2.1 Die voorspelling van die aantal seksmaats.....	186
	7.10.2.2 Klassifikasie van respondente in terme van seksuele ervaring.....	187
	7.10.3 Ajzen se model van beredeneerde gedrag.....	188
7.11	Samevattende opmerkings.....	190
8.	OPSOMMING	
8.1	Opsomming.....	192
8.2	Summary.....	194
9.	BIBLIOGRAFIE.....	196
10.	BYLAE	
10.1	Bylae A: Biografiese en houdingsvraelys.....	215
10.2	Bylae B: Mosher-seksuele skuldvraelys.....	228

LYS VAN FIGURE.

Bladsy

1.1	Frekwensieverdeling van betrokkenheid by kerkwerkzaamhede.	107
-----	--	-----

LYS VAN TABELLE (Opskrifte verkort).

Frekwensieverdelings:

6.1.1	Ouers se beroep.	106
6.1.2	Bywoning van kerklike byeenkomste.	107
6.1.3	Die invloed van godsdienstige oortuigings.	107
6.1.4	Ouderdom tydens eerste verhouding.	108
6.1.5	Duur van langste vaste verhouding.	108
6.1.6	Intimiteit ervaar in mees intieme verhouding.	109
6.1.7	Ouderdom tydens eerste seksuele ervaring.	109
6.1.8	Emosies ervaar na eerste voorhuwelikse seks.	110
6.1.9	Seksmaats van respondente.	111
6.1.10	Response op items in Houdingskaal HT1.	112
6.1.11	Response op items in Houdingskaal HT2.	113
6.1.12	Respondentbeoordeling van referente se houdings.	114
6.1.13	Belangrikheid van referente se menings.	115
6.1.14	Beoordeling van waarskynlikheid van gevolge.	116
6.1.15	Respondentbeoordeling van die gevolge van seks.	118

Kruistabulasies van:

6.2.1	Geslag en kerkbywoning.	120
6.2.2	Geslag en die invloed van godsdienstige oortuigings op die alledaagse lewe.	121
6.2.3	Geslag en die invloed van godsdienstige oortuigings op die verhoudingslewe.	121
6.2.4	Geslag en betrokkenheid by kerkwerkzaamhede.	122
6.2.5	Geslag en intimiteitsgraad in verhoudings.	122
6.2.6	Geslag en voorhuwelikse sekservaring.	123
6.2.7	Kerkbywoning en intimiteit in verhoudings.	124
6.2.8	Sekservaring en kerkbywoning.	124
6.2.9	Kerkbywoning en ouderdom tydens eerste seks.	125

Lys van tabelle (vervolg)

	Bladsy
6.2.10 Kerkbywoning en die aantal seksmaats.	125
6.2.11 Betrokkenheid by kerkwerkzaamhede en graad van intimiteit in mees intieme verhouding.	126
6.2.12 Betrokkenheid by kerklike werkzaamhede en seksuele ervaring.	127
6.2.13 Betrokkenheid by kerklike werkzaamhede en ouderdom tydens eerste seksuele ervaring.	127
6.2.14 Die invloed van godsdienstige oortuigings op die alledaagse lewe en intimiteitsgraad.	128
6.2.15 Die invloed van godsdienstige oortuigings op die verhoudingslewe en intimiteitsgraad.	129
6.2.16 Die invloed van godsdienstige oortuigings op die alledaagse lewe en seksuele ervaring.	129
6.2.17 Die invloed van godsdienstige oortuigings op die verhoudingslewe en seksuele ervaring.	130
6.2.18 Die invloed van godsdienstige oortuigings (V9) en ouderdom tydens eerste seks.	130
6.2.19 Die invloed van godsdienstige oortuigings (V10) en ouderdom tydens eerste seks.	131
6.2.20 Die invloed van godsdienstige oortuigings op die alledaagse lewe en aantal seksmaats.	132
6.2.21 Die invloed van godsdienstige oortuigings op die verhoudingslewe en aantal seksmaats.	132
6.2.22 Die invloed van godsdienstige oortuigings (V9) met Houdingskaal HT1-klasse.	133
6.2.23 Die invloed van godsdienstige oortuigings (V9) met Houdingskaal HT2-klasse.	134
6.2.24 Die invloed van godsdienstige oortuigings (V10) met Houdingskaal HT1-klasse.	135
6.2.25 Die invloed van godsdienstige oortuigings (V10) met Houdingskaal HT2-klasse.	136
6.2.26 Sekservaring en duur van respondent se langste vaste verhouding.	137
6.2.27 Ouderdom tydens eerste sekservaring en ouderdom tydens eerste vaste verhouding.	137

6.2.28 Ouderdom tydens eerste seksuele ervaring en die duur van 'n eerste vaste verhouding.	138
6.2.29 Houdingskaal HT1-klasse met sekservaring.	139
6.2.30 Houdingskaal HT2-klasse met sekservaring.	140
6.2.31 Seksuele skuldgevoelvlakke met sekservaring.	141
6.2.32 Die invloed van mansvriende met sekservaring.	142
6.2.33 Die invloed van vriendinne met sekservaring.	143
6.2.34 Die vaste metgesel se invloed met sekservaring.	144
6.2.35 Gedragsgevolg GT1 met seksuele ervaring.	145
6.2.36 Gedragsgevolg GT3 met seksuele ervaring.	146
6.2.37 Gedragsgevolg GT4 met seksuele ervaring.	147
6.2.38 Gedragsgevolg GT7 met seksuele ervaring.	148
6.2.39 Gedragsgevolg GT13 met seksuele ervaring.	149

Verkreë alfakoëffisiënte:

6.3.1 Alfakoëffisiënte van Houdingskaal HT1.	150
6.3.2 Alfakoëffisiënte van Houdingskaal HT2.	150
6.3.3 Alfakoëffisiënte van die Mosher-vraelys.	151

Korrelasiematrikse van:

6.4.1 Houdingskale HT1 en HT2 met RT1-S.	152
6.4.2 Houdingskale HT1 en HT2 met GT1-13.	153
6.4.3 Houdingskale HT1 en HT2 met die 16 PF en Mostot.	154
6.4.4 Mostot met Exvia en Angs.	155

Faktorontleding:

6.5.1 Belading van veranderlikes met faktore.	156
---	-----

Getabuleerde voorspellingsmodelle:

6.6.1 Mees geskikte model vir die voorspelling van Houdingskaal HT1 met RT- en GT-tellings.	158
6.6.2 Mees geskikte model vir die voorspelling van Houdingskaal HT1 met alle veranderlikes.	159
6.6.3 Mees geskikte model vir die voorspelling van Houdingskaal HT2 met RT- en GT-tellings.	160

Lys van tabelle (vervolg)

	Bladsy
6.6.4 Mees geskikte model vir die voorspelling van Houdingskaal HT2 met alle veranderlikes.	161
6.6.5 Mees geskikte model vir die voorspelling van aantal seksmaats met alle veranderlikes.	162
6.6.6 Klassifikasiefunksie vir klassifikasie van response op V15.	164
6.6.7 Klassifikasie van respondente deur middel van die klassifikasiefunksie.	164

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING.

Whereas sex is perfectly natural,  
it is rarely naturally perfect.

Susan R. Walen and David Roth

### 1.1 Seksuele dinamika.

Menslike seksualiteit verskil van dié van die dier in die sin dat dit nie 'n "outomatiese" handeling is wat op instink alleen berus nie. Veel meer is betrokke. Die biologiese basis van manlike en vroulike seksualiteit (die werking van die organe en fisiologiese prosesse betrokke) toon weinig variasie tussen individue. Tog vertoon menslike seksualiteit wêreldwyd 'n ryke verskeidenheid van houdings, voorkeure en gedragpatrone. Die verskeidenheid word verder gekenmerk deur 'n diversiteit in voorskrifte oor dit wat in 'n bepaalde kultuurverband wenslik sou wees (DeLora, Warren & Ellison, 1981:28). Die voorskrifte is egter nie onveranderlik nie, aangesien seksuele gedrag, die frekwensie daarvan en openhartigheid daaroor, grootliks bepaal word deur die heersende standpunte (Baron & Byrne, 1984:566). So word seksuele houdings en gedrag in die Westerse samelewing vandag gekenmerk deur 'n groter mate van openhartigheid en permissiwiteit as wat etlike dekades gelede die geval was (Louw, Gerdes & Meyer, 1984:353).

Binne kulturele verband verval die uitlewing van seksualiteit ook nie in 'n strakke eenvormigheid nie. Individuele verskille bring 'n ryke verskeidenheid in gedragpatrone mee. Daar word dan ook allerweë aanvaar dat hierdie verskille tussen individue veel meer die produk van die sosiale omgewing as van biologiese faktore is. Seksualiteit kan dus nie losstaande van die invloed van die sosiale omgewing beskou word nie.

Soos waargeneem kan word is menslike seksualiteit dus 'n komplekse proses wat op die werking van 'n verskeidenheid eksterne faktore berus. Die invloed of kontrole wat hierdie faktore uitoefen funksioneer egter nie onafhanklik van mekaar nie, maar staan in 'n interafhanklike verwantskap as gevolg van 'n proses van onderlinge wisselwerking.

Seksuele opwekking is dus nie net 'n fisiologiese proses nie. Kognitiewe teoretici (Abramson, 1983:185; Penrod, 1983:245) plaas sterk klem op kognitiewe oortuigings wat die werking van dié organe aktiveer of inhibeer. Daarvolgens is die persepsie van 'n seksuele stimulus, die daaropvolgende opwekkingsproses en waarneembare seksuele gedrag afhanklik van die individu se evaluasie daarvan wat gegrond is op ervarings, waarnemings en leerprosesse uit die verlede.

Reeds vanaf die kinderjare vind daar 'n leerproses plaas waartydens daar 'n kognitiewe beeld oor die seksuele opgebou word. In hierdie beeld is die individu se unieke oortuiging van dit wat toepaslike seksuele gedrag behels saamgevat. Hierdie beeld oefen 'n merkbare invloed op die seksuele gedrag en houding van die individu uit. 'n Positiewe beeld van die seksuele het gewoonlik naderingsgedrag tot gevolg, terwyl 'n negatiewe emosionele beeld van en skuldgevoelens oor die moontlike oortreding van seksuele taboes (soos deur die individu gedefinieer) tot die vermyding van die seksuele kan lei.

Die seksuele houding van die individu wat afhanklik is van die invloed van 'n verskeidenheid faktore, kan nie as die enigste voorspeller van seksuele gedrag beskou word nie. Ajzen & Fishbein (1988:122) het 'n model van beredeneerde gedrag geformuleer wat die verhouding tussen die individu se oortuigings, sy houding en die uiteindelik waarneembare gedrag aandui. Daarvolgens word 'n persoon se gedrag deur sy voorneme om dit uit te voer beïnvloed. Dié voorneme is die resultaat van die individu se houding teenoor die

gedrag, gebaseer op sy evaluasie van die gedrag se gevolge en sy subjektiewe norm betreffende die gedrag. Referente soos ouers en vriende beïnvloed op hul beurt weer die subjektiewe norm.

Faktore in die sosiale omgewing asook individuele faktore beïnvloed en kontroleer hierdie seksuele oortuigings en verwagtinge van die individu. Die uiting van seksuele begeertes asook die unieke seksuele houding, oortuigings en gedragspatrone van die individu is dus die produk van 'n komplekse psigososiale netwerk van interafhanklike faktore.

## 1.2 Probleemstelling.

Sedert die tyd van die antieke Griekse beskawing trek seksuele gedrag die aandag van filosowe en navorsers. Met die aanvang van die twintigste eeu het 'n bloeitydperk op die gebied van seksuele navorsing aangebreek. Dit is hoofsaaklik geïnisieer deur die baanbrekerswerk van die Amerikaners Alfred Kinsey en die bekende Masters en Johnson-egpaar. Dit was egter nie die geval in Suid-Afrika nie. Olivier (1987:ix) is van mening dat die beskouing van die seksuele hier as 'n private aangeleentheid navorsing hieroor negatief beïnvloed en vertraag het.

Uit seksuele navorsing wat die afgelope twee dekades hoofsaaklik in Amerika onderneem is, kan tendense ten opsigte van die invloed van 'n verskeidenheid intrapsigiese en interpersoonlike faktore op seksualiteit onderskei word. Navorsing wat in Suid-Afrika onderneem is en tendense wat onder Suid-Afrikaners waargeneem is, moet dus grootliks met dié van Amerikaners en ander Westerlinge ooreenstem. Gesaghebbende waarnemings en vergelykings met ander lande kan egter moeilik gemaak word omdat die huidige stand van kennis omtrent Suid-Afrikaanse seksuele gedrag gekenmerk word deur tekortkominge wat kortliks ter illustrasie uitgelig sal word.

Eerstens bestaan daar 'n leemte ten opsigte van genoegsame en gesaghebbende navorsing. Teorieë soos dié rakende die verbande tussen seksuele gedrag en persoonlikheidsfaktore, veral dié oor die geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens en Eysenck se definisie van die faktore ekstraversie en neurotisme (Eysenck, 1976:138) is nog nie onder Suid-Afrikaanse omstandighede ondersoek nie. Weens die invloedryke aard van die Christelike godsdiens en die oorwegende Christelike karakter van die Afrikaanssprekende kan dit ook verwag word dat godsdienstige oortuigings 'n beperkende invloed op die uitlewing van seksualiteit sal hê. Die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing (RGN) het egter die teendeel onder Suid-Afrikaners bevind (Olivier, 1987:xii), wat verdere ondersoek van dié verwantskap noodsaak.

Tweedens word sommige navorsingsresultate wat in Suid-Afrika verkry is gekenmerk deur teenstrydighede wanneer dit met Amerikaanse navorsingsresultate vergelyk word. Konflikterende resultate is verkry ten opsigte van die invloed van die portuurgroep op die seksuele houdings en gedragspatrone van onderskeidelik Suid-Afrikaanse en Amerikaanse adolescenten. Teenoor die duidelike bewys van 'n bestaande dubbelstandaard onder Suid-Afrikaanse Indiëradollesente, waar dit verskille tussen manlike en vroulike seksualiteit aangaan, heers daar onsekerheid oor die sogenaamde "verdwyning" van die dubbelstandaard in Amerika. Weens die gebrek aan bewyse kan die teenstrydighede tans slegs aan kultuur- en normverskille toegeskryf word.

Die bestaande gebrekkige kennis aangaande die onderlinge interafhanklike faktore betrokke by die seksuele proses asook die dinamika wat daaraan verbonde is, laat dus ruimte vir, en noodsaak ook uitgebreide navorsingsprojekte oor die seksuele.

### 1.3 Die doelwit van die ondersoek.

In die lig van hierdie leemte sal daar gepoog word om aan die hand van die gegewe modelle die wisselwerking tussen genoemde intrapsigiese en interpersoonlike faktore te ondersoek, met spesifieke verwysing na:

- \* die onderlinge verband tussen geslagsverskille, godsdienslike oortuigings en seksuele gedragspatrone;
- \* die verwantskap tussen 'n geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens en persoonlikheidsfaktore en
- \* die invloed wat die volgende faktore op die individu se seksuele houdingsingesteldheid en sy seksuele gedragspatrone onderskeidelik, uitoefen:
  - a) die subjektiewe norm (die invloed van referente) betreffende voorhuwelike gemeenskap;
  - b) die evaluasie van die moontlike gevolge van voorhuwelike gemeenskap;
  - c) persoonlikheidsfaktore;
  - d) godsdienslike oortuigings en
  - e) 'n geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens.

### 1.4 Die metode van ondersoek.

Die basis van 'n individu se seksuele uitlewing is gesetel in sy kultuuragtergrond. Weens die diversiteit in seksuele agtergrondverskille word die literatuurverwysings in hierdie ondersoek beperk tot die houding en gedragspatrone van die blanke Westerling. Die kulturele agtergrond van die respondente in hierdie ondersoek baken die toepaslikheid van die resultate verder af tot dié van die blanke Afrikaanssprekende.

Studente is dikwels bereid om aan navorsing wat om etiese redes sensitief kan wees, deel te neem. Hulle is geografies

ook maklik bereikbaar. Weens hierdie mate van toeganklikheid word studente dan ook gereeld deur navorsers as proefpersone gebruik. Die negatiewe houding van die Suid-Afrikaanse bevolking jeens seksuele navorsing dra by tot die komplikasies daaraan verbonde om die deursnee Suid-Afrikaner by die huidige studie te betrek. Studente word dus as dié aangewese proefpersone vir hierdie ondersoek beskou. Die literatuurverwysings in hierdie ondersoek is dan ook telkens op hierdie ouderdomsgroep van toepassing. Die gebruik van so 'n beperkte ondersoekgroep plaas egter 'n beperking op die statistiese veralgemeenbaarheid van die resultate ten opsigte van die breë Suid-Afrikaanse spektrum. Ten spyte van dié tekortkominge sal daar egter gepoog word om met hierdie ondersoek die navorsingsleemte in Suid-Afrika aan te vul.

## HOOFSTUK 2 SEKSUALITEIT.

Custom controls the sexual impulse as it controls  
no other.

Margaret Sanger.

### 2.1 Seksualiteit: 'n historiese oorsig.

Seksualiteit is so oud soos die mens self. Reeds met die skepping van die eerste mense is dit in die Bybel opgeteken dat God Adam en Eva geseën en gesê het: "wees vrugbaar, word baie" (Gen.1:28). God het gesien dat dit "baie goed" was (Gen. 1:31). Die hele Ou Testamentiese Bybelboek Hooglied, word gewy aan hierdie gawe van God - geslagtelike genieting tussen man en vrou binne die huwelik. Hierdie siening is ook deur die Nuwe Testamentiese sendeling Paulus verkondig, waar hy die lede van sy sendinggemeentes vermaan om nie hierdie huweliksplig te verwaarloos nie (1 Kor. 7:3).

Geleidelik het die Christendom met die heidense wêreld in aanraking gekom en ter nastrewing van 'n hoër ideaal wou hulle hul nie met die bose wêreld assosieer nie. 'n Ander siening het gou posgevat, ook weens die invloed van die Griekse wysgeer Plato wat 'n onderskeid tussen die siel en liggaam gemaak het. Die liggaamlikheid van die mens, veral hierdie sinlike genot, is as 'n laer orde van bestaan beskou. Alle klem is op geestelikheid en 'n heilige lewenswandel geplaas. Die ongetroude staat van die selibate priesters is in daardie tyd as die ideaal voorgehou (Parrinder, 1987:43) en seksualiteit, selfs binne die huwelik, is deur die vroeë Christendom as boos beskou (DeLora et al., 1981:316). Die dertiende-eeuse kerkvader, Thomas van Aquinas, het selfs so ver gegaan as om soen by ongetroudes te verbied omdat dit as uitdrukking van seksuele verlange beskou is.

Die karakter van seksualiteit het, soos dit blyk, sodanige veranderinge ondergaan dat dit mettertyd met 'n voortplantings- en skuldmoraal geassosieer kon word. Deur die eeue heen het die moraal saam met die wisselende tydsgees verander, maar die doel voor oë was altyd die bewaring van die gemeenskap en die huwelik. Teenoor die onsedelikheid van die Elisabetaanse era in Engeland (Haveman & Lehtinen, 1986:137), het die Puriteine weer die klem op arbeidsaamheid en deeglikheid geplaas, wat nie plek vir die sinnelike gelaat het nie (Esterhuyse, 1980:19). Hierdie siening het waarskynlik sy hoogtepunt in die Victoriaanse tydperk beleef, waar kuisheid 'n absolute stilswye oor die seksuele geïmpliseer het (Esterhuyse, 1980:24) en "ordentlike" vroue geen seksuele begeerte durf koester het nie (De Lora et al., 1981:11). Elke toespeeling op seksuele belewing en enige suggestie van lusbevrediging is as onfatsoenlik en onbeskaaf beskou (Esterhuyse, 1980:17). Hierdie kuisheidsideaal was onder andere 'n poging om die hoër sosio-ekonomiese klasse te beskerm teen die uitputting van senu-energie, weens 'n oormaat seksuele aktiwiteit (Bullough, 1987:58).

Westerse industrialisasie wat die twintigste eeu ingelui het, het die menslike faktor as ekonomiese entiteit beskou wat maksimaal benut moes word. Daar is nie plek gelaat vir sy intiem-emosionele behoeftes nie (Bancroft, 1983:vi). Kinders was tydens die industriële era nie meer 'n ekonomiese noodsaaklikheid om die voortbestaan van 'n familieplaas te verseker nie. In die stadsopset het hulle selfs 'n ekonomiese las vir hulle ouers geword. In hierdie tyd het voorspoed en 'n toename in ledige tyd genot en plesier op die voorgrond begin plaas, sodat die funksie van seksualiteit vanaf voortplanting na ontspanning verskuif het (DeLora et al., 1981:12). Rondom 1900 het ontwikkeling, ook op wetenskaplike gebied, 'n nuwe tydvak ingelui. Die agtiende-eeuse mediese siening dat seksuele dade as 'n "siekte" en "sonde" beskou moet word (DeLora et al., 1981:18), is vervang deur Freud se rewolusionêre, vir

hierdie tydperk immorele, stelling dat die mens primêr 'n seksuele wese is (Deaux & Wrightsman, 1988:272). Die publikasie van die omstrede Kinsey-navorsingsresultate in 1948 het die weg gebaan vir openbare bespreking van 'n onderwerp wat eens taboe was (Haveman & Lehtinen, 1986:140).

'n Verandering van seksuele waardes is verder meegebring deur 'n sameloop van omstandighede rondom die Eerste- en Tweede Wêreldoorlog. In die weermag het 'n klassevermenging tussen die hoër en laer, meer permissiewe sosiale klasse plaasgevind. Konserwatiewe Amerikaanse soldate is ook in aanraking gebring met die meer permissiewe Europese norme (Esterhuyse, 1980:39). Die koms van die motorkar het verder aan jongmense die geleentheid gegee om weg van volwasse toesig, buite die huis, meer intiem met die ander geslag te verkeer (Caplow, Bahr, Chadwick, Hill & Williamson, 1985:211). Die opkomende vroueregtebeweging en verset teen die dubbele standaard van vroeëre geslagte dat mans meer seksuele vryheid as vrouens mag geniet, het die tradisionele rol van seks by albei geslagte verder aangespreek (DeLora *et al.*, 1981:13; Louw, Gerdes & Meyer, 1984:353).

Hierdie nuwe tendens in seksualiteit is grootliks aangehelp deur die groter beskikbaarheid van effektiewe geboortebeperkingsmiddels (Haveman & Lehtinen, 1986:137). Die leuse, "having fun, not children" (McVeigh & Shostak, 1978:149) het sy hoogtepunt tydens die seksuele rewolusie in Amerika gedurende die sestigerjare beleef. Seksuele gedrag tydens hierdie tydperk is as ongebonde en emosieloos beskryf. Totale vryheid en verwerping van alle tradisionele waardes was aan die orde van die dag (Haveman & Lehtinen, 1986:137). Die resultaat van die rewolusie het sigbaar geword in veranderde houdings en voorhuwelikse gedragpatrone asook 'n skerp toename in seksuele gedrag by geskeide persone en die openbaarmaking van buitehuwelikse seksuele praktyke soos "swinging" en groepshuwelike.

Hierdie groter permissiwiteit het tot die ontwikkeling van 'n nuwe moraliteit gelei. Die klem is geplaas op fisieke genot en behoeftebevrediging. Die gevoel is dat die mens reg het tot die volle uitlewing daarvan, moontlik binne 'n liefdesverhouding, maar nie soseer 'n huweliksverhouding nie. Verantwoordelike optrede, tesame met agting en konsiderasie vir die seksmaat is die enigste etiese voorvereistes in hierdie seksuele kode (Coetzee, Plomp & Steyn, 1986:132; Louw *et al.*, 1984:355). Voorstanders van hierdie nuwe moraliteit verkondig dat buitestaanders nie die reg het om dit waarby hulle nie persoonlik betrokke is te veroordeel nie, veral nie as die betrokkenes dit as verrykend ervaar nie (Esterhuyse, 1980: 35).

Ten spyte van 'n oënskynlike terugkeer na meer konserwatiewe waardes sedert die middel sewentigerjare (Haveman & Lehtinen, 1986:149) is die neiging steeds dat seksualiteit uitgebuit word. Dit moet dien as toevlug om huwelike te red en eiewaarde te verhoog (Bancroft, 1983:vii). In 'n spanningsvolle, burokratiese samelewing moet seks selfs as versekering van 'n betekenisvolle bestaan dien, terwyl sensualiteit gebruik word om enigiets vanaf tandepasta tot motorkarre te verkoop. Dit wat voorheen nie in die media gemeld is nie, oorweldig vandag byna die moderne leser (Coetzee, Plomp & Steyn, 1986:34; Haveman & Lehtinen, 1986:136).

In 'n klimaat van groter openhartigheid en permissiwiteit wissel menings steeds oor die rol wat seksualiteit in die samelewing moet speel. Bancroft pleit: "Everyday life should determine sexuality, not the other way round" (1983:viii). Ander skrywers wys ook op die toenemende voorkoms van geslagsiektes en ongewenste swangerskappe wat kommer wek (Baron & Byrne, 1984:573). Daar bestaan 'n meningsverskil oor die veranderings in seksuele gedrag en houdings wat deur die sogenaamde seksuele rewolusie meebring is. Sommige skrywers voel dat die seksuele gedragspatrone oor die dekades weinig verander het en nie

kommer verdien nie. Dit is alleenlik maar die algemene houding teenoor veral buitehuwelikse seksualiteit wat meer toegeeflik geword het (Deaux & Wrightsman, 1988:276; Wrightsman, 1977:199). Alhoewel bogenoemde stellings op Amerikaanse omstandighede van toepassing is, is Louw et al. (1984:355) van mening dat toestande in Suid-Afrika weinig hiervan verskil, nieteenstaande die tekort aan empiriese bewyse.

## 2.2 Seksualiteit: 'n begripsoms krywing.

Soos reeds vermeld, behels seksualiteit veel meer as net voortplanting omdat hierdie funksie van die mens sosiaal-biologiese implikasies het (Bancroft, 1983:1). Calvyn het reeds in 1540 daarop gewys dat geslagsgemeenskap binne die huwelik heilig is. Sy funksie is meer as net voortplanting, maar vorm deel van die kameraadskap en sosiale verhouding tussen huweliksgenote (Renshaw, 1980:198). Allport (1961:286) sluit daarby aan deur te wys op die onderskeid tussen genitaliteit, blote biologiese funksionering en seksualiteit. In teenstelling met genitaliteit word die kwaliteit van die seksuele daad, met ander woorde die gebondenheid, betrokkenheid en liefde beklemtoon. Andersen en Verveen (1977:39) beskryf seksualiteit weer as orgastiese spanningsontlading en voortplantingsgedrag, maar sluit die uitdrukking van liefde, erotiek en menslike intimiteit nie uit nie. Hierdie uitdrukking van intimiteit is 'n vorm van kommunikasie en ontmoeting wat sy hoogtepunt alleen in en deur die liefde kan bereik, aldus Esterhuyse (1980:72).

Volgens Kaats en Davis (soos aangehaal deur Wrightsman, 1977:178) weer, het seksualiteit simboliese waarde vir die mens, deurdat 'n verskeidenheid behoeftes daardeur bevredig kan word. Aggressiewe en patologiese behoeftes word deur die pleeg van seksmisdade bevredig, terwyl seks as gebruiksartikel kan dien om deur prostitusie aan materiële behoeftes te voldoen, of die ego te versterk wanneer manlikheid of vroulikheid deur die seksdaad bewys kan word. In 'n

permanente of semi-permanente betekenisvolle verhouding kan voortplantingsbehoefte deur seks bevredig word en dus die uitbreiding van 'n liefdevolle verhouding tot gevolg hê, maar dit kan ook gebruik word om die verhouding te probeer red. Die diepste uitdrukking van menslike emosie kom egter in liefdeseks voor. Die aanwesigheid van liefde in 'n verhouding word heel dikwels as voorvereiste gestel voordat hierdie tipe omgang kan plaasvind. Vir die adolessent weer lê die waarde hiervan daarin dat sy seksuele drange nou gekoppel is aan sy behoefte aan sekuriteit en intimiteit, aldus Seiffert en Hoffnung (1987:703).

Die seksuele mens word dus in sy totaliteit betrek en daar kan onderskei word tussen seksuele houdings (die kognitiewe en morele aspekte), seksuele opwekking (fisiologiese aspekte) en seksuele gedrag (die waarneembare). Die aspekte word vervolgens bespreek.

#### 2.2.1 Seksuele houdings.

Die menings wat oor seksuele aangeleenthede uitgespreek word, sal van kultuur tot kultuur verskil. So sal 'n ontblote bors 'n heel ander tipe reaksie in Swaziland as by 'n Suid-Afrikaanse vakansieoord ontlok (Bruwer, 1985:6). Die morele beoordeling van seksuele gedragsvorme en stimuli is die resultaat van aangeleerde houdings wat op 'n komplekse wyse beïnvloed word deur ouers, onderwysers, godsdienstige en kulturele oortuigings, geslagsidentiteit, die portuurgroep, sosio-ekonomiese status en die media (Penrod, 1983:235). Waar seksuele voorskrifte en verordeninge, gesien teen hierdie agtergrond, veral gedurende die kinderjare so streng toegepas word dat seksualiteit met 'n gevoel van oortreding geassosieer raak, kan seksuele skuldgevoelens ontstaan (Green, 1976:25). In die lig hiervan kan die houding teenoor seksualiteit as of erotofobies of erotofilies beskou word. Erotofobiese persone beskou seksuele stimuli in 'n negatiewe lig en vermy seksualiteit so ver moontlik. 'n Positiewe gesindheid of

erotofilia dien as versterker en het toenaderingsgedrag tot gevolg. Hierdie aangeleerde gesindheid teenoor seksualiteit toon dan ook 'n duidelike verwantskap met die mate waarin 'n individu skuldgevoelens oor seks ervaar (Fisher, Byrne, White & Kelley, 1983:133).

Waar vroeëre geslagte seks met afsku en skuldgevoelens bejeën het, aanvaar die moderne adolessent seksualiteit as 'n biologies integrale deel van die alledaagse lewe (Ambron, 1981:480). So word masturbasie, die aktiwiteit gerig op die ontlading van seksuele spanning in die afwesigheid van 'n seksmaat, vandag meer geredelik aanvaar en kom dit meer algemeen voor. In die sewentigerjare het 90% van twintigjarige Wes-Duitse mans en 50% vroue uit dieselfde ouderdomsgroep ervaring daarvan gehad (Schmidt & Sigusch, 1971:93). In teenstelling hiermee word daar steeds in kringe geglo dat masturbasie immoreel en die oorsaak van onder andere aknee en swaksinnigheid is (Louw *et al.*, 1984:356). In die lig van hierdie konflikterende oortuigings het die beoefening van hierdie aktiwiteit 'n verskeidenheid reaksies tot gevolg. Diegene wat masturbeer is geneig om nie maklik die beoefening van die aktiwiteit te erken nie en ongeveer tien persent ervaar skuld en depressiewe gevoelens daaroor (DeLora *et al.*, 1981:298). Dit blyk egter tog dat twee derdes van Amerikaanse kollegestudente wat masturbeer, emosionele, maar geen fisiese genot daaruit put nie (Arafat & Cotton, 1974:303). In 'n Suid-Afrikaanse opname is bevind dat van die ouer vroulike respondente wat wel masturbeer, tien persent altyd skuldgevoelens daaroor ervaar (Olivier, 1987:157).

Die algemene houding teenoor homoseksualiteit as onaanvaarbare praktyk het verslap, maar word meer verdoem deur veral diegene wat ouer is, minder akademiese opleiding het en hul self as godsdienstig beskryf (Glenn & Weaver, 1979:117). Homoseksuele mans en vrouens is vandag meer openhartig oor hulle seksuele oriëntasie. Verskeie goed funksionerende homoseksuele verenigings is reeds in die VSA gestig, wat in

sommige gevalle selfs deur die lede se ouers ondersteun word (Penrod, 1983:237). Sedert 1973 beskou die APA (American Psychiatric Association) homoseksualiteit ook nie meer as 'n psigiese versteuring nie. Die voorkoms van VIGS in die laaste dekade en die algemene assosiasie daarvan met homoseksualiteit, het egter negatiewe houdings teenoor dié praktyk weer laat ontvlam (Deaux & Wrightsman, 1988:282).

Voorhuwelike seksualiteit is nie 'n nuwe tendens nie, maar geniet in hierdie seksuele era meer aandag weens die oënskynlike hoë voorkoms daarvan. Tydens puberteit ontwikkel die adolessent tot seksuele wasdom. Dit is dan ook gedurende hierdie tydperk dat heteroseksuele kontak ontwikkel en toeneem. In teenstelling met die ouers wat seksuele gedrag beperk en voorskryf, is die portuurgroep voorstanders van seksuele eksperimentering, en hou die media 'n prentjie van ongekende ekstase voor wat die jongmens noodwendig in 'n konfliktsituasie plaas. Terwyl die waardes wat die ouers oordra, dikwels standhoudend is (Papalia & Olds, 1987:453), het Brittain (1963:389) bevind dat die waardeoordeel van die portuurgroep dié van die ouer sal oorskry in besluite en situasies met korttermyngevolge waarin die individu se status in die portuurgroep geraak word. By morele dilemmas en besluite is daar weer 'n groter ooreenkoms met die ouer se waardes.

Waar voorhuwelike geslagsgemeenskap dekades gelede slegs vir 'n klein persentasie van Amerikaners aanvaarbaar was, was die syfer gedurende die sewentigerjare so hoog as 50% van die volwasse populasie. In 'n opname gedoen deur 'n Suid-Afrikaanse vrouetydskrif, in samewerking met die RGN, was minder as een derde van alle Suid-Afrikaanse vroue in 1986 gekant gewees teen voorhuwelike seks (Olivier, 1987:150). By adolessente word voorhuwelike seksualiteit meestal deur ouers afgekeur. Waar die jónger adolessent daarvan wegstroom, kom voorhuwelike seks meer algemeen in ernstige verhoudings in laat adolessensie voor. Adolessente verleen oor die algemeen voorkeur aan 'n ernstige, intieme

verhouding van onbepaalde duur. Seksuele aktiwiteite in hierdie verhouding geskied met die goedkeuring van albei, maar met die voorbehoud dat een party nie ten koste van die ander benadeel word nie. In teenstelling met bloot wedersydse aangetrokkenheid of verliefdheid het Nutt en Sedlacek (1974:374) bevind dat Amerikaanse vroulike eerstejaarstudente intense emosionele betrokkenheid tussen man en vrou as voorvereiste stel voordat gemeenskap kan plaasvind. Slegs 11% van die vroue, teenoor 45% eerstejaarmans, vereis slegs 'n graad van aangetrokkenheid vir die beoefening van gemeenskap. Waar 37% van Amerikaanse vroulike studente gemeenskap gehad het sonder enige emosionele verbintenis, is die syfer by die manlike studente so hoog as 78%. Van die vroulike respondente in die genoemde veelrassige Suid-Afrikaanse opname, het slegs 15% liefde as rede vir hulle eerste voorhuwelikse seksuele ondervinding gegee, terwyl 12% hul maagdelikheid uit nuuskierigheid verloor het (Olivier, 1987:41).

Dit blyk dat veranderende houdings nie alleen buitehuwelikse seksuele praktyke nie, maar ook seksualiteit binne die huwelik, beïnvloed het. Dié verandering kom veral onder die jonger Amerikaanse geslag voor waar vrouens seksueel meer aktief is ter ondersteuning van die nuwe vroulike seksualiteit (DeLora et al., 1981:318). Kon (1987:265) dui egter aan dat dit nie in Oos-Europa die geval is nie, wat aan kulturele faktore toegeskryf kan word.

Die ou dubbelstandaard wat meer seksuele vryheid aan die man verleen, is ook aan die verdwyn, met kleiner verskille in seksuele oortuigings tussen die geslagte. Die vrou poog nie meer om seksuele toegewings te maak in ruil vir die guns of liefde van die man wat sy in die oog het nie. Mans buit die vrou hedendaags in 'n mindere mate uit om haar ook nie later so geredelik as "maklik" uit te kryt nie. Dit wil voorkom asof die hedendaagse voorhuwelikse seksualiteit eerder op die mate van liefde en toegeneentheid in 'n verhouding berus. Ten spyte van die veranderde houdings word daar oor

die algemeen nog van die vrou verwag om die graad van intimiteit in die verhouding te bepaal (Louw *et al.*, 1984:357) en pas sekere ouers strenger seksuele standaarde op hulle dogters as hulle seuns toe (Haveman & Lehtinen, 1986:143).

Nie alleen het die veranderde waardes geslagsgemeenskap beïnvloed nie, maar ook die gedrag wat daartoe lei. Sogenaamde "petting" of intieme liefkosing het na die Eerste Wêreldoorlog gewildheid begin verwerf. Dié aktiwiteit word gesien as plaasvervanger vir koïtus en is 'n poging om die kuisheidsideaal na te streef (Caplow *et al.*, 1985:210). Hierdie intense vorm van liefkosing wat stimulasie van die genitalieë kan insluit, sonder dat gemeenskap plaasvind, blyk ook meer gewild en algemeen te wees by persone met gevorderde opleiding, soos studente (Schmidt & Sigusch, 1971:97). Uit gevallestudies blyk dit dat Suid-Afrikaners met 'n konserwatiewe agtergrond hulle tot intieme liefkosing wend in 'n poging om die kuisheidsideaal voorhuweliks na te streef (Olivier, 1987:11).

#### 2.2.2 Seksuele gedrag.

Alhoewel skrywers van mening is dat houdings uitgespreek ten opsigte van seksualiteit nie altyd met die waarneembare gedrag ooreenstem nie (Deaux & Wrightsman, 1988:277; Wrightsman, 1977:201; Zuckerman, 1976a:74), is seksuele gedrag oor die algemeen meer permissief as vroeër.

Dit blyk dat 'n groot hoeveelheid van mans en vroue in die VSA al tot op die punt van orgasme gemasturbeer het. Meer vroue as mans bereik orgasme deur masturbasie, alhoewel die intensiteit daarvan nie met koïtus kan vergelyk nie (Arafat & Cotton, 1974:300). In Suid-Afrika, soos ook elders, word masturbasie soms bo gemeenskap verkies om 'n orgasme te bereik, aldus Olivier (1987:128).

In teenstelling met die meer toegeeflike houding teenoor homoseksualiteit, wil dit lyk asof die werklike voorkoms

daarvan nie deur die sogenaamde "seksuele rewolusie" geraak is nie. Resultate van opnames gedoen oor homoseksualiteit in 1974, verskil weinig van dié wat in 1948 deur Alfred Kinsey verkry is (Baron & Byrne, 1984:571; Deaux & Wrightsman, 1988:276). In 1985 het die RGN 'n hoër persentasie biseksuele Suid-Afrikaners (11,8%) as die 5,9% homoseksuele persone uit albei geslagte aangetref (Olivier, 1987:83).

Die tendens van ongetroude paartjies wat saambly, het in die laaste paar jaar 'n skerp toename getoon. In die VSA geniet veral saambly onder studente die aandag van die samelewing waar die voorkoms daarvan tussen 1960 en 1970 meer as verdubbel het (Esterhuyse, 1980:82). Saamblypaartjies is gewoonlik jonger as dertig en huldig nie sterk godsdienstige oortuigings nie. In so 'n verhouding, wat soms as 'n oefenhuwelik bestempel word, bestaan daar sterk gevoelens van liefde en toegeneentheid (Penrod, 1983:239). Hierdie reëling is nie altyd die voorspel tot 'n huwelik nie, alhoewel die vroue, meer as die mans in so 'n verhouding, geneig is om die moontlikheid van 'n huwelik te oorweeg (Haveman & Lehtinen, 1986:148; Jackson, 1985:254). Ten spyte van die hoë voorkoms van kohabitasie is Middlebrock (1980:373) egter daarvan oortuig dat hierdie tendens nie die instelling van die huwelik bedreig nie.

Waar kontak tussen adolessente seuns en dogters vroeër jare as "onskuldig" bestempel kon word, kom seksuele verhoudings vandag op 'n vroeër ouderdom voor en is die aard van die liefkosings intiemer (DeLora et al., 1981:300). Heteroseksuele geslagsgemeenskap onder vroeë adolessente is meer ongewoon as intieme liefkosing ("petting") (Schoof-Tams, Schlaegel & Walczak 1976:356-357). Alhoewel alle adolessente nie seksueel ewe vinnig ontwikkel nie, is DeLora et al. (1981:300) van mening dat bykans alle jong volwasse nes op twintigjarige ouderdom reeds die een of ander vorm van liefkosing ervaar het.

Liefkosing in die Westerse samelewing kan verskeie vorms aanneem en staan gewoonlik in verband met die aanwesigheid van liefde of toegeneentheid en duur van die verhouding. Die graad van intimiteit volg nie altyd 'n vaste patroon nie en nie alle paartjies sal met alle liefkosingsvorme eksperimenteer nie. Die mees algemene, soen, kom gewoonlik in die vroeë stadiums van 'n verhouding voor. Dit kan uitbrei na die oopmondsoen waar die tonge kontak maak en vorder soms na stimulering van die geklede of ontblote vroulike bors. Sommige paartjies sal verder eksperimenteer tot en met die stimulering van die ontblote manlike en vroulike genitalieë tot op die punt van orgasme, sonder dat gemeenskap plaasvind (DeLora et al., 1981:300; Caplow et al., 1985:212). Waar orale stimulering wel hier voorkom, verkies meer vroue as mans fellasie en kunnilingus bo geslagsgemeenskap (Curran, 1975:190).

Vanweë morele redes verlaat baie paartjies hulle op intieme liefkosing en vermy geslagsgemeenskap. Die term tegniese maagd ("demi-vierge") word dikwels hier gebruik om te verwys na die vrou wat seksueel ervare is, maar nog nie geslagsgemeenskap gehad het nie (DeLora et al., 1981:301). Volgens Wrightsman (1979:201) handhaaf vroue wat hulle vir die mees intieme liefkosing ("heavy petting") inlaat, meer permissiewe standaarde ten opsigte van seksuele aktiwiteite vir hulleself en hulle vriendekring. Terwyl die meeste ouers intieme liefkosing afkeur, beklemtoon voorstanders daarvan die belangrikheid van liefkosing om seksuele rypwording te bereik en latere seksuele aanpassing te vergemaklik (DeLora et al., 1981:302).

In voorhuwelikse en buitehuwelikse seksualiteit is daar ook veranderings te bespeur. Met die verdwyning van die dubbelstandaard het vroulike seksuele gedrag veel nader aan dié van die man beweeg. Vroue is vandag meer geredelik tot seks bereid en hul vroeëre passiewe gedrag is deur seksuele selfgeldig vervang (DeLora et al., 1981:307; Haveman & Lehtinen, 1986:143). Waar minder as 'n kwart van ongetroude

vroulike kollegestudente in die VSA in 1938 al geslagsgemeenskap gehad het, het die syfer in die sewentigerjare gestyg tot meer as 70%. Die persentasie manlike studente met seksuele ervaring (55%) in 1948 het in die sewentigs maar net gestyg tot bo 70% (Hopkins, 1977:76,83). In teenstelling hiermee het Amod en Shmukler (1986:25) in 'n steekproef onder 16 tot 17-jarige Suid-Afrikaanse Indiëradollesente slegs 4% vroulike proefpersone met seksuele ervaring teenoor die 48% manlike proefpersone met gelykwaardige ervaring aangetref. In 'n ander opname gedoen deur 'n Suid-Afrikaanse vrouetydskrif in 1986, het 89% van die ongetroude vroue uit alle rasse reeds gemeenskap gehad (Olivier, 1987:69). Weens die aard van die studie, is hierdie syfer nie werklik verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse bevolking nie, maar kan dit tog op 'n tendens dui. Dié tendens word op sy beurt beïnvloed deur 'n toename in die getal ongetroude persone wat vanaf 1970 tot 1982 in die VSA alleen, met 75% toegeneem het (Kon, 1987:262). Die hoë egskeidingsyfer en 'n groter aanvaarding van ongetroude persone dra hiertoe by. In die lig hiervan kom dit voor asof huwelikstatus in ons tyd nie die bevrediging van seksuele behoeftes reguleer of kortwiek nie.

Wêreldwyd daal die ouderdom van seksueel aktiewe jongmense ook steeds. In 1985 is die gemiddelde ouderdom vir 'n eerste koïtale ondervinding in die VSA op 15 jaar gestel (Brunstetter & Silver, 1985:1611). Soortgelyke bevindings is deur Amod en Shmukler (1986:23) by 'n steekproef Suid-Afrikaanse Indiëradollesente gemaak. Op agtienjarige ouderdom blyk gemeenskap meer algemeen te wees. Die neiging is ook dat die frekwensie van seksuele aktiwiteit en aantal seksmaats met ouderdom toeneem. Volgens Haveman en Lehtinen (1986:146) vermeerder die aantal seksueel aktiewe studente vanaf eerstejaar- tot finalejaarvlak. Wrightsman (1977:201) voorspel weer dat waar 40% van huidige vroulike studente op twintigjarige ouderdom voorhuwelikse seksuele ervaring het, die persentasie vir dieselfde groep op vyf en twintigjarige ouderdom sal verdubbel.

Die toename in seksuele aktiwiteit het verder ook die voorkoms van ongewenste swangerskappe en geslagsiektes rekordhoogtes laat bereik. Dit is algemeen bekend dat die voorkoms van tienerswangerskappe wêreldwyd kommerwekkend toeneem. Volgens Kon (1987:265) worstel selfs die Sowjet-unie met die probleem. Soveel as een miljoen ongewenste swangerskappe kom jaarliks in Amerika voor. Ten spyte van toegeeflike aborsiewetgewings en hoë persentasies miskrame skenk tot 60% van hierdie Amerikaanse tienermeisies, wat in sommige gevalle jonger as veertien is, lewe.

Toestande in Suid-Afrika verskil nie veel nie. Volgens Todt (1991:30) het 63 blanke meisies, 1426 bruin meisies en 26 swart meisies wat jonger as 16 jaar was, in 1987 by die Tygerberg hospitaal in Kaapstad lewe geskenk. Uit die totale getal Suid-Afrikaanse moeders wat in 1986 lewe geskenk het, was 7% blanke tienermoeders, 14,5% Kleurling tienermoeders en 9,5% Asiër tienermoeders (Todt, 1991:27). Meer as 75% van dié geboortes het buite-egtelik plaasgevind. In 1985 is 2300 buite-egtelike swangerskappe in Wes-Kaapland alleen aangemeld (Todt, 1991:11). Suid-Afrikaanse wetgewing ten opsigte van aborsies is ook nie volkome toereikend nie. Daar word geraam dat daar tot soveel as 200 000 onwettige aborsies jaarliks in Suid-Afrika uitgevoer word. Daarenteen is daar slegs 320 wettige aborsies in 1985 op vroue tussen die ouderdomme van 15 en 24 jaar uitgevoer (Todt, 1991:13). 'n Gedwonge huwelik bied ook nie die gewenste oplossing vir 'n tienerswangerskap nie. Benewens die feit dat tiener-egpare dikwels nog ekonomies van hul ouers afhanklik is, word hulle weens omstandighede genoodsaak om hulle skoolopleiding te staak. Tienerhuwelike toon dan ook 'n hoë egskeidingsyfer. 'n Enkel tienermoeder word onder swaar druk geplaas wanneer sy ekonomies en sosiaal alleen die mas moet opkom en die baba sonder 'n vaderfiguur moet opvoed (Mitchell, 1971:34). Allerweë word die skuld voor die deur van die ouers gelê. Dit blyk dat hulle dikwels ontoereikende of geen geslagsvoorligting aan hulle tienerkinders gee nie (De Beer, 1987:23;

Kruger, 1986:52; Reiss, 1976:48). Tieners het daarom ook nie die vrymoedigheid om hul ouers om meer inligting te nader nie.

Hoewel die eerste veneriese siektes reeds so vroeg as 1500 voor Christus aangemeld is (DeLora et al., 1981:244) neem die omvang daarvan steeds toe. Die mees algemene en bekende is gonoree en sifilis. In die sewentigerjare is tot soveel as 25 000 gevalle jaarliks in die VSA aangemeld (DeLora et al., 1981:247), waarvan meer as die helfte by adolessente en jong volwassenes voorgekom het (Kiestler, 1982:686). Sedert die begin van die tagtigerjare is die mees gevreesde geslagsiekte egter die dodelike Vigsvirus. In die tydperk vanaf 1982 tot 1989 het daar alreeds 132 van die meer as 260 aangemelde gevalle in Suid-Afrika aan die siekte beswyk (Naude, 1989:7). Die voorkoms van die virus het reeds diepliggende sosiale implikasies vir alle beoefenaars van seksuele gedrag meegebring. Die klem moet egter weereens op voorligting geplaas word om as effektiewe teenvoeter vir die virus te dien.

'n Verdere interessante waarneming is gemaak wat die besoeke van mans aan prostitute betref. Die voorkoms van hierdie verskynsel het die afgelope paar dekades aansienlik afgeneem (Wrightsmann, 1977:201). Mans is vandag, weens die verdwyning van die dubbelstandaard, meer geneig om hul eerste seksuele ervaring met 'n vriendin of kennis as met 'n prostituut te hê. Die voorkoms van ontrouheid in die huwelik het ook nie veel oor die dekades verander nie. In 1974 het ongeveer 'n derde van alle getroude mans en 'n kwart van alle getroude vroue in Amerika aanduidings van buitehuwelikse seksuele ervarings gegee. Hierdie bevindings stem ooreen met dié van Alfred Kinsey in 1948. Die tendens kom vandag egter vroeër in die huwelik voor as destyds, met jong vroue onder vyf en twintig wat al meer ontrou is (Hunt soos aangehaal deur DeLora et al., 1981:367).

### 2.2.3 Fisiologiese opwekking.

Volgens Walen en Roth (1987:338) speel die brein 'n leidende rol by die fisiologiese opwekkingsproses: "our most significant sex organ is not between our legs, but between our ears: the cognitive activity of the brain can quickly either augment or inhibit a sexual response cycle." Hierdie responsreaksie behels eerstens die waarneming van 'n seksuele stimulus. Afhangende van die omstandighede kan een of meer sintuie daarby betrokke wees. Die stimulus lei tot fisiologiese opwekking en die individu se bewuswording daarvan wat uiteindelik tot seksuele gedrag lei. Die gewaarwording van die stimuli en daaropvolgende bewuswording word telkens op bewuste of onbewuste vlak deur die persoon geëvalueer. Sou die vrou byvoorbeeld die gewaarwording van haar gesmeerde vagina negatief evalueer, en as onwelriekend beskou, sal die opwekkingsproses gestaak word en die liggaamsprosesse na normaal terugkeer.

Alle seksuele stimuli prikkel nie noodwendig elke individu nie. 'n Persoon se erotiese respons, dit wil sê die onderdrukking of opwekking van seksuele begeerte, is die resultaat van die individu se skema (ook bekend as "sexual script") van wat die korrekte optrede sou behels. Volgens kognitiewe en sosiale leerteoretici word hierdie uitkyk op seksualiteit beïnvloed deur: ervarings en fantasieë uit die verlede; die invloed van die portuurgroep; opvoeding deur ouers binne kulturele verband; kulturele taboes; selfbeeld en geslagsverskille (DeLamater, 1987b:250; Llewelyn-Jones, 1985:39). Geslagsverskille in die opwekkingsproses behels nie alleenlik biologiese verskille nie, maar ook verskille wat die resultaat is van kulturele invloede. Mans word byvoorbeeld makliker deur visuele stimuli geprikkel en opgewek, terwyl vroue gewoonlik makliker 'n seksuele verhouding met 'n man aanknoop waarmee sy alreeds 'n emosionele verbintenis het (Cloyd 1976:296). 'n Vrou se menstruele siklus speel ook 'n belangrike rol in haar responsreaksie. Sommige vroue ervaar 'n toename in seksuele begeerte net

voor menstruasie, ander tydens die periode en sommige in die middel van hul siklus (Llewellyn-Jones, 1985:41). Emosionele probleme en spanning (Jehu, 1979:45), die teenwoordigheid van alkohol of dwelms in die liggaam (Wrightsman, 1977:207) en hoë ouderdom (Bancroft, 1987:414) is verdere faktore wat die geslagsdrif en respons siklus van sowel man as vrou negatief kan beïnvloed.

Die emosionele opwinding veroorsaak deur die "regte" stimulus op die "regte" tyd lei tot die fisiologiese opwekkingsproses. Die vroeë stadium van die proses word gekenmerk deur verhoogde hartklop, bloeddruk, veltemperatuur, spierspanning asook vinnige asemhaling. In die daaropvolgende fases ervaar die man 'n ereksie wat met voltoering van die seksdaad op ejakulasie uitloop. Die liggaamsprosesse keer daarna na normaal terug. Die opwekkingsfase by die vrou is die eerste van vier fases, gevolg deur die platofase, orgasme tydens die seksdaad en die resoluiefase waarna die liggaam na normaal terugkeer. Die kwessie van die vroulike orgasme was vir jare 'n omstrede besprekingspunt na die beweringe van Freud dat die vaginale orgasme, na aanleiding van die gestimuleerde liggaamsdeel, meer verhewe en volwasse as die kittelaarorgasme sou wees. Deur intensiewe navorsing het Masters en Johnson die stelling verkeerd bewys, en word daar vandag nie meer 'n onderskeid gemaak nie (DeLora *et al.*, 1981:48).

Op biologiese vlak is die seksentrum van die brein in die limbiese sisteem geleë. Die sisteem bestaan uit die talamus en hipotalamus, wat op hulle beurt motivering en emosie beheer. Die seksentrum bestaan verder uit 'n verskeidenheid neurale sentrums en vertakkings. Aktiverings- en inhiberingsentra is ook al in hierdie area deur navorsers geïdentifiseer (Hatfield & Rapson, 1987:265).

Stimuli soos seksuele fantasieë veroorsaak impulse vanaf die sentrale sensuweestelsel wat tot 'n verskeidenheid van fisiologiese reaksies lei, waaronder die afskeiding van

seksuele hormone en uitsetting van die slagare wat die genitale areas van bloed voorsien. Die hipotalamus beheer die pituïtêre klier se afskeiding van die sekshormone (Goldensen, 1984:675). Die sekssentra is ook deur neurone gekoppel aan die brein se plesier- en pynareas. 'n Genotvolle ervaring soos seksuele opwekking stimuleer die brein se plesiersentra, wat op sy beurt endorfien afskei en 'n euforiese gevoel tot gevolg het. Ter wille van oorlewing gee die brein egter voorkeur aan die pynsentrum. Sou 'n individu 'n seksuele maat met pyn assosieer, is die teorie dat 'n hormoon soortgelyk aan endorfien afgeskei word en die seksuele begeerte afneem (Kaplan, 1979:12).

Volgens Kaplan (1979:12) is die feit dat kognisies so 'n invloed op seksuele gedrag het 'n aanduiding dat daar ook verbindings met die korteks, die deel betrokke by denkprosesse en geheue, moet wees.

Die brein speel nie alleenlik 'n rol in pyn en plesier geassosieer met seksuele gedrag nie, maar is betrokke by die uitvoering van toepaslike seksuele gedrag. Aangrensend aan die hipotalamus is die serebrum, waar amigdala afgeskei word. Hierdie amandelvormige massa grysstof speel 'n belangrike rol in die diskriminering van sosiale en omgewingsfaktore. Deur die inhiberende invloed van amigdala op die pituïtêre klier se afskeiding van sekshormone word ontoepaslike seksuele gedrag voorkom (Saunders & Reese, 1986:258).

Dit blyk dus dat 'n persoon slegs van 'n emosie soos seksuele begeerte bewus gaan wees wanneer die neurochemiese en outonemiese prosesse eie aan die emosie plaasvind. Kognitiewe faktore soos seksuele persepsie bepaal hoe hierdie fisiologiese veranderinge geëtiketteer word en hoe intens die emosie ervaar word (Hatfield & Rapson, 1987:262).

### HOOFSTUK 3 TEORETIESE PERSPEKTIEWE.

Benewens mediese beskouinge oor seksualiteit uit die agtiende en negentiende eeue, was Freud waarskynlik die eerste om 'n omvattende psigologiese model daarvoor op te stel. Ná hom het ander gevolg, sodat seksualiteit vandag vanuit 'n verskeidenheid gesigspunte beskou kan word.

#### 3.1 Die psigoanalitiese beskouing.

Freud was die eerste persoon wat die mens as seksuele wese beskou het, 'n siening wat skokgolwe deur die Victoriaanse samelewing gestuur het (Deaux & Wrightsman, 1988:272). Volgens hom word die mens deur twee drange beheer - die lewensdrang (Eros) en die destruktiewe of doodsdrang (Thanatos). Die lewensinstink bestaan op sy beurt uit egodrange en seksuele drange. Die seksuele drange het te doen met die voortbestaan van die individu en sluit behoeftes aan byvoorbeeld voedsel en suurstof in. Egodrange, in teenstelling met seksuele drange, is nie gekoppel aan streng morele reëls wat tot skuldgevoelens aanleiding kan gee nie en skep dus min of geen psigiese probleme vir die individu nie (Louw et al., 1984:110).

Die menslike persoonlikheid bestaan uit 'n id, ego en super-ego. Die id word in die onbewuste gehuisves en is ingestel op onmiddellike drangbevrediging. Die superego funksioneer as gewete en morele monitor wat toesien dat die reëls van die samelewing nagekom word. Die ego funksioneer op die vlak van beide die id en superego en streef daarna om die wense van die id te bevredig met inagneming van realiteitsbeginsels (DeLora et al., 1981:44). Die superego ontwikkel tydens die vroeë kinderjare uit die waardes wat vanaf die ouers en samelewing oorgedra en dan geïnternaliseer word. Naas die id, word die superego as die meester van die ego beskou. Sy doelstelling is nie alleen die uitstel van instinkte nie, maar morele perfeksie,

deurdat hy poog om die instinkte volkome te inhibeer. Vrees vir bestraffing as gevolg van 'n sterk superego lei nie alleen tot angs en skuldgevoelens (morele angs) nie, maar ook tot vermyding van dade of wense wat in stryd met die geïnternaliseerde waardestelsel is (Möller, 1980:24-25).

Volgens Freud ontluik seksualiteit nie eensklaps tydens puberteit nie. Puberteit is slegs 'n stap in die seksuele ontwikkelingsproses wat reeds tydens die babajare begin. Seksuele ontwikkeling en die konflikte wat daarmee gepaard gaan word gesien as 'n universele verskynsel wat nie deur kulturele grense beperk word nie (Deaux & Wrightsman, 1988:279). In die verskillende ontwikkelingsstadia is verskillende liggaamsdele of erogene sones dan ook die bron van seksuele energie, spanning en genot. Die ontwikkelingsstadia word verdeel in die pregenitale, latente en genitale stadiums.

### 3.1.1 Pregenitale stadium.

Tydens die orale fase, die eerste van drie in die pregenitale stadium, is die mond die bron van seksuele energie en genot. Seksualiteit word op hierdie ouderdom beskryf as outoëroties, op die self gerig: "no one who has seen a baby sinking back satiated from the breast and falling asleep with flushed cheeks and a blissful smile can escape the reflection that this persists as a prototype of the expression of sexual satisfaction in later life" (Freud soos aangehaal deur Ewen, 1984:34).

Hierdie fase, wat prominent is gedurende die eerste lewensjaar, word normaalweg tydens die tweede lewensjaar deur die anale fase opgevolg. Op hierdie ouderdom is die kind in staat om sy uitskeidingsfunksie te beheer. Hy put dan ook seksuele genot daaruit. Die jong kind kan hom nie grensloos verlustig in die bevrediging van sy seksuele drange nie. Die reëls van die samelewing keur duimsuig af en moedig toiletonderrig aan. Sou die jong kind te veel

gefrustreer word deurdat hy nie sy orale of anale drange kan bevredig nie, kan fiksasie meegebring word, sodat oraal-seksuele gedrag op hoër ouderdomme nog kan voorkom (Louw et al., 1984:112). Freud is dan ook oortuig daarvan dat die basiese persoonlikheid en seksualiteit van die individu, juis as gevolg van hierdie konfliktsituasie, op 'n baie vroeë ouderdom bepaal word (DeLora et al., 1981:46).

Op ongeveer driejarige ouderdom verskuif die seksuele drange na die geslagsdele. Tydens hierdie stadium, bekend as die falliese fase, word seksuele bevrediging deur genitale stimulering (masturbasie) verkry. Volgens Freud word die seun nou sy moeder se minnaar wat haar seksueel begeer en terselfdertyd sy vader haat en kastrasieangs ervaar (die sogenoemde Oedipuskompleks). In Freud se beskrywing van die hantering van hierdie kompleks onderskei hy vir die eerste keer tussen manlike en vroulike seksualiteit (Deaux & Wrightsman, 1988:279).

### 3.1.2 Latente fase.

Op die falliese fase volg die latente fase wat tot en met puberteit strek. Seksuele impulse word op hierdie ouderdom deur sublimasie gekanaliseer deur die werking van moraliteit, skaamte en skuldgevoelens, aldus DeLora et al. (1981:47).

### 3.1.3 Genitale fase.

Fisiologiese veranderinge by die individu en die verskuiwing na volwasse seksualiteit vind tydens puberteit plaas. Seksuele voorkeure wat prominent raak tydens volwassenheid word nou reeds gemaak, maar is volgens Freud afhanklik van onderdrukte infantiele seksualiteit (DeLora et al., 1981:47). 'n Toename in seksuele drange tydens puberteit versteur verder die fyn balans tussen die id, ego en super-ego. Onmiddellike drangbevrediging volgens die eise van die id kom in konflik met die sosiale reëls wat die superego

gehoorsaam. Vroeë emosionele konflikte, soos die Oedipus-kompleks, steek ook weer sy kop uit as gevolg van die toename in seksuele drange. Om die balans in die persoonlikheidsstruktuur te herstel en die konflik op te los, is dit nodig dat hierdie drange soos tydens die kinderjare, beheer moet word (Louw et al., 1984:344).

Volwasse seksualiteit sentreer rondom genitale bevrediging en nie die hele liggaam nie. Volwasse genitale funksionering word van die outoseksuele falliese fase onderskei deurdat genitale bevrediging nie alleen op die self gerig word nie, maar wederkerigheid en intimiteit tussen twee mense behels (Ambron, 1981:9). In volwasse seksuele funksionering onderskei Freud tussen die seksuele objek en die seksuele doel of tipe bevrediging wat nagestreef word. Slegs genitale seksuele gemeenskap met 'n nie-verwante persoon van die teenoorgestelde geslag word deur Freud as normaal beskou. Ander seksuele aktiwiteite (buiten gemeenskap) is volgens hom aanvaarbaar as dit nie tot orgasme, die einddoel van seksuele gemeenskap lei nie (DeLora et al., 1981:47).

Alhoewel Freud se teorie hewig gekritiseer is, het dit tog ander teoretici en navorsers se sienswyses beïnvloed en vorm dit vandag die basis van sielkundige perspektiewe op seksualiteit (DeLora et al., 1981:19).

'n Opvolger van Freud, Carl Jung, sien die mens ook as gedryf deur drange (instinkte) en 'n basiese geestesenergie, wat hy libido noem. Jung verwerp egter die klem wat daar op seksualiteit geplaas word. Hy poog om seksuele terminologie wat die beskrywing van die persoonlikheidsstruktuur oorheers, in perspektief te plaas. Jung erken dat die lewensenergie wel altyd by die mens teenwoordig is. Dit is nie alleen 'n seksuele drang nie, maar veel meer en kan op verskeie maniere aangewend en gekanaliseer word om behoeftes te bevredig: "An individual could repress spiritual needs and be

consciously sexual just as she or he could repress sexual needs and be consciously spiritual" (Jung, 1972:20).

### 3.2. Die behavioristiese perspektief.

In reaksie op die psigodinamiese siening van Freud, is die grondslag van die behaviorisme in 1913 deur John Watson gelê (Möller, 1980:56). Navolgers van die klassieke behaviorisme, veral 'n persoon soos Skinner, het 'n meganiese siening van die mens en sy persoonlikheid aangehang. Alle gedragsvorme, seksuele gedrag ingesluit, is beskou as die resultaat van 'n wetmatige verbinding tussen eksterne stimuli, respons en die versterking daarvan deur 'n kondisioneringsproses (DeLora et al., 1981:55). Onder aanhangers van die klassieke behaviorisme is daar aanvanklik aanvaar dat daar 'n kritieke periode vir die aanleer van seksuele gedrag bestaan. Wanneer seksuele gedrag gedurende die vroeë kinderjare deur ouers en andere afgekeur of gestraf word, kan die kind leer om seksuele stimuli met vrees te assosieer. Die gevolg is vermydingsgedrag. Positiewe versterking kan ook die aanleer van abnormale gedrag tot gevolg hê. So kan 'n rok 'n fetisjistiese objek word van 'n seun wat telkens 'n liefdevolle reaksie van sy moeder ontvang wanneer hy haar rokpante streel (Pervin, 1975:410). Die neobehavioris, Wolpe, het gedurende die vyftigerjare bogenoemde aanname gewysig. Hy het tot die slot-som gekom dat foutiewe leerprosesse, op bewustelike of onbewustelike vlak, nie tot 'n kritieke periode beperk is nie, maar gedurende enige lewensfase kan voorkom (McConaghy, 1987:289).

Deur die invloed van veral neobehavioriste soos Dollard en Miller, het daar 'n klemverskuiwing vanaf eksterne stimuli en response na interne denkprosesse plaasgevind. Hulle het naamlik begin verwys na aspekte soos drang, drangkonflik, angs en versterking (Pervin, 1975:408). Die basis vir die eerste sosiale leerteorieë is gelê deur die aandag wat hulle

aan die aanleer van gedrag deur nabootsing en die versterking daarvan in die sosiale omgewing gegee het. Bandura het op die nabootsingsteorie van sy voorgangers uitgebrei, deur te wys op die denkprosesse wat die nabootsing van 'n rolmodel vergesel. Wanneer 'n gedragspatroon van 'n rolmodel, soos ouers, waargeneem word, word dit simbolies in die denkprosesse herhaal, gekodeer en in die vorm van persoonlike reëls vir hierdie en soortgelyke gedragsvorme neergelê. Motoriese vaardighede sal bepaal of die gedragvorm, byvoorbeeld die handrughou van 'n tennisster, nageboots sal kan word. Abramson (1983:187) wys daarop dat versterking vanuit die omgewing deur ouers en vriende uiteindelik die deurslag verskaf vir die persoon om die gedrag uit te voer. Bandura (1968: 295) het in sy leerteorie veral sterk klem geplaas op die rol van die ouer as model. Hy het nie veel erg gehad aan traumatiese jeugervarings wat gedragsvorme soos homoseksualiteit en ekshibisionisme sou kon verklaar nie. Hy het ongewenste ouermodelle as die oorsaak hiervan beskou.

'n Ander sosiale leerteorie wat spesiale vermelding verdien, is dié van Rotter. Sy teorie berus op drie basiese konstrukte: die potensiaal of moontlikheid dat gedrag sal voorkom, die verwagte gevolge van 'n bepaalde optrede en die waarde wat aan die gevolge van die gedrag geheg word. Alhoewel sy teorie aanvanklik van toepassing was op 'n spesifieke situasie is dit later sodanig uitgebrei dat die teorie op gedrag in die algemeen van toepassing gemaak kon word. Sy teorie kan kortliks só verduidelik word: Die moontlikheid dat 'n seun meer aandag aan sy skoolwerk as aan sy vriende sal gee, word bepaal deur die waarde wat hy aan die gevolge, naamlik akademiese prestasie, heg. Ook berus dit op die seun se verwagting dat die moontlikhede beskikbaar, waarvan een harde werk is, wel tot prestasie sal lei. Hierdie verwagting word bepaal deur sy mislukkings en suksesse uit die verlede en sy opsomming van huidige omstandighede. Voorkeur word gegee aan die optrede wat nie alleen die meeste moontlikhede tot doelwitbereiking bied

nie, maar wat die beste kans op sukses het en die individuele behoeftes sal bevredig. Hierdie behoeftes kan wissel vanaf 'n behoefte aan erkenning of liefde tot selfs 'n strewe na onafhanklikheid.

Hierdie teorie verskil van die suiwer behavioristiese benadering deurdat daar aanvaar word dat die individu sy gedrag in 'n sosiale konteks aanleer. Deur bemiddeling van ander mense asook kognitiewe oorwegings tydens die ervaring van straf of mislukking en beloning in sosiale situasies, vind daar 'n leerproses plaas (Jessor, Graves, Hanson & Jessor, 1968:85; Meyer, Moore & Viljoen, 1988:233). Die mens is nie die slaaf van sy omgewing of drange nie, maar maak sy eie keuses na aanleiding van sy eie opsomming van die situasie waarin hy hom sou bevind. Alhoewel die sosiale leerteorie 'n baie logiese verklaring van menslike gedrag bied en as waardevol beskou word, is Meyer et al. (1988:253) van mening dat die teorie nog sy kinderskoene moet ontgroeï. Daar word gevolglik gewag op verdere ontwikkelinge, veral wat die interaksie tussen genetiese en omgewingsfaktore betref.

'n Aspek waaraan weldra meer aandag geskenk sal word, is die model van moreel aanvaarbare gedragsspatrone gebaseer op Rotter se bevindinge. Op grond van Rotter (1971:59) se bevindinge het Mosher die aanname gemaak dat daar 'n duidelike verband bestaan tussen die individuele verwagtinge oor sy gedrag en aspekte soos skuldgevoelens en vrees vir straf. 'n Ander baie belangrike uitvloeisel van die sosiale leerteorie en Rotter se beskouing van die verwagtingsbegrip is die konsep, lokus van kontrole. Dié konsep kom daarop neer dat individue met verloop van tyd een van twee interpretasies oor hul gedrag maak. Daar is diegene wat glo dat hulle beheer oor hulle eie lewe kan uitoefen omdat wat met hulle gebeur die gevolg van hulle eie gedrag is. Dit word genoem interne lokus van kontrole. Ander weer glo dat hulle geen beheer oor hulle lewens het nie omdat die noodlot, geluk, blote toeval of invloedryke persone hulle gedrag

beïnvloed, met ander woorde 'n eksterne lokus van kontrole. Dié konsep is veral waardevol wanneer dit in breër verband beskou word, aangesien daar 'n verband tussen hierdie siening en bepaalde persoonlikheidskonstrukte bestaan. Persone met 'n eksterne lokus van kontrole is makliker beïnvloedbaar, terwyl 'n interne lokus daarenteen verband hou met hoë prestasie-motivering (Mischel, 1976:459; Phares, 1984:505).

Ten slotte 'n paar opmerkings oor behaviorisme. Die diereryk het in die verlede as waardevolle bron van inligting vir veral die klassieke behaviorisme gedien. Alle aannames aangaande die dier kan egter nie sonder meer op die mens van toepassing gemaak word nie. Instinktiewe seksuele gedrag is prominent in die diereryk. In diens van voortplanting word seksuele gedrag instinktief uitgevoer. Die gedragsvorme en seksuele siklus wat die gedrag rig, verskil egter van spesie tot spesie (Baron & Byrne, 1984:574; Deaux & Wrightsman, 1988:279). Waar behavioristiese leerbeginsels gegrond is op eksperimentele navorsing met diere (Möller, 1980:82) kan beginsels gegrond op seksuele gedrag by diere nie sonder meer op die mens toegepas word nie. In die diereryk word die mannetjie seksueel geprikkel deur 'n spesifieke reuk wat die wyfie afgee. Deur 'n keuringsproses word daar ook aan die sterkste en mees aansienlike mannetjie voorkeur gegee om die voortbestaan van 'n sterk nageslag te verseker. Die mens verskil egter. Baron en Byrne (1984:576) het bevind dat 'n welriekende reuk by die mens, deur die gebruik van parfuim, nie seksuele aantrekkingskrag verhoog nie. Die fisieke voorkoms egter speel 'n belangrike rol om seksuele aantreklikheid te verhoog (Wrightsman, 1977:204) en dra by tot 'n groter voorkoms van seksuele aktiwiteite (Kaats & Davis, 1970:395). Baron & Byrne (1984:579) benadruk egter die feit dat fisieke aantreklikheid die resultaat is van 'n kulturele oortuiging wat op 'n bepaalde plek en tyd geld.

### 3.3 Die humanistiese en eksistensiële perspektief.

Uit die behaviorisme en psigoanalise het daar 'n verskeidenheid denkrigtings ontwikkel. Van dié groepe, naamlik die humanistiese en eksistensiële denkrigtings, sien seksualiteit as onderdeel van persoonlikheid. Hulle beskou seksualiteit nie as die oorsaak van die menslike bestaan nie, maar as 'n resultaat daarvan.

In die eksistensiële psigologie is die terme "Dasein" en "wil" van belang. Dasein verwys na 'n bewuste en onbewuste wete van die self as 'n onderskeibare, outonome en verantwoordelike entiteit wat in hierdie wêreld bestaan. Vir gesonde persoonlikheidsfunksionering word 'n sterk Dasein as noodsaaklik beskou.

Die wil verwys weer na die vermoë om doelstellings wat deur die self gestel is, na te streef (Ewen, 1984:406). Volgens die eksistensialis, Rollo May, blokkeer hedendaagse sieninge oor seksualiteit selfverwesenliking. Die moderne mens ervaar soveel angs, kommer en skuldgevoelens oor ontoereikende seksuele prestasie dat 'n mislukking op seksuele gebied kan lei tot 'n veralgemeende siening van die self as 'n mislukking. Daarby laat die moderne gemeganiseerde beskouing oor seksualiteit nie ruimte vir die ervaring van hartstog nie. Volgens May lê die oplossing van hierdie probleem in die herontdekking van die wil en Dasein. Ook moet eros, die strewe om met ander verenig te word, weer met hartstog verenig word (Ewen, 1984:410). Gesonde, volwasse seksualiteit word as potensieel waardevol beskou. Die waarde hiervan lê in die fundering van 'n betekenisvolle selfidentiteit, deur bewuswording van die self, die ervaring van teerheid en samehorigheid en die verdrywing van eensaamheid. Die seksuele klimaks word as die hoogtepunt van eenheid beskou: "(it) unites the pair in a transcendent consciousness that makes them one with nature" (DeLora *et al.*, 1981:57).

Die humanistiese skool plaas die klem op die strewe na selfverweseningliking waarin liefde en seksualiteit sentraal staan. Volgens die humanis Abram Maslow, vorm liefdevolle seksualiteit die basis van volwasse, selfaktualiserende intimiteit. Soos Maslow, glo Erich Fromm dat die mees verheve vorm van volwasse seksualiteit nie berus op erotiese aantrekking nie, maar gevind kan word by diegene wat 'n gevoel van besorgdheid en intimiteit deel. Hy gaan van die standpunt uit dat menswees gekenmerk word deur 'n wesenlike gevoel van eensaamheid. Teenoor onpersoonlike seksuele gedrag wat vervreem, speel intimiteit en seksuele interaksie in 'n liefdevolle en innige verhouding 'n sleutelrol in selfaktualisering deurdat dit die gevoel van eensaamheid verdryf.

Volgens Fromm word seksuele probleme veroorsaak deur 'n onvermoë om lief te hê. By die behandeling van sodanige probleme word groepterapie toegepas om van gevoelens oor die self en ander bewus te word. Baie van hierdie gevoelens is sensueel en juis daarom word die tegniek van aanraking gebruik. Volgens hierdie humanistiese beskouing word die behoefte aan aanraking, wat tydens die kinderjare onderdruk of nie bevredig is nie, met seksualiteit verwar. Geslagsgemeenskap word dan beoefen as die persoon weens vrees sy werklike behoefte, om vasgehou te word, onderdruk. Die aanleer van aanraking tydens terapie kan hierdie oortuigings in perspektief plaas. In verhouding tot die hele menswees is dit maar een aspek van die wye verskeidenheid van menslike potensiaal en aspirasies, en nie die dryfveer daaragter soos Freud dit wou hê nie (DeLora et al., 1981:61).

### 3.4 Die kognitiewe perspektief op seksualiteit.

Aanhangers van die kognitiewe perspektief verwerp ook die Freudiaanse model van 'n universele, instinktiewe seksuele dryfveer. Kognitiewe teoretici konsentreer op individuele

verskille in seksuele gedrag en verklaar dit aan die hand van kognitiewe faktore.

Victor (1980: A social psychological approach soos aangehaal deur Penrod, 1983:245) het 'n model geformuleer waarvolgens daar tydens 'n opvolgreaksie tussen erotiese respons (dit is inhibisie of opwekking van seksuele begeerte) en fisiologiese opwekking onderskei kan word. Die fisiologiese opwekkingsreaksie wat op blootstelling aan 'n seksuele stimulus, soos 'n suggestiewe foto volg, is van die opwekking of inhibering van die erotiese respons afhanklik. Op sy beurt beïnvloed die persoon se persoonlike oortuigings, soos gevorm deur sosiale kondisionering, modellering en kognitiewe leerprosesse, sy persepsie van die stimuli en dus ook sy erotiese respons. Sou die stimuli negatief beoordeel word weens 'n aangeleerde oortuiging sal die persoon sy respons "afskakel". Hy sal sy seksuele begeerte inhibeer en gevolglik nie fisiologies opgewek word nie. In hierdie seksuele opwekkingsproses speel kognisies 'n sentrale rol deurdat die stimuli en daaropvolgende reaksies deur rasionele denke beoordeel en beheer word.

Paul Abramson (1983:185) se model verskil van dié van Victor, in die sin dat 'n sentrale kognitiewe struktuur alle beskikbare inligting verwerk en seksuele gedrag so beheer. Hierdie kognitiewe struktuur word direk deur 'n persoon se seksuele oortuigings of "skema" rakende seksualiteit beïnvloed. Die "skema" is 'n samestelling van 'n verskeidenheid faktore, naamlik fisiologiese rypheid, met ander woorde ouderdom, sosiale verwagtinge, ouers se standaarde en vorige ervarings. Indirek word die kognitiewe struktuur ook deur 'n aantal interne en eksterne stimuli of "wenke" beïnvloed. Dié stimuli kan endokrinologies, fisiologies, gekondisioneer of situasioneel wees. "Wenke" soos die interne werking van hormone en die senuweestelsel en eksterne faktore soos bepaalde situasies wat permissiwiteit aanmoedig, moet noodwendig deur die kognitiewe struktuur geprosesseer word. Hiervolgens word die "wenk" of

stimulus herlei en 'n gedagtevoorstelling daarvan opgebou. Dié voorstelling het wel 'n invloed op seksuele gedrag, maar die kognitiewe struktuur kontroleer voortdurend hierdie insette om deur die seksuele "skema" finale beheer oor koverte en overte seksuele gedragsoitdrukkings uit te oefen (Deaux & Wrightsman, 1988:281). Vorige leerervarings, maar veral rasionele denke, speel weereens 'n belangrike rol en nie instink soos Freud dit beskryf het nie.

Aangesien bogenoemde teorieë aansienlik van die psigodinamiese siening verskil, geniet hulle aansienlike steun. Volgens Deaux en Wrightsman (1988:281) is daar 'n nuwe tendens onder seksuele navorsers om by die verklaring van seksuele gedrag 'n gekombineerde model van leer- en kognitiewe beginsels te gebruik. Voorlopige resultate dui daarop dat hierdie model met sukses aangewend kan word. 'n Bewys hiervan is die aanhang wat die sosiale leerteorie (wat 'n gekombineerde leer- en kognitiewe model is) geniet, 'n aanhang wat volgens Meyer et al. (1988:253) waarskynlik in die toekoms sal uitbrei.

## HOOFSTUK 4 OORSAAKLIKE FAKTORE.

Our sexual behavior is essentially the result of our attitudes toward sex, and these attitudes in turn, are a product of how we have been brought up.

Allen Fromme

### 4.1 Die invloed van die sosiale omgewing.

Seksualiteit kan nie vanuit 'n enkelvoudige benadering beskou word nie. As sosiale gedragsvorm darf seksualiteit nie losgemaak word van die invloed van die gemeenskap en alles wat daarmee saangaan nie. Samelewingsfaktore beïnvloed mekaar onderling op so 'n wyse dat 'n "spinnerak" van interafhanklike faktore gevorm word.

Volgens Amod en Shmukler (1986:21) is adolessente seksualiteit dan ook die produk van 'n komplekse psigososiale proses waaraan die jongmens onderwerp is. Sy seksualiteit moet dus binne die raamwerk van die fisiologiese, sosiale en sosio-kulturele faktore waaraan hy onderwerp is, ondersoek word. In die huidige studie word ouer adolessente en jong volwassenes betrek. Samelewingsfaktore, hulle onderlinge interaksie en die invloed daarvan op die seksualiteit van hierdie jongmense word vervolgens bespreek.

#### 4.1.1. Kulturele oortuigings.

Alle sosiale gedragsvorme word beheer en voorgeskryf deur die praktyke en verwagtinge wat op 'n bepaalde plek en tyd geld. Hierdie praktyke en verwagtinge eie aan 'n bepaalde groep mense kan losweg as 'n kultuur beskryf word. Davenport (1987:233) wys op die bestaan van 'n seksuele subkultuur wat binne 'n bepaalde samelewingsverband wenslik sou wees. Elke subkultuur veral onder die onderontwikkelde

gemeenskappe hang sy eie oortuigings aan, by name:

a) unieke definisies van wat die menslike natuur en sy seksuele potensiaal behels; b) spesifikasies aangaande geslagsverskille en die rol van die man en vrou onderskeidelik en c) verduidelikings oor hoe voortplanting dan sou plaasvind. Hieronder val byvoorbeeld die oortuiging onder die Aborigeense Tiwi van die Melville-eilande dat 'n vrou alleenlik seksueel kan ontwikkel as sy van kindsbeen af deur 'n ouer man gestimuleer word. So ook die Muria-stam van Indië wat heteroseksuele bevrediging as noodsaaklik beskou en kinders van so jonk as ses jaar laat saamslaap. Teenoor hulle staan kultuurgroeperinge van Papoea Nieu-Guinee wat seks verafsku omdat vroue, volgens hulle, mans sou besmet. Ter wille van noodsaaklike voortplanting word seks slegs verduur (Lindenbaum, 1972:248).

Inisiëringseremonies kom veral onder die volkere van Afrika en Australië voor. Hierdie kulturele praktyk word heel dikwels met die seksuele subkultuur, veral beklemtoning van geslagsverskille, geassosieer en word merendeels gekenmerk deur besnyding of skending van die genitalië. Die jong man wat hierdie beproewing en ander rituele deurgaans het, word werd geag om as man in die gemeenskap opgeneem te word. In sommige kulture dien hierdie seremonie nie as beklemtoning van manlike of vroulike aktiwiteite nie, maar dui dit eerder op seksuele volwassenheid. Dan word die vrou ook by die seremonie betrek, as deel van haar rol in die gemeenskap. Onder bepaalde groepe word "operasies" op die vrou se vagina uitgevoer. By sommige stamme in Afrika word die vagina verklein deur dit toe te werk en in gevalle word selfs dele van die klitoris verwyder. Daar word geglo dat dit reinheid meebring en as voorbereiding vir die huwelik dien (Davenport, 1987:208).

Die seksuele subkulture word in sommige gevalle ook gekenmerk deur unieke gelofies oor swangerskap en voortplanting. Groepe in Australië glo dat swangerskap die resultaat is van 'n kindgees wat die vrou binnegaan. Die man se rol by

bevrugting word verder verdraai deur 'n vaste oortuiging dat swangerskap soos 'n ontkiemende saad van 'n vrugbare baarmoeder en genoegsame semen en menstruele vloeistof afhanklik is (Davenport, 1987:212).

Danksy ontwikkeling op mediese en wetenskaplike gebied word meer ontwikkelde gemeenskappe nie deur soveel mites oor seksualiteit belas nie. Seksualiteit in hierdie gemeenskappe word tog nog deur oortuigings eie aan die kultuur gekenmerk. Daar bestaan dikwels 'n verband tussen die seksuele kultuur van 'n gemeenskap en sy religieuse oortuigings, soos byvoorbeeld Boeddhiste en Hindoes wat glo dat "coitus reservatus" heiligheid bewerkstellig (Davenport, 1987:206). Dit word algemeen aanvaar dat die tradisionele seksuele oortuigings van die Westerse samelewing, soos ons dit ken, geskoei is op die leerstellinge van die Joods-Christelike godsdiens en beïnvloed word deur Victoriaanse oortuigings (DeLora et al., 1981:13; Geer & O'Donohue, 1987:9). Seksualiteit buite die monogame heteroseksuele huwelik word in die algemeen afgekeur, maar onder Victoriaanse invloed word seks nog deur sommige persone as "sonde" beskou en is dit volgens hulle 'n onderwerp van bespreking wat liefs vermy moet word, veral waar dit die opvoeding van kinders aangaan.

Die term skuldkultuur verdien hier aandag. Die Joods-Christelike kultuur berus op die werking van 'n innerlike gewete en skuldgevoel, na oortreding van 'n Bybelsvoorgeskrewe taboe soos byvoorbeeld 'n buitehuwelikse seksuele verhouding. By die individu ontstaan 'n skuldgevoel wat gekenmerk word deur die besef van oortreding, die verwagting dat hy berispe sal word en dat hy straf vir sy oortreding verdien. Morele gedrag en kodes word dus deur die innerlike waardestelsel en gewete van die individu beheer. Die meer primitiewe gemeenskappe word deur 'n skaamtekultuur gekenmerk. Morele gesag en waardes word deur die gemeenskap afgedwing. 'n Oortreder ervaar skande en oneer deur die minagting, kritiek en spot van andere

(Thrane, 1979:146). Volgens Gilligan (1976:146) is ontwikkelde Westerse kulture 'n samestelling van 'n skaamte- en skuldkultuur. Morele kodes ten opsigte van gedrag, veral seksuele gedrag, is dus afhanklik van 'n eie innerlike stel waardes, asook die opinie van die samelewing. Die heersende kulturele oortuiging tesame met 'n godsdienstige oortuiging, indien enige, gaan in die Westerse samelewing hand aan hand.

Soos hierbo gesien handhaaf elke gemeenskap sy eie unieke seksuele standaarde. Volgens Westerse waardes geoordeel kan drie hoofgroeperinge onderskei word, naamlik 'n beperkende seksuele kultuur wat 'n verbod op enige buitewelike seksualiteit plaas, semi-beperkende kulture wat seksuele gedrag voorwaardelik goedkeur en permissiewe gemeenskappe (Murdock soos aangehaal deur Krech & Krutchfield, 1962:344). 'n Universele verskynsel wat in elk van genoemde groeperinge aangetref word is die sosiale instelling van die huwelik. Die voorkoms of aard daarvan sal noodwendig van kultuur tot kultuur verskil, maar hierdie instelling het wêreldwyd ten doel om voortplanting en seksualiteit te beheer. Alle huweliksforme behels nie altyd die lewenslange monogame getrouheid wat so eie aan die Westerse huwelik is nie. Davenport (1987:218) en Kon (1987:275) is van mening dat, behalwe die huwelik, die universele verbod op bloedskanie as dié wêreldwye reguleerder van seksualiteit dien.

Soos reeds beskryf, beleef die Westerse seksuele kultuur tans 'n oorgangsfase vanaf beperkend na semi-beperkend. Die beskouing van die beperkende kultuur berus op 'n strewe na volkome kuisheid buite die huwelik, terwyl die nuwe semi-beperkende beskouing nie so voorskriftelik is nie. Volgens Bancroft (1983:130) handhaaf die Skandinawiese en Noord-Europese lande nie meer tradisionele beperkende norme nie, terwyl sodanige waardes hul nog gedeeltelik in Brittanje en die VSA laat geld. Uit die skrale inligtingsbronne wat in Suid-Afrika beskikbaar is, wil dit voorkom asof die "maagdelikhedsnorm" tog nog as reguleerder van

voorhuwelikse seksualiteit dien (Olivier, 1987:149,150). Kulturele groepering speel weereens 'n rol, aangesien dit blyk dat meer Afrikaans- as Engelssprekendes die tradisionele waardes aanhang. Hierdie tendens kan verklaar word deur die verskynsel dat die Afrikaanssprekende tradisioneel 'n strenger opvoeding van konserwatiewer ouers ontvang. Hierdie ouers dra gewoonlik 'n meer tradisionele en godsdienstige waardestelsel aan hulle kinders oor. Amod en Shmukler (1986:25) het dan ook by 'n groep Suid-Afrikaanse Indiëradolessente 'n duidelike verband gevind tussen minder permissiewe seksuele gedrag en die navolging van tradisionele kulturele en godsdienstige waardes.

#### 4.1.1.1. Taal en die seksuele subkultuur.

Een van die hoekstene van 'n kultuur word deur sy taal gevorm. Die invloed wat die seksuele subkultuur op taalgebruik wêreldwyd gehad het, is noemenswaardig. Reeds in die Bybelse tyd is direkte beskrywings van seksuele organe en aktiwiteite vermy. Volgens Lambert (1976:364) is die gebruik van omvattende eufemismes 'n refleksie van die wyse waarop seksualiteit in daardie tyd met omsigtigheid benader is. Vandag leer seuns van jongs af om gemaklik met hulle geslagsorgane om te gaan, deurdat hulle daagliks daarmee in aanraking kom. Die vroulike geslagsorgane, daarenteen is minder opsigtelik. Menige klein dogtertjie is dikwels onbewus van die bestaan daarvan totdat sy puberteit bereik. Hierdie tendens word in die taalgebruik weerspieël deurdat nie alleen Engels nie (Bancroft, 1983:19), maar ook die Afrikaanse taal arm is aan beskrywende woorde vir veral die vroulike geslagsorgane.

Die Victoriaanse siening oor seksualiteit het ook sy invloed op die algemene taalgebruik laat geld. Die weiering vir baie jare om oor die seksuele te praat het die taal arm gelaat aan aanvaarbare en beskaafde uitdrukkings oor die seksuele. Volgens Esterhuyse (1980:25) is daar, behalwe wetenskaplike woorde soos penis en vagina, slegs platvloerse

uitdrukkinge in die omgangstaal bekend. Seksuele voorligting onder veral die Afrikaner is tot onlangs nog met die skuheid van 'n Victoriaanse benadering gelewer. Die Afrikaanse taal toon nog tekens van hierdie tendens. Teenoor die Engelse Oxford Dictionary (1981:645) wat 'n feitelike beskrywing van masturbasie gee heg die HAT (1979:684) 'n waardeoordeel aan sy beskrywing hiervan as selfbevlekking of selfbevrediging. Van die manlike waterorgan of roede, dit is die penis (HAT, 1979:828), word in die Oxford Dictionary (1981:516) 'n duidelike funksionele beskrywing gegee, wat die leser nie in die duister laat nie. Die onderlinge verwantskap tussen seksuele waardes en taalgebruik word in 'n raak beskrywing deur Walen en Roth (1987:341) saamgevat: "How can one value something one has no words for?"

Alhoewel die omgangstaal 'n skuheid ten opsigte van die seksuele openbaar, staan die Afrikaanse literatuur moontlik in 'n oorgangsfase. Die CNA-letterkundeprys vir 1989 is toegeken aan 'n bundel kortverhale *Liegfabriek* waarvan die titelverhaal handel oor die bemerking van 'n nuwe seksopkikker. Die beskrywings van karakters en situasies (Van Heerden, 1988:8,11) is nie kenmerkend van die Afrikaner se seksuele skuheid nie en kan moontlik dui op die ontwaking van 'n meer permissiewe waardestelsel ten opsigte van die seksuele.

#### 4.1.1.2 Kleredrag en die seksuele subkultuur.

Daar is aanduidings dat juis die fisieke voorkoms, en by implikasie kleredrag, hydra tot die seksuele aantreklikheid van 'n persoon (Symons, 1987:107-108).

Uit die unieke kleredragstyl van 'n bepaalde groep mense kan hulle dikwels geëien word as deel van 'n bepaalde kultuurgroepering. Kleredragreëls het gewoonlik ten doel om geslagsverskille aan te dui. Heel dikwels maak hierdie reëls egter deel uit van die subtiele seksuele kode wat deel

vorm van 'n gemeenskap se seksuele waardestelsel. Hierdie kode, wat baie kompleks is, plaas gewoonlik die klem op beskeidenheid en raak byna alle aspekte van die menslike bestaan. Volgens Davenport (1987:225) word erotiese kuns of literatuur, korrekte seksuele optrede of rituele en modeneigings hierdeur geraak. Seksuele kleredragkodes, as sodanig, is nie 'n aanduiding van kulturele verskille nie. Volgens Bruwer (1985:6) kom dié verskille juis tot uiting in die betekenis of waardes wat daar aan spesifieke kledingstukke geheg word, en kan die waardes aan 'n spesifieke tydsgees gekoppel word. So het die seksuele kode van die Victoriaanse tydperk selfs die ontbloting van 'n enkel as uitlokkend beskou. Hierteenoor was die mini tydens die hoogtepunt van die seksuele revolusie in die sestigerjare hoogmode. Die persepsie van aantreklikheid is vandag weer meer afhanklik van informele kleredrag, aldus Baron en Byrne (1984:578).

In byna alle kulture word die universele reël van liggaamlike skuheid erken, deurdat die liggaam met klere bedek word. In die Westerse samelewing word die naakte liggaam in sy geheel as prikkelend beskou en met klere bedek. Sekere primitiewe gemeenskappe bedek egter net die genitalieë, maar op so 'n wyse dat die klem daarop geplaas word. Modeneigings in die Westerse beskawing handhaaf dieselfde subtiele norme: die borstrok byvoorbeeld, het die vrou se liggaam bedek, maar op so 'n wyse dat dit beklemtoon is. Volgens Davenport (1987:227) is dit juis sodanige simboliek wat die waardes van 'n sekskultuur weerspieël. Esterhuyse (1980:40) wys in hierdie verband, vanuit 'n normatiewe oogpunt, op die wisselwerking tussen kleredragneigings en permissiewe seksuele gedragsvorme sedert die begin sestigerjare.

#### 4.1.2. Die invloed van opvoeding deur ouers.

##### 4.1.2.1. Seksuele houdings en die rol van opvoeding.

Volgens sosiale leerteoretici is die aanleer van gedrag, dus ook seksuele gedrag en houdings, tot 'n groot mate afhanklik van omgewingsinvloede. Die rol wat die ouer in hierdie sosialiseringproses as model en leermeester kan speel, moet dus ook benadruk word.

Gedrag word in die ouerhuis aangeleer deur die nabootsing van 'n rolmodel, uitvoering van direkte instruksies of deur die waarneming van 'n reaksie op bepaalde gedragspatrone (Annandale, 1988:101). Die mate waarin die gesin 'n rol in die sosialiseringproses speel, asook die aard van die ouerpaar se huweliksverhouding in terme van magdeling en seksroldifferensiasie, speel 'n verdere belangrike rol in veral die adolessent se hantering van sy seksualiteit (Amod & Shmukler, 1986:25).

Sommige navorsers beweer dat infantiele seksuele gedrag vroeg reeds by die jong baba sigbaar is en etiketteer die gedrag as sodanig. Manipulasie van die genitalieë kom wel algemeen gedurende die eerste lewensjaar voor (Serbin & Sprafkin, 1987:170). Die ignorering hiervan of vinnige wegklap van die handjies dra die boodskap oor dat die seksuele "verkeerd" is en vermy moet word. Clarke-Stewart, Friedman en Koch (1985:559) wys in hierdie verband daarop dat die aanleer van morele gedrag nie alleen afhanklik is van die ouerfiguur nie. Enige volwassene met wie die kind hom kan identifiseer en wie se waardes nagevolg word, dra by tot die aanleer van morele gedragspatrone. DeLora *et al.* (1981:274) benadruk dan ook die feit dat die kern van gesonde volwasse seksualiteit en 'n positiewe gesindheid jeens die liggaam afhanklik is van positiewe seksuele ervarings en liefdevolle fisieke kontak met volwassenes gedurende die babajare.

Behalwe die aanleer van direkte gedragspatrone en die oordra van seksuele inligting, word die kind se houdings op direkte of indirekte wyse ook deur die ouer se waardestelsel beïnvloed. Penrod (1983:235) is van mening dat seksuele houdings wat gedurende die vroeë kinderjare van die ouer as rolmodel aangeleer is, meesal standhoudend is. Vir die jong kind dien die ouer as gesags- en heldefiguur, 'n persoon wie se waardes nie bevraagteken word nie. In hierdie verband is DeLora *et al.* (1981:285) van mening dat die ontwikkeling van die kind tussen vier en ses jaar as 'n kritieke periode vir latere seksualiteit dien. Die kind kry antwoorde op sy magdom seksverwante vrae nie alleen deur direkte verbale response van sy ouers nie, maar ook deur die waarneming van hul nie-verbale gedrag.

Ouers poog dikwels om moreel aanvaarbare waardes aan hul kinders oor te dra, terwyl hul eie gedrag nie daarvan spreek nie. Uit 'n gegewe groep Amerikaanse ouers het 90% verkies dat hulle kinders nie voorhuweliks seksueel moet verkeer nie. Dertig tot vyftig persent van hierdie ouers het self op hul dag nie die maagdelikheidsnorm gehandhaaf nie (Wake, 1969:173,175). In 'n verwante studie van probleemgedrag het Mischel en Liebert (1966:51) dan ook bevind dat ouers se gedrag veel eerder deur die kind nagevolg word. Die konflikterende waardestelsel wat die ouer probeer oordra, plaas die kind in 'n dilemma en gevolglik word die navolging van die ouer as rolmodel as 'n makliker uitweg gekies.

Navorsingsresultate dui daarop dat die mate waarin ouers permissief of beperkend is, die sosiale en kognitiewe ontwikkeling van hulle kinders beïnvloed (Propper & Brown, 1986:331). Alhoewel die algemene uitwerking van 'n beperkende opvoeding nie met sekerheid verklaar kan word nie (Barlow, 1986:147), word 'n uitermate streng morele en godsdienstige opvoeding dikwels as oorsaak van seksuele dis-funksies genoem (Jehu, 1979:33). Fisher *et al.* (1988:135) wys dan ook op die verwantskap tussen negatiewe seksuele

houdings en 'n streng seksuele opvoeding in die ouerhuis. Daarby is talle ouers nog besorg oor die moontlikheid dat die aanmoediging of selfs erkenning van kinderseksualiteit die ontluiking van 'n "seksuele barbaar" tot gevolg sal hê. Hierdie siening kom ooreen met die aanvanklike aanname dat, aangesien die blootstelling aan erotiese stimuli seksuele fantasieë en fisiologiese opwekking meebring, dit uiteindelik tot ongewenste gedrag kan lei. Navorsers het in hierdie verband bevind dat blootstelling aan erotiese materiaal slegs geringe vermeerdering in seksuele praatjies, fantasieë, seksuele opwekking en seksuele gedrag veroorsaak (Cattel, Kawash & DeYoung, 1972:81; Mosher, 1973:109), maar dan net vir die 24 uur periode na die blootstelling (Semidt, 1975:355). 'n Toename in blootstelling veroorsaak 'n versadigingseffek wat egter na verloop van tyd weer kan verdwyn (Mann, Berkowitz, Sidman, Starr & West, 1974:735). Die resultate is egter meer van toepassing op diegene wat reeds sterk seksuele behoeftes het en meer seksueel ervare is (Cattel *et al.*, 1972:82; Mosher, 1973:110). Daar kon egter nog nie bo alle twyfel vasgestel word dat kinders wat aan pornografie blootgestel is, op latere ouderdomme seksmisdade begin pleeg het nie (Wrightsmann, 1977:207). Navorsers het wel bevind dat seksmisdadigers se kinderjare as seksueel beperkend beskryf kan word en dat hulle, vergeleke met ander volwassenes, gedurende adolessensie in 'n mindere mate aan erotiese stimuli blootgestel is (Baron & Byrne, 1984:592).

As gevolg van die invloed van Victoriaanse beskouinge is daar nog ouers, ook in Suid-Afrika, wat 'n negatiewe en vermydingsboodskap oor die seksuele aan hulle kinders oordra. Die ontluikende seksualiteit van die jong adolessent plaas hom in 'n dilemma. Teenoor die media wat 'n prentjie van ekstase voorhou, bied sy ouers hom dikwels geen ander alternatief as vermyding daarvan nie. Skrywers is dit eens dat Suid-Afrikaanse ouers oor die algemeen nie hulle kinders se seksualiteit erken en hulle daarby nie voorberei op die emosionele en fisieke verantwoordelikheid

wat seksuele omgang meebring nie (De Beer, 1987:23; Katz, 1986:33). Volgens hulle dryf druk van die portuurgroep, nuuskierigheid wat uit onkunde spruit en 'n swak selfbeeld wat na erkenning streef en terselfdertyd verwerping probeer vermy, adolessente daartoe om seksueel aktief te wees.

Sommige ouers boesem onbewustelik 'n vrees oor die seksuele by hul kinders in deurdat hulle van jongs af geleer word om hulle seksualiteit te inhibeer (Louw et al., 1984:352). Deur die ouers se totale vermyding van die onderwerp word die prominente nie-verbale boodskap oorgedra dat so 'n on-smaaklike onderwerp liefs vermy moet word (Walen & Roth, 1987:348). Navorsers het dan ook 'n oorsaaklike verband tussen sodanige ouerlike gedrag en kinders se seksuele houdings bevind. Sekssku (erotofobiese) ouers is meer geneig om hul kinders se seksualiteit te ontken en dra dus minder verbale en nie-verbale seksuele inligting aan hulle oor. Kinders uit 'n konserwatiewer ouerhuis, waarin seksualiteit as besprekingspunt grootliks vermy is, koester dan ook dikwels negatiewe houdings teenoor die seksuele en is gevolglik erotofobies (Fisher, et al., 1988:135). In aansluiting hierby het Becker en Byrne (1985:761) bevind dat erotofobiese kinders op hul beurt geneig is om te glo dat hulle ouers negatiewe houdings teenoor die seksuele koester.

#### 4.1.2.2. Seksuele voorligting deur ouers.

Ouers wat fisieke kontak met hulle huweliksmaats in die openbaar of "voor die kinders" vermy, werk negatief in op die ontluikende seksualiteit van hulle kinders. Volgens Olivier (1987:23) vorm hierdie ontoereikende model van toegeneentheid en intimiteit nie 'n goeie basis vir 'n vertrouensverhouding waarin seksualiteit openlik binne gesinsverband bespreek kan word nie. In hierdie verband het 'n Amerikaanse studie onder 14 000 ouers van elfjarige kinders in 1979 bevind dat slegs elementêre verskille tussen die geslagte en enkele feite oor swangerskap en geboorte aan kinders oorgedra word. Baie min ouers maak, volgens hierdie

resultate, melding van geslagsgemeenskap, voorbehoeding, menstruasie of sogenaamde "wet dreams" (Cory, 1979:14). Dit blyk dat bykans alle jong mense in die VSA nie die vrymoedigheid het om hulle ouers, veral hulle vaders, oor seksuele onderwerpe te nader nie en hulle na literatuur vir inligting wend (Davidson & Darling, 1986:14).

Die kommunikasiegaping ten opsigte van die seksuele is nie net eie aan die VSA nie, maar 'n doring in die vlees vir dié wat besorg is oor seksualiteit in Suid-Afrika. Uit vraelyste en ondersoeke, hoofsaaklik geïnisieer en uitgevoer deur vrouetydskrifte, word 'n donker prentjie geskilder. Syfers wat wissel vanaf minder as 20% tot slegs die helfte van 'n gegewe groep Suid-Afrikaneers het hul ouers as primêre inligtingsbron aangaande die seksuele aangegee (Kruger, 1986:52; De Beer, 1987:22). Tot soveel as 'n driekwart van die Suid-Afrikaanse vroue wat deur 'n ondersoekspan van 'n vrouetydskrif ondervra is, het glad nie die vrymoedigheid om seksualiteit openlik met hulle moeders te bespreek nie, terwyl die meeste glad nie hul vaders sou nader nie. Hierdie probleem is nie net beperk tot die blanke Afrikaanssprekende nie, maar is algemeen onder Kleurlinge, Asiërs en swartmense. Onder 'n groep respondente in Wes-Kaapland het Todt (1991:179) bevind dat, vergeleke met die 95% blanke respondente wat seksuele voorligting ontvang het, 65% van die bruin respondente en slegs 6,7% van die swart respondente 'n vorm van seksuele voorligting ontvang het. Olivier (1987:7) weer is van mening dat die gebruik van Engels as huistaal wat 'n bepaalde kulturele aanhang impliseer, geassosieer kan word met 'n groter openhartigheid om oor die seksuele te praat. Volgens Kruger (1986:53) nader Suid-Afrikaanse kinders weens 'n gebrek aan vertroue nie hulle ouers oor seksuele onderwerpe nie. Boeke, tydskrifte en mededeling onder die portuurgroep is dus baie algemene en gewilde bronne van seksuele inligting. Uit die genoemde groep respondente in Wes-Kaapland het 39,9% die skool as inligtingsbron aangegee, 19,7% meisievriendinne en 16,3% die media (Todt, 1991:179). Volgens Kruger (1986:53) kom

versteurde verhoudings met die ouers ook by seksueel aktiewe tieners voor. In dié verband het Todt (1991:179) bevind dat slegs 25% van 'n groep swanger meisies hul moeder as inligtingsbron oor seksualiteit aangegee het.

Die kwessie van seksuele voorligting op skool is jare reeds 'n onderwerp van wêreldwye polemieke. In 'n studie onder Amerikaanse kollegestudente het Davidson en Darling (1986:26) bevind dat deelname aan 'n seksvoorligtingkursus seksuele gedrag as sodanig nie beïnvloed het nie. Die kursus het slegs 'n toename in positiewe houdings jeens seksualiteit meegebring. Vroeg in die sewentigerjare is bevind dat ongeveer sewentig persent van volwasse Amerikaners ten gunste was van een of ander vorm van seksonderrig aan tieners op skool (Gordon, 1981:214). In Suid-Afrika het die RGN onlangs bevind dat 74,4% van Afrikaanssprekende ouers ten gunste is van seksvoorligting vir hulle kinders op skool (De Beer, 1987:22). Onder adolessente in Suid-Afrika word die gebrek aan formele onderrig en belangstelling daarin benadruk deurdat minder as 3% van respondente in 'n tydskrifondersoek seksonderrig op skool as inligtingsbron aangegee het. Meer as 60% van hierdie jonger respondente was tevrede met hul, soos dit blyk, skamele inligtingsbronne en kennis van die seksuele (Olivier, 1987:9).

#### 4.1.2.3. Opvoeding en seksuele gedrag.

Die rol wat die ouer in die opvoeding van sy kind speel, is veral merkbaar in die waarneembare seksuele gedrag van die adolessent. In longitudinale studies gedoen onder Amerikaanse tieners was die afwesigheid van ouerlike invloed op seksueel aktiewe kinders, naas persoonlikheids- en omgewingsfaktore, merkbaar. Daar is bevind dat seksueel aktiewe tieners, vergeleke met maagde, meer onafhanklik van hulle ouers is, minder deur die ouers ondersteun en beheer word en meer deur hulle vriende, wat nie dieselfde waardes as die ouers aanhang nie, beïnvloed

word (Jessor & Jessor, 1975:479). Hierdie profiel van die afwesige ouer word dan ook in direkte verband gebring met die vroeë ouderdom waarop die kind seksueel aktief raak (Jessor et al., 1983:623).

Teenoor die negatiewe invloed van die afwesige ouer, kan streng dissipline en kontrole nie as die ideaal voorgehou word nie. Volgens Jessor, Graves, Hanson en Jessor (1968:124) is dissipline wat in 'n warm en liefdevolle konteks, deur middel van verduidelikings en positiewe beloning toegepas word die effektiefste. Volgens die beginsels van Rotter se sosiale leerteorie word hierdeur ook die meeste gedragsmoontlikhede aan die adolessent verleen. In hierdie verband het Miller, McCoy, Olson en Wallace (1986:511) 'n kurvilineêre verband tussen ouerlike dissipline en permissiewe seksuele gedrag aangetoon. Die hoogste voorkoms van permissiewe houdings en gedrag is gevind by 'n groep Amerikaanse tieners van wie die ouers nie reëls en dissipline oor uitgaan toepas nie. Ouers wat egter as baie streng, met baie reëls, beskryf is, het die naasmoontlike kans om permissiewe kinders te hê.

Dit kom voor asof die invloed wat die moeder op die kinders sou hê, verskil van dié van die vader. Daar is bevind dat die afwesigheid van reëls en dissipline vanaf die moeder die permissiefste gedrag en houdings by beide adolessente seuns en dogters tot gevolg het. Seuns is weer geneig om permissief te wees wanneer hulle vaders geen reëls toepas nie. Waar vaders egter baie reëls toepas, is hul dogters weer geneig om meer permissief te wees, aldus Miller et al. (1986:509). Daarenteen het slegs die daaglikse teenwoordigheid van die vader 'n stremende effek op die permissiewe seksuele gedrag van dogters in die gesin, aangesien daar aanduidings is van afwykende sosio-seksuele gedragspatrone by dogters uit huishoudings waarin die vader afwesig is (Huston, 1983:434). Hierdie voorlopige resultate laat egter ruimte vir verdere navorsing.

Dit is algemeen bekend dat ouers volgens kulturele oortuigings hul seuns en dogters verskillend opvoed. Ook wat seksuele gedrag en houdings betref is hierdie verskille merkbaar. Volgens Sampson (1976:41) word die wenslikheid van gedrag in die geval van dogters meer deur hulle eie oortuigings bepaal, terwyl seuns meer besorg is oor wat ander van hulle sou dink. Daugherty en Burger (1984:355) het in 'n Amerikaanse studie bevind dat die seksuele houdings en gedrag van veral die adolessente meisie meer met dié van haar portuurgroep as haar ouers ooreenstem. Hierdie tendens word toegeskryf aan die ouers se skuheid om die seksuele met hulle dogters te bespreek, asook die meer intieme aard van vriendskappe onder dogters. Hierdie intimiteit bring 'n groter homogeniteit in gedragspatrone binne 'n vriendekring mee.

Waar aanvaarbare seksuele gedragspatrone binne kultuurverband deur ouers aan hulle kinders oorgedra word, wys sommige teoretici op die invloed van genetiese oorerwing. Kenrick en Trost (1987:88) is van mening dat genetiese invloede van die ouers, soos die graad van hormoonproduksie in kombinasie met kognitiewe en omgewingsfaktore soos persoonlikheid, seksuele oortuigings en kulturele waardes as verklaring van seksuele gedrag moet dien.

#### 4.1.3 Geslagsverskille en die seksuele subkultuur.

Die verskille wat tussen mans en vroue bestaan en waargeneem kan word, hetsy in biologiese of sosiale konteks, is sodanig dat Davenport (1987:207) van mening is dat die bestaan van manlike en vroulike subkulture in elke gemeenskap wêreldwyd geïdentifiseer kan word. In die Westerse samelewing word die navolging van 'n geslagseie subkultuur vandag hoog aangeskryf en enige afwyking van veral die manlike subkultuur is baie kontroversieel.

Dit is veral op seksuele gebied waar 'n verskeidenheid oortuigings en gelofies rakende geslagsverskille vir eeue reeds aangehang word. Griffit (1987:142) kom tot die gevolgtrekking: "there have been few times or places in which equality in the strength, frequency, and quality of male and female sexual responses and desires has been widely accepted". So het daar gedurende die Victoriaanse era die oortuiging tot stand gekom dat manlike seksuele begeertes baie sterk is, terwyl 'n vrou as aseksueel beskou is. Hierdie siening het die grondslag gevorm vir die seksuele "dubbelstandaard" van die twintigste eeu.

Hierdie dubbelstandaard, wat manlike permissiwiteit verdra en dikwels goedkeur, maar kuisheid by die vrou aanmoedig, het seksualiteit gedurende hierdie eeu oorheers. Sosiale gedragspatrone is ook deur hierdie "voorskrifte" geraak. 'n Verskeidenheid faktore het egter deur die jare geleidelik begin bydra tot die afbreek van sosiale en ekonomiese skeidslyne tussen mans en vroue. Alhoewel gedragverskille tussen die geslagte, veral op seksuele gebied, vandag nie meer so opvallend is nie, is skrywers dit eens dat die dubbelstandaard nog nie heeltemal verdwyn het nie (Haveman & Lehtinen, 1986:143; Penrod, 1983:238). Ook onder Suid-Afrikaners het Amod en Shmukler (1986:25) bewyse van 'n bestaande dubbelstandaard by Indiëradolessente gevind.

Hormonale werkinge word dikwels verbind met seksuele gedragspatrone en as die dryfveer daaragter beskou. Alhoewel die rol van hormonale werkinge dikwels nie van sosiale en omgewingsfaktore onderskei kan word nie, word die invloed wat faktore soos die omgewing en sosiale leer op seksuele gedrag het, as van groter belang geag (Svare & Kinsley, 1987:33). Hierdie faktore word vervolgens bespreek.

#### 4.1.3.1 Geslagsrolidentiteit en seksualiteit.

Volgens Walen en Roth (1987:347) berus die basis van seksualiteit op die geslag waarmee 'n persoon homself identifiseer. Die proses behels nie alleenlik die begrip van biologiese manlikheid of vroulikheid nie, maar die aanvaarding van kultureel voorgeskrewe geslagseie aktiwiteite en gepaardgaande houdings teenoor persone van die teenoorge-stelde geslag. Die ontwikkeling van hierdie konsep - geslagsrolidentiteit - begin reeds tydens die babajare. Hierdie proses is nie alleen van belang vir die vorming van latere seksuele gedrag en houdings nie (Serbin & Sprafkin, 1987:190), maar maak 'n belangrike deel uit van die menslike selfkonsep (Louw et al., 1984: 238).

Reeds vanaf die babajare word daar op grond van biologiese verskille en tradisionele oortuigings verskillend teenoor babaseuntjies en dogtertjies gereageer. Hierdeur word die subtiele, maar prominente boodskap van wat geslagsrolle behels deur sosialisering aan die jong kind oorgedra. Onder vaders heers daar veral 'n besorgdheid dat hul seuns die "korrekte" manlike optrede sal aanleer en nie vroulike manierismes vertoon nie (Louw et al., 1984:243). Alhoewel die stereotipe saam met die tydsgees verander, word die tradisionele Westerse man beskryf as onafhanklik, hard, onsensitief, aggressief en ambisieus, teenoor die vroulike kulturele stereotipe wat deur karaktertrekke soos warmte, sensitiwiteit, versorging en toegeeflikheid gekenmerk word (Freedman, Sears & Carlsmith, 1981:500). Tydens die kleuterjare vorm kinders reeds 'n begrip van wat gepaste geslagsrolle in hul kulturele konteks behels. Volgens Serbin en Sprafkin (1987:190) is die mate waarin 'n kind sodanige geslagsrol aanhang, asook hoe hy seksualiteit in die breë beskou, 'n produk van sy unieke sosiale omgewing en opvoeding. Die verwantskap tussen geslagsrolidentifikasie tydens die kinderjare en latere seksuele gedragpatrone is 'n onderwerp wat steeds driftige bespreking uitlok, veral waar dit homoseksualiteit aangaan (McConaghy, 1987:289).

Volgens Walfish en Myerson (1980:202) is daar egter deur studies bevind dat die beklemtoning van tradisionele stereotipe geslagsrolle tot groter beheptheid met manlike prestasie en vroulike passiwiteit lei. Dit lei daartoe dat seksuele vrese en inhibisies ontwikkel wat negatiewe houdings jeens seksualiteit (erotofobia) tot gevolg het en dus gesonde seksualiteit belemmer. Clement (1980:278) het dan ook bevind dat Wes-Duitse vroue wat probleme met seksuele responsiwiteit ervaar, rigied tussen geslagsrolle onderskei.

Olivier (1987:145) weer, is van mening dat Suid-Afrikaanse vroue passief in hulle seksuele verhoudings is. Dit blyk dat hulle nie alleenlik nie innoverend genoeg is nie, maar die verantwoordelikheid vir seksuele aktiwiteite op hul manlike seksmaats se skouers plaas, en so aan die stereotipe van vroulike passiwiteit en onderdanigheid voldoen. Hierdie tradisionele vrou wat aan die man se eise voldoen is dan ook geneig om vroeër seksueel aktief te raak weens die druk wat daar op haar geplaas word (Rosen, Herskovitz & Stack, 1982:153).

#### 4.1.3.2 Die seksuele subkultuur en die "dubbelstandaard".

Volgens tradisionele oortuiging is die vrou as psigies en fisiek kwesbaar beskou en het die oortuiging ontstaan dat sy teen manlike seksuele aggressie beskerm moet word. Die vrou se seksuele opvoeding vanaf haar kinderjare word ook gekenmerk deur die klem wat geplaas word op haar potensiële vermoë om swanger te word. Hiervolgens assosieer die jong meisie haar ontluikende seksualiteit en aanvang van menstruasie met vrugbaarheid en haar toekomstige rol as moeder (DeLamater, 1987a:129). Om sekuriteit vir haar en haar potensiële gesin te verseker, vorm haar voorhuwelikse seksuele gedrag kenmerklik deel van 'n emosioneel intieme en gevestigde verhouding waarin sy haar bevind (Bancroft, 1983:152; Jessor et al., 1983:612).

Die tradisies en voorskrifte is sodanig dat die vrou van jongs af ook geleer word om haar seksualiteit met meer verantwoordelikheid as die man te benader, en gevolglik ontvang sy meer negatiewe boodskappe oor haar seksuele rol in die samelewing. Sy word gesosialiseer om haar reputasie te beskerm, deurdat daar van haar verwag word om nie uitlokkend in haar heteroseksuele verhoudings op te tree nie, swangerskap te vermy en liefs nie gemeenskap buite 'n gevestigde en intieme verhouding te hê nie (Griffit, 1987:164). Daarteenoor meld Serbin en Sprafkin (1987:189) dat, nieteenstaande die beperkinge, daar van haar verwag word om steeds vir die teenoorgestelde geslag aantreklik te bly.

Griffit (1987:161) is daarvan oortuig dat hierdie seksuele tradisies so in die samelewing ingeburger is dat 'n seksuele skema en verwagtinge rakende gepaste optrede onder mans en vroue ontstaan het. Hiervolgens word daar van die man verwag om 'n seksueel aktiewe rol te speel en eerste seksuele toenadering by die vrou te soek, dikwels met nie-verbale gebare. Van vroue word verwag om die man se toenadering toe te laat, maar sy moet steeds beheer uitoefen oor die graad van intimiteit (Peplau, Rubin & Hill, 1977:96). Volgens Byers (1988:252) is dit die tradisionele stereotipe man wat nie seksueel ervare is nie, wat meer geneig is om die verwagting na te streef dat hy seksuele toenadering moet bly soek en gedurig meer toegewings van die vrou moet vra. Daar word van die man verwag om sy toenadering te staak indien sy duidelik weier om voort te gaan. 'n Vrou wat onduidelike boodskappe in hierdie verband aan die man oordra is dan ook meer dikwels die prooi van manlike seksuele aggressie, aldus Byers (1988:244). Volgens DeLamater (1987a:135) berus die verklaring van hierdie stereotipe op die beginsel van kontrole. Mans masturbeer van jongs af meer as vroue en leer gevolglik om hul seksualiteit en die bevrediging daarvan, met selfkontrole te assosieer. Die vrou is nie so bekend met die gevoel van kontrole nie en maak dus op die man staat vir seksuele

leiding. Die rol van die tradisionele oortuiging wat passiwiteit en onderdanigheid by die vrou aanmoedig, moet natuurlik ook nie uit die oog verloor word nie.

Die seksualiteit waaraan die man van jongs af blootgestel word, kan van die meer beperkende opvoeding van die vrou onderskei word. Nie alleen verskil kulturele verwagtinge rakende die man se optrede nie, maar dra inherente fisiologiese faktore ook by tot die inherente verskille tussen man en vrou. Die teenwoordigheid van die manlike hormoon testosteroon dra by tot 'n sterker geslagsdrang by die man, terwyl 'n toename in testosteroonvlakke tydens puberteit as verklarings vir 'n groter mate van manlike seksuele aggressiwiteit beskou word (Louw et al., 1984:359).

Volgens Seiffert en Hoffnung (1987:706) is adolessente manlike seksualiteit 'n navolging van die "macho"-beeld wat deur die advertensiemedia verkondig word. Op fisieke vlak veroorsaak die groter opvallendheid van die manlike geslagsorgaan dat die man, meer as die vrou, aan spontane stimulering (in dié geval, ereksie) blootgestel word (Louw et al., 1984:359). Bancroft (1983:150) is van mening dat die gewaarwording hiervan die man se seksuele ego versterk. Anders as die menarg by die vrou, gaan die aanvang van die man se seksualiteit gepaard met seksuele opwekking en ejakulasie, en volgens Reiss (1976:50) leer hy gevolglik om sy seksualiteit as 'n doel tot fisiese bevrediging te sien. Mans se beweegrede agter voorhuwelike seksuele verhoudings word gevolglik meer dikwels gekenmerk deur die afwesigheid van liefde (Kaats & Davis, 1970:398). Volgens DeLamater (1987a:135) is "women more concerned about affection in their intimate relationships - whereas men are more concerned about sexual activity itself". Háár houding teenoor seksualiteit kan as verhoudings- of persoonsgesentreerd beskryf word, teenoor die man se biologiese ingesteldheid (DeLamater, 1987a:130). Volgens Papalia & Olds (1978:288) is die vrou se gevoelens meer op die persoon as op die seksuele ervaring gerig. Olivier

(1987:42) het die interessante bevinding gemaak dat alhoewel twee derdes van 'n gegewe groep Suid-Afrikaanse meisies hulle eerste seksuele ervaring met 'n vaste vriend gehad het, slegs 15% van hulle liefde as rede daarvoor aangegee het. In hierdie ondersoek het sowat twintig persent van die meisies hul eerste seksuele ervaring met 'n onbekende persoon ("one night stand") gehad. Dit wil voorkom asof die rol van liefde as beweegrede vir hulle eerste geslagsgemeenskap vandag nie meer so belangrik vir die meisie is as wat geglo word nie.

Ten spyte van aangebore en aangeleerde geslagsverskille het die seksuele waardestelsel sodanig verander dat algemene seksuele gedrag vandag verskil van die gedragpatrone wat etlike dekades gelede moontlik beoefen is, maar nie openlik erken is nie. Daar heers tans heelwat meningsverskille oor die aard van die veranderinge wat ingetree het, veral ten opsigte van die verdwyning van die dubbelstandaard (Amod & Shmukler, 1986:21; DeLamater, 1987b:253). Die veranderinge is, ongeag meningsverskille, in beide seksuele houdings en gedragpatrone sigbaar. Die oortuiging dat seks heeltemal taboe is, is vervang deur 'n meer natuurlike houding daarteenoor, terwyl vroue se reg tot seksuele selfgeding in 'n groter mate erken word. Die persentasie ongetroude seksueel aktiewe vroue het dan ook oor die laaste paar dekades met sowat 50% toegeneem (Hunt soos aangehaal deur Baron & Byrne, 1984:571).

Die veranderende waardestelsel het die vrou se seksuele gedrag, asook die houdings teenoor haar, nog nie soortgelyk aan dié van die man gemaak nie. In vergelyking met vroue kan mans se houding jeens seksualiteit oor die algemeen as meer positief bestempel word (Baron & Byrne, 1984:595), terwyl vroue ook minder voorhuwelikse seksuele verhoudings as mans het (Zuckerman, 1976:157).

Die vroulike stereotipe van passiwiteit en onderdanigheid maak dit egter vir die vrou moeilik om seksuele gedrag te

inisieer, aangesien tradisie die voorreg aan die man toesê (Peplau et al., 1977:106). Met individuele verskille in ag geneem, wil dit voorkom asof die deursneevrou wat 'n man herhaaldelik om 'n afspraak nader, vrees en verleentheid by hom ontlok. Daar is ook bevind dat die oortuiging bestaan dat heteroseksuele verhoudings wat deur vroue geïnisieer is, nie lank sal duur nie - wat dan ook meesal die geval is (Kelley, Pilchowicz & Byrne, 1981:196). Die tradisionele "hard to get"-vrou word daarby verkies bo dié vrou wat maklik afsprake maak, aangesien mans laasgenoemde makliker as 'n sosiale verleentheid beskou (Walster, Walster, Piliavin & Schmidt, 1973:118). Ten spyte van hulle eie gedrag keur selfs die mees liberale mans voorhuwelikse seksuele verhoudings by vroue af (Penrod, 1983:238), veral wanneer sy 'n eie suster of potensieële eggenote is (Kaats & Davis, 1970:398).

#### 4.1.3.3 Geslagsverskille en portuurdruk.

Volgens Papalia en Olds (1978:282) is portuurdruk onder adolessente baie sterk, maar nie oorheersend nie, veral as geslagsverskille in ag geneem word. Die tendens blyk uit Daugherty en Burger (1984:357) se bevindings dat tienerdogters se seksuele gedrag groter ooreenkoms met die waardes van die portuurgroep as dié van die ouers toon. Hierdie verskynsel word verklaar deur die meer intieme aard van vriendskappe onder meisies en groter openhartigheid oor seksuele aangeleenthede, in teenstelling met die ouers se skuheid om met hul dogters oor algemene seksuele aangeleenthede te praat. Die invloed van die portuurgroep kan verder toegelig word deur die bevinding dat die Amerikaanse meisie wel waarde heg aan haar ouers se oordele, veral dié oor morele en langtermynbesluite soos die keuse van 'n beroep. By korttermynbesluitneming, soos keuses oor kleredrag of skoolaangeleenthede, geniet die portuurgroep se oordeel weer voorkeur (Brittain, 1963:389). Die moontlikheid bestaan dat tienermeisies hiervolgens seksuele besluite as 'n sosiale aangeleentheid met korttermyngevolge beskou.

Miller en Simon (1974:70) wys egter ook op die invloed van die man in 'n emosioneel-intieme verhouding as die bepalende faktor van seksuele gedrag. Waar meisies die teenwoordigheid van liefde in 'n verhouding as vereiste vir geslagsgemeenskap stel en die vroulike portuurgroep nie soveel ondersteuning aan promiskuiteit verleen nie, word haar gedrag veel meer deur die druk en goedkeuring van die man as van die portuurgroep bepaal. Todt (1991:199) het egter die teendeel onder vroulike respondente in Suid-Afrika bevind. In teenstelling met die onbeduidende invloed wat die mening van die manlike portuurgroep gehad het, is die mening van intieme meisievriendinne as portuurgroep as dié belangrikste invloed in die vestiging van seksuele houdings onder meisies geïdentifiseer.

Ongeag veranderende waardes is Miller en Simon (1974:74) van mening dat die portuurgroep se goedkeuring betreffende die jong man se seksuele bevoegdheid vandag nog 'n belangrike rol in die ontwikkeling van manlike seksualiteit speel. Weens hierdie groter invloed en druk vanaf die manlike portuurgroep, kom seuns se seksuele gedrag weer meer met dié van die portuurgroep ooreen. Die skrywers wys egter ook daarop dat 'n sterk familieband, teenoor swak verhoudings met die portuurgroep negatief korreleer met voorhuwelike seksuele gedrag (Miller & Simon, 1974:68). Daugherty en Burger (1984:355) het dan ook bevind dat daar 'n ooreenkoms bestaan tussen die ouers en die seun se algemene waardes ten opsigte van seksualiteit, terwyl die seun se aantal seksmaats ook met die seksuele houdings van sy ouers ooreenstem. Dit kom dus voor asof die feit dat ouers meer openhartige seksuele gesprekke met hulle tienerseuns voer, wel vrugte afwerp.

In aansluiting by genoemde bevindinge oor portuurdruk is daar bevind dat adolessente wat tot seksuele aktiwiteite neig of reeds seksueel aktief is, in hulle vriendekring minder konvensionele oortuigings huldig, meer geneig is tot probleemgedrag en minder deur konserwatiewe ouers beheer

word (Jessor & Jessor, 1975:481). Daar is aanduidings van bestaande geslagsverskille in hierdie verband. Meisies wat hul maagdelikheid op 'n baie jong ouderdom verloor het, is meer deur hul portuurgroep as hul ouers beïnvloed, terwyl ouers se goedkeuring van probleemgedrag en die afwesigheid van godsdienstige oortuigings by baie jong seksueel aktiewe seuns waargeneem is (Jessor et al., 1983:613).

#### 4.1.3.4 Die invloed van geslagsverskille op seksuele gedrag.

Volgens Ajzen en Fishbein (1973:1) is veralgemeende houdings ten opsigte van 'n gedragsvorm nie 'n goeie voorspeller dat die gedrag wel uitgevoer sal word nie. Die gevolge wat die gedrag sou inhou, asook die waarde wat die persoon daaraan heg, kan eerder as goeie aanduiders van die beoogde gedragsvorm beskou word. Deur sosialisering is 'n negatiewe boodskap, veral deur ouers, aan dogters oorgedra oor die gevolge van permissiewe seksuele gedrag, soos die moontlikheid van 'n swangerskap. Meisies se intensies ten opsigte van beoogde seksuele gedrag word gevolglik kenmerkend beïnvloed deur hulle eie houdingsoortuigings en waardeoordeel oor die moontlike gevolge daarvan, teenoor seuns wat meer besorg is oor sosiale norme en wat ander van hulle dink en van hulle verwag (Ajzen & Fishbein, 1973:50).

Hoewel die meisie se intensie grootliks beïnvloed word deur haar beoordeling van die gedragsgevolge, blyk dit nie altyd die geval te wees nie. Weens haar assosiasie van seksuele gedrag met 'n romantiese verhouding word haar waardeoordeel deur die emosionele verbintenis van die romantiese verhouding beïnvloed. Weens die meisie se groter verantwoordelikeheidsin jeens seksualiteit, stel sy hoër standaarde as mans ten opsigte van die persone waarmee en omstandighede waarin sy seksueel verkeer. Sou sy egter die regte persoon ontmoet, terwyl sy genoeg betekenis aan die verhouding heg, sal sy haar standaarde verlaag (D'Augelli & Cross, 1975:46). 'n Positiewe verband tussen intieme vroulike seksuele gedragpatrone en die graad van emosionele verbintenis in

die heteroseksuele verhouding is dan ook bevind (Kaats & Davis, 1970:393). 'n Vrou wat romantiese gevoelens jeens 'n man koester is ook minder geneig om sy seksuele toenaderings te weier (Byers, 1988:243). Sy het egter nog, soos tradisie dit voorskryf, beheer oor die graad van seksuele intimiteit in die verhouding. Peplau *et al.* (1977:94) het tydens 'n studie onder Amerikaanse studente bevind dat daar 'n verband tussen 'n paartjie se voorhuwelikse seksuele gedrag en die vrou se persoonlikheid en standarde bestaan. In teenstelling met die man wie se godsdienstige oortuigings geen invloed op die teenwoordigheid of afwesigheid van geslagsgemeenskap by paartjies in hierdie steekproef gehad het nie, het die meisie se godsdienssin as aanduiding van die paartjie se seksuele aktiwiteite gedien.

Vroue het egter nie altyd beheer oor die paartjie se seksuele gedrag nie. Emosionele en kognitiewe prosesse by man en vrou onderskeidelik, beïnvloed die rasionele besluitnemingsprosesse wat seksuele gedrag vergesel. Gerrard (1987a:228) het bevind dat daar 'n verband bestaan tussen emosionele reaksies jeens seksualiteit en die mate waarin voorbehoedmiddels gebruik word. Beide mans en vroue wat geneig is tot 'n hoë mate van seksuele skuldgevoelens is onder andere ongemakliker ten opsigte van hulle eie seksualiteit, passiewer met die gebruik van voorbehoedmiddels en meer geneig om risiko's ten opsigte van effektiewe voorbehoedingsmetodes te neem. Daar is egter ook bevind dat vroue met negatiewe seksuele oriëntasies nie konsekwente houdings oor voorbehoeding huldig nie. Diesulke vroue is ook meer geneig om die verantwoordelikheid van seksuele besluitneming, soos die graad van intimiteit en tipe voorbehoedmiddel wat gebruik moet word, aan die man oor te laat. Daar is geen bewyse van 'n geneigdheid tot sodanige gedrag by mans met 'n hoë skuldgeneigdheid gevind nie. Vanweë die tekort aan genoegsame verklarende studies kan daar slegs gespekuleer word oor die man se invloed, asook die vrou se passiewe aard en inkonsekwente gedrag. Ongeag sy oriëntasie, is hy meer invloedryk en ook meer konsekwent as

die vrou ten opsigte van die paartjie se seksuele besluitneming en daaropvolgende gedrag.

Dit blyk verder dat die verlies van maagdelikheid meer negatief deur vroue as mans ervaar word. Vroue assosieer dikwels hul eerste seksuele ervaring met negatiewe en skuldgevoelens (Jessor et al., 1983:613). Onder Suid-Afrikaanse respondente het tot soveel as 74% van 'n gegewe groep vroue hul eerste seksuele ervaring in 'n negatiewe lig bestempel. Amerikaanse mans daarteenoor beskryf hul eerste ervarings oor die algemeen as aangenaam (Roediger, Rushter, Capaldi & Paris, 1984:309). Voldoende inligting oor Suid-Afrikaanse mans se ervarings en gepaardgaande emosies is nie beskikbaar nie. In 'n ander Amerikaanse studie deur Peplau et al. (1977:105) het dit verder geblyk dat daar in die verhouding waarin 'n vrou haar maagdelikheid verloor het 'n groter bereidheid tot permanente verbintenis en meer liefde sigbaar was, as verhoudings wat betree is deur vroue wat nie maagde was nie.

#### 4.1.3.5 Die invloed van geslagsverskille op seksuele fantasieë.

Waar seksuele fantasieë vroeër in 'n negatiewe lig beskou is, word die normaliteit en belangrike aard daarvan, veral ten opsigte van seksuele aanpasbaarheid vandag erken (Hariton & Singer, 1974:314; Morokoff, 1985:178). Na die publisering van Kinsey se omstrede bevindings aangaande seksualiteit in die veertigerjare is aangeneem dat vroue minder as mans fantaseer. Meer onlangse resultate dui op geen kwantitatiewe verskil in fantasieë wat seksuele gedragpatrone soos masturbasie vergesel nie (Griffit, 1987:159). Daar is tog aanduidings van geslagsverskille ten opsigte van fantasie-inhoud. Die inhoud van mans se seksuele fantasieë word gekenmerk deur seksuele dominansie en aggressie (Crepault & Couture, 1980:581), terwyl die fantasietemas van vroue uit veral 'n seksueel beperkende

agtergrond gekenmerk word deur seksuele onderdanigheid (Hariton & Singer, 1974:321).

Volgens Nutter en Condron (1983:281) is temas afhanklik van 'n kulturele milieu. Olivier (1987:146) het in hierdie verband verskille tussen 'n gegewe groep Suid-Afrikaanse vroue en hulle eweknieë oorsee aangetoon. Die tema van verkragting, sado-masochisme en soöfilie kom oor die algemeen meer onder Amerikaanse vroue as hierdie groep Suid-Afrikaanse vroue voor. 'n Groot persentasie van hierdie vroue wend hulle ook nooit tot fantasering nie, wat volgens Olivier (1987:161) as verklaring vir die algemene voorkoms van anorgasme in Suid-Afrika kan dien. Hierdie steekproef is uit die leserstal van 'n vrouetydskrif saamgestel en kan nie as verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse bevolking beskou word nie, wat dus verdere afleidings uit die bevindings onmoontlik maak.

Uit ander Amerikaanse studies blyk dit dat vroue meer verbeeldingryk in hulle fantasieë is (Carlson & Coleman, 1977:539), teenoor mans wat huidige gebeure en ervarings uit die verlede in die geestesoog oproep (McCauley & Swan, 1980:408). Waar fantasering ten doel het om seksuele genot te verhoog, is daar aanduidings dat dit verskillend deur mans en vrouens onderskeidelik aangewend word. Vroue gebruik fantasieë om die genot van die seksuele ervaring te vermeerder, terwyl mans hulle opgewekte fisiese en seksuele ervaring met fantasieë probeer beheer en reguleer (McCauley & Swan, 1980:410).

#### 4.1.3.6 Geslagsverskille en die blootstelling aan erotiese stimuli.

Vroue is geneig om anders as mans te reageer teenoor blootstelling aan erotiese stimuli in boeke, films en die media. Daar bestaan geen geslagsverskille in die fisiese vermoë om eroties deur die stimuli opgewek te word nie. Verskille kom wel voor in die reaksie op bepaalde stimuli

(Griffit, 1987:157; Wrightsman, 1977:205). Dit blyk dat 'n groot persentasie van Suid-Afrikaanse vroue erotiese materiaal geniet en seksueel daardeur opgewek word (Olivier, 1987:173), terwyl inligting oor Suid-Afrikaanse mans nie beskikbaar is nie. Dit is verder bevind dat Amerikaanse vroue meer as mans gestimuleer word deur eksplisiete pornografiese literatuur (Jacobovits, 1965:991). Volgens Schmidt (1975:359) word mans weer meer gestimuleer deur die uitbeelding van seksuele geweld en aggressie. Geen bewyse bestaan vir die algemene aanname dat vroue alleenlik of beter opgewek word deur blootstelling aan erotiese stimuli met 'n romantiese inhoud nie (Schmidt, 1975:359). Die teorie waarvolgens vroue deur erotiek gestimuleer word deurdat sy haarself met die vrou as seksvoorwerp identifiseer, terwyl die man die vrou objektiveer deur haar uit die film "uit te haal" om sodoende gemeenskap met haar te hê, verdien verdere navorsing, aldus Schmidt (1975:362).

#### 4.1.3.7 Die aard van biologiese geslagsverskille.

Die vraagstuk of geslagsverskille aan biologiese of sosiale faktore toegeskryf moet word, ontlok nog baie polemieke (Saunders & Reese, 1983:574; Papalia & Olds, 1978:289). Aannames gemaak uit studies van die hormonale werking by diere, word dikwels net so op die mens van toepassing gemaak. Svare en Kinsley (1987:45) is van mening dat daar nie bewyse bestaan van 'n direkte hormonale invloed op die werking van die senuweestelsel, en gevolglik ook nie op seksuele gedrag nie. Die geringe rol wat hormone by die regulering van seksuele gedrag speel, word wel erken.

Testosteron, een van die manlike geslagshormone is noodsaaklik vir seksuele opwekking, spermvervaardiging en ejakulasie by die man. Weens hormonale veranderinge by die vrou tydens tydperke soos menstruasie en swangerskap, kon wetenskaplikes nog nie daarin slaag om die rol wat testosteron in vroulike seksuele gedragpatrone speel met sekerheid te verklaar nie. Manlike hormone dra oënskynlik

by tot seksuele opwekking en orgasme by die vrou (Bancroft, 1987:412), terwyl die proses van vaginale smering van die vroulike hormoon estrogeen afhanklik is. Om normale seksuele funksionering te verseker, is 'n drempel in die vlak van testosteroon by die mens vasgestel. Enige verhoging in die vlak het egter geen noemenswaardige veranderinge in seksuele aktiwiteite tot gevolg nie (Levine, 1982:208).

Dit is bekend dat die man 'n groter hoeveelheid testosteroon as die vrou afskei. Hierdie aspek word deur sommige teoretici as verklaring vir die man se meer dringende seksuele begeerte aangebied (Kenrick & Trost, 1987:81). Daarby word die sosiale faktore waaraan 'n man blootgestel word, soos 'n meer openhartige seksuele houding wat hy van sy ouers ervaar, as verdere oorsaak van geslagsverskille op seksuele gebied beskou (Papalia & Olds, 1978:289). Dit blyk dat hormonale en omgewingsfaktore nie afhanklik funksioneer nie. Seksuele begeerte word nie alleenlik deur interne prosesse gedryf of beheer nie, maar is ook afhanklik van eksterne aansporing vanaf stimuli, aldus Singer en Toates (1987:481).

#### 4.1.4 Ouderdom en die seksuele subkultuur.

Die seksuele rewolusie van die sestigerjare het 'n openlike verkondiging van nuwe seksuele waardes meegebring. Dit kom voor asof jonger persone meer daardeur geraak is, aangesien hulle in vergelyking met ouer persone die minste bevooroordeeld staan teenoor voorhuwelikse seksualiteit (Kaats & Davis, 1970:396-397) en minder negatiewe gesindhede teenoor seksualiteit (erotofobia) openbaar (Fisher et al., 1988:128). Dit kan ook verwag word dat jonger persone minder seksuele skuldgevoelens sal ervaar aangesien adolessente seksualiteit vandag meer afhanklik is van geïnternaliseerde ideale as van eksterne beperkinge, aldus Schoof-Tams et al. (1976:369). In hierdie bespreking van

die seksuele subkultuur word daar op die jonger ouderdomsgroepe gekonsentreer.

Dit blyk dat adolessente op steeds jonger ouderdomme seksueel aktief raak (Hopkins, 1977:83). Weens hormonale invloede word die seun in sy tienderjare sodanig gestimuleer dat hy sy seksuele toppunt reeds gedurende adolessensie bereik. Die vrou bereik haar seksuele toppunt op 'n meer gevorderde ouderdom, maar die aanvang van menstruasie, dit is die menarg, beklemtoon haar seksuele ontwikkeling. Waar die menarg vroeër jare op die ouderdom van sestien of sewentien jaar plaasgevind het, word die gemiddelde ouderdom daarvan in ontwikkelde lande vandag op dertien jaar gestel. Alhoewel menstruasie ook met vrugbaarheid geassosieer word is die vrou egter eers vrugbaar na 'n periode van aanvanklike steriliteit (Bancroft, 1983:133). Die seun se seksuele rypwording word onder andere geassosieer met nagtelike saadstortings vanaf so jonk as twaalfjarige ouderdom (Seiffert & Hoffnung, 1987:598). Daar is aanduidings dat nie alleen seksuele rypwording nie, maar ook volwasse lengte vandag vroeër bereik word, wat aan faktore soos gesonder voeding en beter mediese dienste toegeskryf word (Evans & McCandles, 1978:568). Ontwikkelende seksuele drange en die druk van 'n seksueel bewuste samelewing, wat minder voorskriftelik is en veiliger voorbehoedmiddels verskaf, lei vandag tot die aanknoop van seksuele verhoudings op jonger ouderdomme.

Alhoewel Schoof-Tams et al. (1976:356) gevalle aandui van persone wat reeds so jonk as dertien jaar seksueel aktief geraak het, kom geslagsgemeenskap nie baie algemeen gedurende vroeë adolessensie voor nie. Daar is wel aanduidings dat intieme liefkosings al vroeër op jong ouderdomme voorkom, en dat die aard daarvan steeds intiemer word (DeLora et al., 1981:300). Die voorkoms van die dubbelstaandaard is egter nog merkbaar onder veral jong adolessente, maar neem af namate hulle ouer word. Alhoewel meisies twee jaar vroeër as seuns fisieke volwassenheid bereik, is hulle

aanvanklik nie so aktief as seuns nie en doen meer mee aan liefkosings as gemeenskap (Schoof-Tams et al., 1976:356). Gedurende die sewentigerjare het 'n groter persentasie seuns as meisies wêreldwyd hul seksuele aktiwiteite so jonk as veertien jaar begin (Serbin & Sprafkin, 1987:188). In 1980 is bevind dat die gemiddelde ouderdom waarop Wes-Duitse adolessente uit albei geslagte seksueel aktief raak, ongeveer 16,9 jaar is. Volgens Duitse statistieke is dit vier jaar jonger as die gemiddelde ouderdom van 1966 (Clement, Schmidt & Kruse, 1984:105). Gedurende die tagtigerjare was die gemiddelde ouderdom vir 'n eerste koïtale ondervinding onder Suid-Afrikaanse Indiëradolessente tussen vyftien en sestien jaar (Amod & Shmukler, 1986:24).

Tydens hul kollegejare het meer as twee derdes Amerikaanse studente reeds seksuele ervaring gehad (DeLora et al., 1981:307), terwyl 78% van Amerikaanse negentienjarige mans uit alle rasse in die VSA in 1980 reeds seksueel ervare was. Daarteenoor was 40% van blanke meisies jonger as negentien en 58% swart meisies uit dieselfde ouderdomsgroep seksueel ervare (Zelnick & Kantner soos aangehaal deur Papalia & Olds, 1978:285), wat weereens die bestaande geslagsverskille benadruk.

In teenstelling met die voorkoms onder jonger ouderdomsgroepe is die verwagting dat 68% Amerikaanse vroue en 97% ongetroude mans teen die ouderdom van 25 reeds seksueel ervare sal wees (Middlebrock, 1980:98), wat 'n aanduiding is van die tendens dat die seksuele waardestelsel van jong adolessente oor die algemeen meer konserwatief is as dié van ouer adolessente (Schoof-Tams et al., 1976:362). Dit is dan ook bevind dat meer as sewentig persent van Amerikaanse studente seksuele ondervinding het (Hopkins, 1977:83), teenoor 20-35% van hoërskoolleerlinge in die laaste skooljaar (Seiffert & Hoffnung, 1987:705). Volgens Reiss (1976:45) is persone in die twintig-tot-vier-en-twintigjaar-ouderdomsgroep seksueel meer aktief as adolessente

tussen vyftien en negentien jaar oud, terwyl Penrod (1983:238) daarby aansluit en agtien-tot-vier-en-twintig-jariges as dié liberale seksuele groep bestempel. In hierdie ouderdomsgroep neem seksuele aktiwiteite ook progressief toe. Daar is aanduidings dat die frekwensie van seksuele aktiwiteite onder manlike en vroulike studente uit hierdie ouderdomsgroep vanaf eerstejaars- tot finalejaarsvlak toeneem (Haveman & Lehtinen, 1986:146).

Chronologiese ouderdom as sodanig bepaal egter nie seksuele gedrag nie (Kolony, Masters, Johnson & Biggs, 1979:68), maar wel komplekse psigososiale faktore wat die gereedheid vir die aanvang daarvan reguleer. Jessor et al. (1983:617) het die volgende eienskappe wat veral met die vroeë aanvang van seksuele gedrag verband hou, geïdentifiseer: 'n lae waarde wat aan akademiese prestasie geheg word, meer onafhanklikheid, meer sosiale kritiek, groter aanvaarding van probleemgedrag, laer godsdienssin, minder ondersteuning van ouers, meer goedkeuring van vriende en ouers vir probleemgedrag, asook beter modelle vir probleemgedrag vanaf vriende. Daar is ook 'n groter betrokkenheid by probleemgedrag, dit is die gebruik van alkohol en dwelms, as by konvensionele gedragspatrone. Ouer adolessente en jong volwassenes wat, ongeag portuurdruk en druk van die samelewing, nie seksueel aktief verkeer nie, handhaaf 'n groter godsdienssin, hang meer konvensionele waardes aan en openbaar 'n persoonlike en sosiale kontrolestelsel ten opsigte van probleemgedrag (Jessor et al., 1983:623).

Seksuele gedrag kom dikwels op so 'n vroeë ouderdom voor en wyk soveel van die bestaande ouderdomsnorme af dat dit as probleemgedrag bestempel kan word. Die aanduidings van die bestaan van 'n seksuele rewolusie, waar promiskuiteit hoogty vier, is egter afwesig. Tieners stel wel in seksuele aangeleenthede belang, maar volgens Seiffert en Hoffnung (1987:708) word hulle daaglikse bestaan nie daardeur oorheers nie. Serbin en Sprafkin (1987:187) is van mening dat losse seksuele verhoudings met meer as een persoon selde

deur jong adolessente ondersteun word. Dit blyk dat Amerikaanse skoliere en studente albei goedkeuring verleen aan voorhuwelikse seks, maar slegs binne 'n verhouding waar daar liefde of 'n mate van aangetrokkenheid bestaan. Geslagsgemeenskap is dan ook meer algemeen in sodanige verhoudings (Deaux & Wrightsman, 1988:285; Papalia & Olds, 1987:455).

In die lewensloop van die mens, soos beskryf deur Erikson (soos aangehaal deur Louw, 1982:216) is die ontwikkeling van 'n eie identiteit die hoofsaak van die adolessent en vorm dit dié belangrikste faset van sy persoonlikheidsontwikkeling. Die proses behels die vasstel van "wie is ek?", die verkryging van 'n sosiale identiteit en sekerheid oor eie waardes en ideale (Louw et al., 1984:120). Tydens vroeë volwassenheid is 'n persoon eers gereed om homself te verbind tot 'n intieme verhouding met 'n ander persoon sonder die vrees dat hy homself sal verloor. In die proses probeer hy liefde nastreef en isolasie bekamp. Adolessente wat jonk reeds intieme verhoudings het, het nog nie werklik 'n begrip van die self gevorm om volkome intimiteit te kan ervaar nie (Papalia & Olds, 1978:285). Adolessente wat reeds voor die ouderdom van vyftien seksueel aktief is, is dan ook minder geneig om 'n verwantskap tussen seks en liefde te sien (Rosen et al., 1982:163). Craig (1979:454) is van mening dat volkome seksuele intimiteit slegs tydens laat adolessensie bereik kan word, na 'n periode van aanvanklike eksperimentering.

#### 4.1.5 Sosio-ekonomiese klas en seksualiteit.

Sosiale klas, wat 'n bepaalde inkomste, opvoedingspeil en beroep impliseer, word dikwels met 'n geneigdheid tot sekere gedragsvorms verbind. Seksuele houdings- en gedragsvorms kan nie hiervan uitgesluit word nie.

Sosiale klasverskil was vroeër jare duidelik sigbaar in seksuele gedragpatrone. Teenoor die aoseksuele persepsie

van die middelklasvrou (Bullough, 1987:57), moes die man uit die lae werkersklas sy sosiale status bewys deur promisku te wees (Bancroft, 1983:131). Vroeëre navorsingsresultate dui dan ook duidelike klasverskille aan in onder meer die jonger ouderdom van eerste koïtus en groter aantal seksmaats by diegene uit die laer sosio-ekonomiese klasse, wat nie gevoor-derde opleiding oorweeg het nie (Schmidt & Sigusch, 1971:96).

Sosio-ekonomiese klas en vlak van akademiese opvoeding word dikwels deur skrywers as twee interafhanklike faktore beskryf (Hopkins, 1977:79; Kon, 1987:267). Die eertydse assosiasie van promiskuiteit met laer klasse en geen naskoolse opleiding is vandag minder beduidend. Studentepopulasies word nie meer net saamgestel uit die hoë sosio-ekonomiese klasse nie, maar is verteenwoordigend van die hele spektrum. Hopkins (1977:79) dui op die groter voorkoms van voorhuwelikse seksuele aktiwiteite by studente uit die hoër sosio-ekonomiese klasse, teenoor diegene uit die lae sosio-ekonomiese klasse. Die tendens word toegeskryf aan veranderende sosiale waardes en nie soseer sosiale klas nie.

Onder die breë bevolking is erotofilia egter ook meer kenmerkend van hoër sosio-ekonomiese klasse (Fisher et al., 1988:128). Glenn en Weaver (1979:117) is ook van mening dat jonger persone wat uit hoë-inkomste gesinne kom en gevoor-derde akademiese opleiding het, diegene is wat die minste bevooroordeeld staan teenoor voorhuwelikse seksualiteit. Serbin en Sprafkin (1987:188) sluit daarby aan en beskou die toenemende voorkoms van liberale seksuele houdings oor alle ouderdomsgroepe heen, as 'n tendens wat beperk is tot hoë-inkomste groepe uit stedelike gemeenskappe.

Alhoewel die rol van sosiale afkoms nie met sekerheid verklaar kan word nie, blyk dit dat die sosiale klas wat antisipeer word, in ooreenstemming met beroepskeuse en akademiese aspirasies, adolessente gedrag beheer. Miller en Simon (1974:62) het bevind dat diegene wat gevorderde

akademiese opleiding oorweeg, minder seksueel aktief was as hul eweknieë met minder ambisie.

Teenoor diegene met 'n beperkte akademiese opleiding, betree persone met 'n hoër akademiese opleiding die volwasse wêreld later en tree ook nie so vroeg in die huwelik nie. Studente begin hulle voorhuwelikse seksuele aktiwiteite gevolglik op 'n later ouderdom, maar met minder inhibisies. Studente in onder andere Oos-Europese lande en Wes-Duitsland masturbeer meer, wend hulle meer tot intieme liefkosings, toon meer variasie ten opsigte van koitale posisies en oraal-genitale seks en staan minder bevooroordeeld teenoor afwykende seksuele gedragspatrone (Kon, 1987:267; Schmidt & Sigusch, 1971:104). Onder die studentepopulasie neem die permissiewe houding dan ook toe soos wat die vlak van naskoolse opleiding toeneem (Glenn & Weaver, 1979:113,115,117).

Teenoor die bevolking as 'n geheel is studente om geografiese en etiese redes meer toeganklik en word gevolglik heel dikwels as proefpersone vir seksuele navorsing gebruik. Die interpretasie en geldigheidsaannames van sodanige resultate moet dus met versigtigheid benader word. Genoemde aannames oor die invloed van sosiale klasverskil op seksuele aktiwiteite berus merendeels op die bevindings van Amerikaanse navorsers. Weens 'n gebrek aan inligting is dit onmoontlik om afleidings oor Suid-Afrikaanse toestande te maak. Of veral Afrikaanssprekende studente uit die hoë sosio-ekonomiese klas minder seksuele inhibisies het, moet nog vasgestel word.

#### 4.1.6 Godsdienssin en seksuele oortuigings.

Die morele waardestelsel van die Westerse samelewing, veral seksuele waardes, is grotendeels geskoei op die beginsels van die Christelike leer (Geer & O'Donohue, 1987:9). In die Bybel word eenwording tydens die seksuele daad sterk benadruk. Hierdie "eenwording" buite die huwelik, wat nie strek tot die eer van God nie, word sterk afgekeur

(1 Kor. 7). Op grond van die waninterpretasie van Onan se ongehoorsaamheid (Gen. 38:9) en deurdat dit nie tot voortplanting lei soos God dit bedoel het nie (Gen. 2) is masturbasie tradisioneel ook nie goedgepraat nie. Selfs erotiese gedagtes wat dui op owerspel word afgekeur (Mat. 5:28). Uit hierdie Bybelse voorskrifte, en in samehang met die invloed van die Griekse kultuur, het 'n dualistiese siening oor seksualiteit sy ontstaan gevind. Die seksuele is as 'n laer, sinnelike orde van bestaan beskou, omdat dit nie geestelike waarde gehad het nie. Seksualiteit is egter verdra ter wille van die uitsluitlike doel daarvan, naamlik voortplanting. Denkers en skrywers uit die vroeë Christelike godsdienst het fisieke seksualiteit gevolglik negatief benader (Geer & O'Donohue, 1987:9). Streng, beperkende voorskrifte ten opsigte van seksuele gedrag is deur Middeleeuse kerkvaders verkondig met die doel om die mens teen die verderflike invloed van die seksuele te beskerm. Dit blyk dat die Middeleeue oorheers is deur hierdie voortplantings- en skuldmoraal, terwyl die seksuele beskou is as die bron van alle kwaad. Volgens Esterhuyse (1980:18) kom seksuele sondes verreweg die meeste in die biegeboeke van die Middeleeue voor. Gedurende die Victoriaanse era het hierdie oortuigings egter so 'n hoogtepunt bereik dat dit tot 'n obsessie met fatsoenlikheid gelei het.

Volgens Cronje (1969:146) is dit onmoontlik om die norme en histories-godsdienstige oortuigings van 'n gemeenskap van mekaar te skei. Westerse seksuele norme dra dus vandag nog kenmerke van hierdie oortuigings en word sodanig van geslag tot geslag oorgedra. Esterhuyse (1980:21) is van mening dat die Victoriaanse invloed hom vandag nog in Suid-Afrika laat geld en gevolglik word fatsoenlikheid dikwels met seksuele neutraliteit verwar.

In teenstelling met die voortplantings- en skuldmoraal wys Esterhuyse (1980:73) daarop dat die mens 'n besielde liggaam is. Die geslagsdrang is nie "uit die bese" nie, maar 'n positiewe menslike gawe van God. Die Bybelboek Hooglied

word immers in geheel gewy aan die erotiese liefde wat sy hoogtepunt in geslagsgemeenskap bereik. Geslagsgemeenskap as sodanig, word egter so sterk aan die huwelik verbind dat dit gesien word as 'n daad van huweliksluiting. Eksodus 22:16-17 en Deuteronomium 22:28-29 bepaal dat 'n man of meisie wat nie verloof of getroud is nie en gemeenskap het, moet trou en daarna nooit mag skei nie. In 1 Korintiërs 7:9 raai Paulus ongetroudes aan om liever te trou as hulle nie in onthouding kan lewe nie. Die daad van 'n getroude persoon wat seksuele gemeenskap buite die huwelik het (hoerery), word ook in so 'n ernstige lig beskou dat dit as genoegsame rede vir egskeiding kan dien (Matteus 19:9), ten spyte daarvan dat egskeiding in die Bybel verbied word.

In teenstelling met die teologiese etiek van seksualiteit, gegrond op die voorskrifte van die Bybel, staan die nuwe seksuele moraliteit. Bybelse voorskrifte word nie eerbiedig nie, maar slegs aspekte soos respek vir die ander en die bestaan van liefde binne die seksuele verhouding. Hiervolgens lê die waarde van seksualiteit in die genotsaspek daarvan en hoef dit daarvolgens nie gekoppel te word aan 'n Bybelse instelling soos die huwelik nie (Esterhuyse, 1980:33).

Waar norme nog veranderlikheid impliseer en op die tydelike gemik is, is godsdienstige voorskrifte onveranderlik en het ewigheidswaarde. Diegene met 'n sterk godsdienssin, wat 'n persoonlike verhouding met hul Skepper het, poog om hierdie opdragte te gehoorsaam. In die lig hiervan is DeLamater (1987b:238) van mening dat die mate waarin 'n instelling in ons samelewing, soos die godsdiens, naas die gesin en die wet nagevolg word, afhang van die gesentraliseerde en standhoudende aard daarvan asook die mate waarin die individu daarvan afhanklik is. Weens die aard van genoemde godsdienstige verhouding kan daar dus verwag word dat die seksuele waardes wat diegene met 'n sterk godsdienssin huldig, nie veel deur die veranderende tydsgees geraak sal word nie.

Alhoewel die lewensjare tussen twintig en dertig beskryf word as dié lewenstydperk waarin godsdiensbeoefening die swakste is (Hurlock, 1968:546), is 'n meer konserwatiewe lewensuitkyk en konvensionele gedragspatrone, ook op seksuele gebied, kenmerkend van jonger persone met 'n sterk godsdienssin (Jessor et al., 1983:622). In 'n gelowige se lewe bring oortreding van God se voorskrifte 'n verwydering tussen God en mens te weeg. Met die besef van oortreding volg 'n proses wat gekenmerk word deur skuldgevoel, belydenis, vergiffenis en terugkeer na God. In die lig van die Bybelse voorskrifte aangaande voorhuwelikse seksualiteit het Mosher (1973:100) en Ray en Walker (1973:95) dan ook 'n verband tussen 'n hoë geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens, gereelde kerkbywoning en meer konserwatiewe politiese en godsdienstige oortuigings bevind.

Volgens Miller en Simon (1974:67) bestaan daar ook 'n verband tussen kerkbesoek en seksuele eksperimentering. Dit is duidelik uit die bevindings dat diegene met swakker godsdienstige oortuigings nie merkbaar deur kerklike uitsprake oor die seksuele beïnvloed word nie (Daugherty & Burger, 1984:357), terwyl erotofilia ook meer kenmerkend is van diegene wat hulleself nie as godsdienstig beskou nie (Fisher et al., 1988:129). Diesulkes huldig ook, wat voorhuwelikse, buitehuwelikse en homoseksuele verhoudings betref, die mees permissiewe houdings (Glenn & Weaver, 1979:117).

## 4.2 Intrapsigiese faktore.

Die menslike seksuele respons is nie alleen afhanklik van die invloed van interafhanklike interpersoonlike faktore nie, maar ook intrapsigiese faktore wat kan dien as voorspeller en selfs inhibeerder van gedrag: "Our most significant sex organ is not located between our legs but between our ears: the cognitive activity of the brain can quickly either augment or inhibit a sexual response cycle" (Walen & Roth, 1987:338).

### 4.2.1 Erotofobia/erotofilia.

Vanaf die kinderjare ontwikkel elke individu 'n bepaalde emosionele respons (affek) en 'n gepaardgaande houdingsinstelling teenoor die seksuele. Tydens hierdie proses word verwagtings en oortuigings rakende die seksuele (die evaluering daarvan) aangeleer. Voortdurende blootstelling aan assosiasies tussen seks en negatiewe (of positiewe) emosies sal noodwendig 'n aangeleerde geneigdheid om met negatiewe (of positiewe) emosies op die seksuele te reageer, tot gevolg hê.

Na aanleiding van hierdie konsekwente en standhoudende seksuele responspatroon is 'n meningskaal ontwikkel op die basis van 'n negatief-positiewe emosionele respons-kontinuum, naamlik erotofobies of erotofilies (Fisher *et al.*, 1988:124). Hierdie neiging tot nadering of vermyding is dan ook merkbaar in sodanige persone se seksuele gedragspatrone. Volgens Gerrard (1987a:220,227) is daar aanduidings dat 'n negatiewe seksuele emosionele oriëntasie 'n invloed kan hê op 'n persoon se vermoë om hom- of haarself as seksuele wese te sien. Becker en Byrne (1985:765) het dan ook bevind dat erotofiliese persone meer positief en gemaklik op erotiese stimuli reageer en subjektief ook meer seksuele opwekking as erotofobiese persone ervaar. Onder erotofobiese persone is bevind dat, naas die strenger seksuele opvoedingsproses wat hulle in die ouerhuis ontvang

het, daar meer seksuele konserwatisme, inhibisies en skuldgevoelens, met 'n gepaardgaande vermyding van masturbasie (Fisher et al., 1988:135), asook minder seksuele fantasieë en 'n latere aanvangsouderdome vir koïtus (Fisher et al., 1988:146) voorgekom het.

#### 4.2.2 Seksuele skuldgevoel.

Erotofobia verwys na 'n gekondisioneerde emosionele responspatroon op seksuele stimuli in die algemeen. Daarteenoor verwys die persoonlikheidsfaktor, seksuele skuld, na 'n geneigdheid om onder omstandighede waar morele standaarde oortree is, of kan word, met seksuele skuldgevoelens te reageer. Dit word gedefinieer as "a generalized expectancy for self-monitored punishment for violating or anticipating violating internalized (moral) standards of behavior" (Mosher, 1965:162). Die bestraffing is gerig op die oortreding van seksuele norme soos dié ten opsigte van voorhuwelikse gemeenskap. Die aspek van skuld dui nie op 'n veralgemeenbare skuldstrukture nie, aangesien aspekte soos morele gewetenskap en vyandigheidsskuld van seksuele skuld onderskei kan word (Mosher, 1966:29).

Erotofobia daarteenoor is 'n negatiewe emosionele responspatroon op seksuele stimuli in die algemeen. Erotofobia en seksuele skuldgevoelens is egter nou verwant. Fisher et al. (1988:133) het bevind dat erotofiliese persone meer geneig is tot 'n lae mate van skuldgevoelens, maar ook dat die erotofobia/filia skaal weens die omvattende aard daarvan as 'n beter voorspeller van seksuele response as die skuldskaal dien. Onderskeid moet egter gemaak word tussen seksualiteit in die algemeen en onbehoorlike seksuele gedrag. Gemeenskap binne die huwelik word nie as immoreel beskou nie en sal nie maklik seksuele skuldgevoelens uitlok nie, maar kan wel negatiewe erotofobiese reponse tot gevolg hê. Die huidige studie betrek ongetroude studente wat met die "onbehoorlike", naamlik voorhuwelikse seksualiteit

gekonfronteer word, wat seksuele skuldgevoel dus toepaslik maak.

#### 4.2.2.1 'n Teoretiese perspektief.

Aspekte van die definisie van skuldgevoel is ontleen aan Rotter (1971:60) se sosiale leerteorie, naamlik die verwagting van 'n negatiewe uitkoms, asook die verwagting van selfopgelegde bestraffing. Daar word van die standpunt uitgegaan dat gedrag altyd doelgerig is en gemik is op behoefte- of motiefbevrediging. Deur ervaring leer die individu geleidelik aan om altyd met daardie gedragsvorm te reageer wat die maksimum behoeftebevrediging sal verskaf. Rotter se teorie lees dan soos volg:

Die moontlikheid dat 'n gedragsvorm of bepaalde gedragspatrone in 'n spesifieke situasie sal plaasvind, is afhanklik van die individu se verwagting dat die gedrag tot 'n spesifieke doelwit of bevrediging sal lei, asook van die waarde wat daar aan die doelwit geheg word. Sentraal in hierdie teorie is die begrippe gedragspotensiaal (die moontlikheid dat die gedrag gebruik sal word om doelwitte te bereik), vryheid van beweging (die verwagting dat gedrag tot doelwitbereiking sal lei) en versterkingswaarde (die waarde wat aan die gedrag geheg word). Die individu se persepsie en sy behoefte in verskillende situasies is afhanklik van vorige leerervarings. Verwagtinge aangaande die verlangde uitkoms van 'n spesifieke gedragsvorm sal dus verskil van persoon tot persoon.

Teenoor die sosiale leerteoretici plaas die psigoanalitiese leerskool besondere klem op die kind se vermoë om met die ouer en sy waardes te identifiseer sodat morele groei kan plaasvind (Clarke-Stewart *et al.*, 1985:559). Volgens hulle is die kind se verwagting aanvanklik gerig op eksterne bestraffing vanaf die ouers. Die superego, die gewete, ontwikkel as gevolg van die onderdrukking van die Oedipus-kompleks, met die gevolg dat daar met die ouers se waardes geïdentifiseer word (Ruma & Mosher, 1967:122). Volgens die

sosiale leerteorie kan die aanleer van skuldgevoelens teruggevoer word na die opvoeding in die ouerhuis. Tydens die fase van seksuele ontwikkeling, gewetensontwikkeling (Mosher & Cross, 1971:27) en die internalisering van morele standaarde (Mosher, 1965:162) vind daar binne die konteks van die ouer-kindverhouding 'n versterkingsproses plaas wat betrekking het op die oorskryding van gestelde gedragstandaarde. Die verwagtingsaspek van skuld is 'n produk van hierdie versterkingsproses. Ouers maak vae dreigemente van bestraffing teenoor hulle kinders vir onbehoorlike (verkeerde) of immorele seksuele gedrag soos deur hulle gedefinieer. Die standaarde van korrekte gedrag wat nagestreef word en met skuld verband hou, omvat verbodinge ("moenies") en positiewe waardes ("moets"). Aanvanklik is die verwagting van die kind gerig op eksterne bestraffing vanaf die ouers vir oortreding van hierdie reëls of standaarde, maar met die aanvaarding en internalisering van eie gedragstandaarde word selfkritiese of selfbestraffende gedrag verwag vir oortredings wat begaan word. Die proses van internalisering van hierdie waardes word versterk deurdat goedkeuring gedurig nagestreef word en bestraffing vermy word (Mosher, 1965:162).

Behalwe hierdie opvoedingsproses is Mosher (1966:29) van mening dat die inhibisie van moreel onaanvaarbare gedrag gemotiveer word deur twee faktore, naamlik 'n vrees vir eksterne straf en die vermyding van interne skuldgevoelens. Volgens Mosher verskil die meting van skuldgevoelens van dié van vrees en sosiale wenslikheid. Vrees en skuldgevoelens, hoewel hulle met mekaar verband hou (Du Plessis, 1982:16) en in interaksie staan (Mosher, 1966:25), is onderskeibaar. 'n Geneigdheid tot skuldgevoelens hou verband met geïnternaliseerde waardes, terwyl vrees vir bestraffing situasioneel gebonde is. Die verwagtingsaspek van skuldgeneigdheid is gebaseer op 'n geskiedenis van versterking wat geïnternaliseerd is en selfgekontroleerd is. Hoe meer prominent die verwagting van skuldgevoelens teenwoordig is, hoe minder word die persoon beïnvloed deur

eksterne situasionele wenke. Alhoewel eksterne wenke ten doel het om die verwagting van bestraffing te aktiveer, funksioneer die verwagtingsaspek van skuld onafhanklik van situasionele of eksterne wenke. Daar is dan ook bevind dat diegene wat geneig is tot 'n hoë mate van seksuele skuldgevoel hul seksuele gedrag bly inhibeer, ongeag die moontlikheid van eksterne bestraffing (Mosher, 1965:163). Die konsep van skuldgeneigdheid moet ook nie met die nastreef van sosiaal wenslike gedrag verwar word nie. Volgens Galbraith, Hahn en Lieberman (1968:195) is daar 'n lae, maar positiewe korrelasie tussen skuldgevoel en sosiale wenslikheid, aangesien albei sensitief ingestel is teenoor geïnternaliseerde waardes. Skuldgevoel is egter gerig op die "reg" of "verkeerd" van gedrag, terwyl die klem in die geval van wenslikheid op die toepaslikheid, al dan nie, daarvan geplaas word.

#### 4.2.2.2 Die verband tussen skuldgevoel en lokus van kontrole.

Volgens sosiaal-leerteoretiese terme word selfbestraffende reaksies ontlok wanneer die negatiewe gevolge van 'n gedragspatroon, wat nie deur die samelewing gemagtig word nie, vir die individu duidelik word. Die regulerende funksie van selfbestraffende gedrag kan ontkoppel word deurdat die verantwoordelikheid daarvoor op iets of iemand anders geplaas word. Uit studies blyk dit dat hierdie konsep van kontrole moontlik van toepassing gemaak kan word op die gedrag van individue met 'n hoë vlak van skuldgeneigdheid. Volgens Lansky en Wilson (1981:36) onderdruk kognitiewe kontroles die seksuele opwekkingsproses van 'n persoon met 'n hoë skuldgeneigdheid. Ondersoeke met plasebo- en alkoholmonsters het getoon dat die oortuiging dat alkohol gebruik is, bydra tot die verslapping van selfgekontroleerde gedrag. Die oortuiging dat die verantwoordelikheid vir die "verkeerde" gedrag wat bestraffing verdien, op die inname van alkohol geplaas moet word, dra by tot 'n toenemende seksuele opwekkingsproses by

individue met 'n geneigdheid tot 'n hoë vlak van skuldgevoelens (Abrams en Wilson, 1983:196). Lang, Searles, Lauerman en Adesso (1980:651) en Lansky en Wilson (1981:41) het so 'n ondersoek onderneem met 'n groep mans wat, onder andere, geneig is tot 'n hoë vlak van skuldgevoelens. Daar is bevind dat die oortuiging dat alkohol gebruik is, tot gevolg gehad het dat die vlak van seksuele responsiwiteit ten opsigte van visuele stimuli en seksuele opwekking aansienlik toegeneem het by diegene met 'n hoë geneigdheid tot skuldgevoelens. Abrams en Wilson (1983:195) kon egter nie daarin slaag om dié resultate te dupliseer nie, wat ruimte laat vir verdere ondersoek van die hipotese.

Rotter (1971:61) se beskouing van die verwagting van kontrole is gebaseer op die verwagtingsaspek van sy sosiale leerteorie, asook die toeskrywing aan of vind van oorsake vir 'n bepaalde gedragsvorm. Dié konsep kan omskryf word as die oortuiging dat 'n persoon beheer oor sy eie lot kan uitoefen (interne lokus van kontrole), of dat sy lewe deur magte buite homself beheer word en dat hy magteloos daarteenoor staan (eksterne lokus van kontrole).

Volgens Jessor et al. (1968:126) dra die gedagtegang gekoppel aan 'n eksterne lokus van kontrole, soos byvoorbeeld 'n onvoorspelbare toekoms wat op toeval berus, indirek tot die voorkoms van probleemgedrag by. Jessor et al. (1983:609) beskou voorhuwelikse seksuele gedrag slegs as probleemgedrag in die gevalle waar dit van die gestelde norme vir 'n ouderdomsgroep afwyk. In opvolgstudies kon hierdie navorsers egter nie daarin slaag om maagde van nie-maagde, wat die voorkoms van probleemgedrag impliseer, in die laer ouderdomsgroepe te onderskei op grond van 'n neiging tot 'n eksterne lokus van kontrole nie (Jessor et al., 1983:621). Rosen et al. (1982:165) het egter bevind dat 'n latere aanvang van seksuele aktiwiteite (na ouderdom sestien) meer met 'n interne lokus van kontrole geassosieer kan word.

Die moontlikheid bestaan dat hierdie kontroles dalk 'n invloed op die gedragpatrone binne voorhuwelikse seksuele verhoudinge kan hê. D'Augelli en Cross (1975:46) het bevind dat vroue wat geneig is tot 'n hoë vlak van skuldgevoelens in verhoudings met mans met 'n lae vlak van skuldgevoelens dalk meer intiem verkeer as wat hulle gemaklik vind. Daar word gehipotetiseer dat die vroue met 'n hoë vlak van skuldgeneigdheid passief in hulle seksuele besluitnemingsvermoë is in verhoudings wat vir hulle betekenisvol is en dat die vrou binne sodanige verhoudings tradisioneel meer onderdanig aan die man is. Knafo en Jaffe (1984:459) het bevind dat vroue hulle meer as mans wend tot seksuele fantasieë waarin dwang en onderwerping die botoon voer om sodoende die skuld of blaam vir die seksuele daad van haar af weg te neem. Die hipotese dat vroue op sodanige wyse die verantwoordelikheid vir die "slegte" gedrag van haar af wegwys, laat ruimte vir die moontlikheid dat die vrou met 'n geneigdheid tot 'n hoë mate van skuldgevoelens die man wat sy liefhet, asook die aard van die verhouding, soos byvoorbeeld 'n verlowing, vir die "onbehoorlike" gedrag wat bestraffing verdien verantwoordelik hou. Of alle individue wat wel seksueel verkeer en 'n hoë skuldgeneigdheid het, meer geneig is tot 'n eksterne lokus van kontrole moet egter nog vasgestel word.

#### 4.2.2.3 Die karakterisering van die seksuele skuldgevoel.

Die geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens word gekarakteriseer deur 'n klas gedragpatrone wat onder bepaalde omstandighede na vore kom. Tydens hierdie omstandighede en in hierdie situasies word die persoon bewus van seksuele opwekking en die ervaring van prikkeling en genot, asook skaamte wat as skuld ervaar word weens die assosiasie daarvan met morele kennisies oor seksuele gedrag (Mosher 1985:1). Kenmerkend in hierdie situasies is die inhibering van seksuele gedrag asook die verwarring van kognitiewe prosesse. Seksuele skuldgevoel kan verder onderskei word deur die teenwoordigheid van pynlike gevoelens van selfberou

(Mosher, 1968:695), emosionele belewing van skuld, selfbestraffing en -blaming, asook belydenis van oortreding, of die voorkoms van versoenende gedrag nadat 'n morele reël of standaard oortree is (Mosher & Cross, 1971:27). Seksuele skuldgevoel word ook beskou as 'n belangrike komponent van vermydingsmotivering (Galbraith & Mosher, 1975:67). Motivering omvat alle psigologiese faktore wat aspekte van doelwitgerigte gedrag soos die keuse, volharding en kwaliteit daarvan beïnvloed (Dweck & Elliot, 1983:645). Volgens sosiaal-leerteoretiese terme is motivering afhanklik van die verwagting van sukses, die sterkte van die motief, asook die aansporingswaarde wat aan sukses en mislukking gekoppel word. Die verwagting van 'n positiewe uitkoms het geaktiveerde naderingsgedrag tot gevolg, terwyl negatiewe verwagtinge, soos dié wat met skuld verband hou, tot 'n geïnhibeerde vermydingsreaksie lei.

Navorsers het met ondersoek onder studente gevind dat die vermydingsmotivering agter seksuele skuld dan ook merkbaar is in verskeie gedragsvorms. Daar is bevind dat studentemans met 'n geneigdheid tot 'n hoë vlak van seksuele skuldgevoelens, soos gemeet deur die "Mosher Forced Choice Guilt Subscale", minder seksuele response kon gee wanneer daar vryelik geassosieer is met stimuluswoorde wat in platvloerse taal wel seksuele betekenis het, soos byvoorbeeld "mount". Hulle was ook minder bewus daarvan dat die woorde seksuele betekenis gehad het (Galbraith et al., 1968:195).

Volgens Kerr en Galbraith (1975:996) vermy diegene met 'n hoë vlak van skuldgevoelens seksuele onderwerpe en sal dus woorde met seksuele konnotasies aseksueel kodeer. Seksuele response is dus nie onmiddellik beskikbaar vir herroeping nie. Hulle het ook bevind dat vroulike studente met 'n hoë skuldgeneigdheid dit moeiliker vind om seksuele konnotasies aan woorde te heg. Dit blyk verder dat seksuele stimulasie 'n negatiewe invloed het op individue met 'n geneigdheid tot 'n hoë vlak van skuldgevoelens. Hulle vind dit moeilik om

seksuele inligting, selfs mediese inligting soos dié oor aborsie, te onthou of weer te gee (Galbraith en Mosher, 1970:69; Schwarz, 1973:63) deurdad die skuldgevoelens 'n intense vermydingsang tot gevolg het. So het Schill en Chapin (1972:516), asook Mosher (1973:100) bevind dat hoë skuldgeneigdheid in mans nou verwant is aan die vermyding van erotiese literatuur en films.

Waar erotiese opwekking soms deur fantasieë geïnisieer kan word, kom dit voor asof seksuele fantasering ook deur die mate van seksuele skuldgevoel beïnvloed word. In 'n ondersoek deur Moreault en Follingstad (1987:1390) is die fantasieë van vroue met 'n hoë skuldgeneigdheid gekenmerk deur 'n kleiner hoeveelheid en eenvoudiger inhoud, met minder temas as dié van vroue met 'n lae skuldgeneigdheid. Wat seksuele gedrag betref, beskou individue met 'n hoë skuldgeneigdheid hulleself nie alleen as polities en godsdienstig konserwatief nie, maar masturbeer hulle ook minder (Mosher, 1973:100). Hulle het ook minder voor-huwelike seksuele ervarings (D'Augelli en Cross, 1975:43), en is geneig om hulle seksuele ervarings tot die minder intieme te beperk (Mosher en Cross, 1971:30). Volgens Mosher (1973:100) se bevindinge het sy proefpersone met 'n hoë mate van skuldgeneigdheid, minder ondervinding van en minder behoefte aan ongewone seksvorme, soos fellasie gehad. Diegene wat wel seksueel ervare was, het minder seksuele ervaring met 'n kleiner aantal sekstaats gehad as diegene met 'n lae geneigdheid tot skuldgevoelens. Die seksuele ervarings het vir vroue met 'n hoë geneigdheid tot skuldgevoelens eers vanaf hoër ouderdomme, en in die geval van mans, in emosioneel intieme verhoudings voorgekom.

Die vermydingsgedrag van hierdie proefpersone met 'n geneigdheid tot 'n hoë mate van skuldgevoelens word dikwels gemotiveer deur 'n vrees vir selfbestraffing of bestraffing deur ander. Mosher en Cross (1971:31) het in hul studie bevind dat morele oortuigings teen intieme vorme van seksuele verkeer, asook mans se vrees vir swangerskap en siekte

die proefpersone met 'n hoë skuldgeneigdheid en diegene met 'n lae skuldgeneigdheid van mekaar onderskei het. Mosher (1973:100) weer het by sy proefpersone wat geneig is tot 'n hoë mate van skuldgevoelens, 'n vrees vir skuld en sosiale verwerping, asook 'n godsdienstige opvoeding as redes teen voorhuwelikse seks gevind.

#### 4.2.2.4 Die invloed op kognitiewe funksionering.

Verskeie navorsers het al ondersoek ingestel na seksuele disfunksie en gefokus op die bydrae van faktore soos emosies, kognitiewe afleiers en selektiewe aandag. Volgens Adams, Haynes en Brayer (1985:695) is daar aanduidings dat vroue met orgastiese probleme in 'n seksuele opwekkingsituasie makliker deur kognitiewe afleiers ("distractors") beïnvloed word as wat die geval is met vroue wat gereeld orgasmes ervaar. Barlow (1986:146) wys weer daarop dat die aandag van seksueel disfunksionele mans deur erotiese stimuli afgetrek word en disfunksie sodoende gefasiliteer word.

Faktore wat bydra tot seksuele opwekking geniet ook die aandag van navorsers. Na afloop van 'n studie oor seksuele opwekking was Beck, Barlow, Sakheim en Abrahamson (1987:170) van mening dat swelling van die geslagsorgane skynbaar onder outonومiese beheer staan, terwyl kognitiewe faktore wel 'n invloed op die subjektiewe ervaring daarvan het.

Dit kom voor asof soortgelyke kognitiewe faktore 'n invloed op die vermydingsgedrag en seksuele response van individue met 'n hoë skuldgeneigdheid uitoefen. Lansky en Wilson (1981:36) is van mening dat die moontlikheid bestaan dat seksuele opwekking geïnhibeer word by diegene met 'n hoë skuldgeneigdheid deurdat kognitiewe kontroles die aandag van erotiese stimuli aftrek. Volgens Mosher (1973:103) is daar nie bewyse vir die hipotese dat seksuele skuldgevoelens seksuele opwekking as sodanig inhibeer nie. Daar is wel bevind dat skuldgevoelens negatiewe emosies teenoor erotiese

stimuli in die hand werk (Mosher, 1973:105; Ray & Walker, 1973:95). Die bevindinge dat sowel proefpersone met 'n hoë as dié met 'n lae skuldgeneigdheid seksuele opwekking na blootstelling aan erotiese stimuli getoon het, het Schill (1972:35) tot die slotsom laat kom dat skuldgevoelens eerder seksuele response as seksuele opwekking inhibeer. Hierdie hipotese word verder bevestig deur Morokoff (1985:181,183) se bevindings dat vroue met 'n hoë skuldgeneigdheid fisiologies meer opgewek is deur 'n erotiese film as vroue met 'n lae skuldgeneigdheid. Die vroue met 'n hoë skuldgeneigdheid in hierdie ondersoek het egter subjektief 'n mindere mate van opwekking as die proefpersone met 'n lae skuldgeneigdheid ervaar.

Volgens Morokoff (1985:187) het individue met 'n lae skuldgeneigdheid lae morele beperkinge ten opsigte van die seksuele en wysig hulle hul gedrag na aanleiding van die situasionele wenslikheid daarvan. Diegene wat geneig is tot 'n hoë mate van skuldgevoelens reageer op hul interne standaarde, sodat hulle gedrag meesal geïnhibeer word. In teenstelling met die patroon van vermydingsgedrag van die vrou wat geneig is tot 'n hoë mate van skuldgevoelens, staan die vrou met 'n lae skuldgeneigdheid se seksuele opwekking onder situasionele beheer. Blootstelling aan eksplisiete erotiese stimuli vergemaklik fisiologiese opwekking vir haar as geïnhibeerde vrou. Haar inhibisie word tydelik onderdruk deur hierdie stimuli waaraan sy nie gewoond is nie en wat sy gewoonlik vermy. Gevolglik koester sy dan meer seksuele gedagtes as gewoonlik. Aangesien sy in aanraking is met sulke uiters "verbode" opwekkingstimuli, wil sy aan die sosiale standaarde voldoen en angs vermy deur nie aan hierdie sterk seksuele gevoelens erkenning te gee nie. 'n Laer subjektiewe aanduiding van seksuele opwekking word dus gegee.

Waar vermydingsgedrag en verwarring van kognitiewe prosesse kenmerkend is van seksuele skuldgevoel blyk dit dat seksuele skuldgevoel alleen nie altyd voldoende is om inhiberende en

vermydingsgedrag by persone met 'n hoë skuldgeneigdheid te fasiliteer nie. Dit wil egter voorkom asof die skuldgevoel alleen tog invloedryk genoeg is om 'n rol te kan speel in kognitiewe prosesse soos rasionele besluitneming. In 'n ondersoek deur Gerrard (1987b:979) is daar bevind dat die rasionele besluitnemingsproses, gekoppel aan die gebruik van voorbehoedmiddels, negatief deur skuldgevoel beïnvloed is. Hy het bevind dat vroulike kollegestudente wat in 'n seksueel vrydenkende en "liberale" era, soos die sewentigerjare, ongeag 'n geneigdheid tot 'n hoë mate van skuldgevoelens wel voorhuweliks seksueel aktief was, sodanig deur hulle skuldgevoelens beïnvloed is dat hulle nie effektiewe voorbehoedmiddels gebruik het nie.

#### 4.2.2.5 Die verband tussen seksuele skuldgevoel en morele oortuiging.

Seksuele gedrag buite die huwelik behels dikwels 'n konfrontasie met morele dilemmas en die maak van keuses tussen dit wat "reg" of "verkeerd" sou wees. D'Augelli en Cross (1975:40) is van mening dat hierdie besluitnemingsproses in 'n meer openlike samelewing vandag aan adolessente groter vryheid bied om hulle eie waardes bo dié van hulle gemeenskap en ouers te verkies. Reeds vanaf die kleuterjare word die adolessent gekonfronteer met "reg" of "verkeerd" en probeer hy terselfdertyd straf vermy. Tydens 'n kontinue ontwikkelingsproses, wat tot in adolessensie strek, word 'n eie stel reëls by die waardestelsel geïnkorporeer. Die rol wat die ouer, portuurgroep, godsdienssin en geslagsrol-identiteit in die morele ontwikkeling van die adolessent speel word as belangrik beskou. Sosiale verwagtinge en kinderopvoeding word dan ook spesifiek gekoppel aan die geneigdheid tot skuldgevoelens (Alberts, 1983:261).

Die morele besluite wat 'n persoon oor sy seksualiteit maak, kan positiewe of negatiewe gevolge soos byvoorbeeld die ontketening van skuldgevoelens, vir hom inhou. Propper en Brown (1986:332) beskou Mosher se definisie van seksuele

skuld as 'n sosiaal-leerteoretiese beskrywing van 'n konstruksie wat saamgestel is uit persoonlike moraliteit en die individuele reaksie teenoor morele oortredings. Waar skuldgevoelens vermydingsgedrag fasiliteer en dus as inhiberende faktor vir die oortreding van morele taboes dien, kan morele oortuigings inhiberend of fasiliterend ten opsigte van seksuele gedrag wees. Diegene wat hul morele besluitneming volgens die tradisionele negatiewe voorskrifte en taboes neem, sal hulle gedrag, veral hulle voorhuwelike seksuele gedrag, inhibeer. Navolgers van die nuwe liefdesmoraal wat gemeenskap binne enige liefdevolle verhouding goedkeur, sal weer volgens hulle morele oortuiging handel en seksueel aktief verkeer.

D'Augelli en Cross (1975:40) definieer die proses van morele besluitneming as 'n neiging om 'n konstante logika en waardestelsel aan morele besluite te koppel. Kohlberg (1976:34-35) het ses stadiums in die ontwikkeling van morele redenering geïdentifiseer, wat rofweg aan sekere ouderdomsgroeperings gekoppel kan word.

Tydens die kinderjare word die redenasie oor morele kwessies gekenmerk deur 'n straf- en gehoorsaamheidsoriëntasie. Daar word gepoog om straf te vermy deur nie reëls te verbreek of fisieke skade aan mense of eiendom te veroorsaak nie. Tydens die tweede stadium (instrumentele oriëntasie) probeer die kind om die regte ding te doen wat tot albei partye se voordeel strek en tot onmiddellike behoeftebevrediging sal lei. Tydens die adolessente en volwasse jare is morele besluite afhanklik van die goedkeuring van ander, veral gesagsfigure. Die persoon wat handel volgens hierdie "goeie seun/meisie"-oriëntasie streef goeie en "regte" gedrag na wat hulp sal verleen en waarvan ander sal hou. Stadium vier word ook genoem die wet-en-orde oriëntasie waar korrekte gedrag geassosieer word met pligsvervulling, respek vir gesag en die handhawing van die bestaande orde. Hiervolgens word daar rigied onderskei tussen reg en verkeerd en moet

reëls altyd nagekom word, behalwe waar dit met bestaande sosiale ordes bots.

Die hoogste vlakke van morele ontwikkeling is afhanklik van die adolessent se kognitiewe ontwikkeling, wat volgens Craig (1979:448) ook deels berus op vorige ervaring in die neem van morele besluite. Brunstetter en Silver (1985:1608) is van mening dat die interaksie tussen kognisies, naamlik abstrakte denke en ondervinding van die sosiale werklikheid, verantwoordelik is vir die werklike besef van moraliteit wat tydens adolessensie volkome ontwikkel. Teen hierdie agtergrond is Kohlberg van mening dat die minderheid van volwassenes stadiums vyf en ses bereik. Volgens die sosiale ooreenkoms-oriëntasie (stadium 5) word korrekte of verkeerde gedrag deur middel van 'n kontraktuele ooreenkoms tussen die individu en die samelewing bepaal. Korrekte gedrag word hiervolgens gedefinieer in terme van wette of vasgestelde reëls, wat die optimale funksionering van die gemeenskap moet bevorder. Alhoewel die samelewing se reëls voorop staan, word die individu se persoonlike mening en waardes ook in ag geneem. Stadium ses-persone (oriëntasie volgens universeel etiese beginsels) beoordeel gedrag nie net volgens bestaande norme nie, maar ook volgens hulle gewete of selfverkose en geïnternaliseerde etiese beginsels. Daar word altyd volgens eie beginsels opgetree, ongeag ander se reaksies.

Volgens die psigoanalitiese leerskool het morele ontwikkeling plaasgevind wanneer gedrag nie meer geïnhibeer word deur 'n vrees vir eksterne bestraffing nie, maar deur die vermyding van interne skuldgevoelens. Na aanleiding van Kohlberg se teorie vind ontwikkeling plaas deurdat die individu bewus word van ander se waardes en van bepaalde teenstrydighede in sy eie waardestruktuur. Hy word gemotiveer om die kognitiewe harmonie te herstel deur die teenstrydighede uit die weg te ruim. Tesame met hierdie proses en toenemende ervaring oor ander se standpunte wat

"oorgeneem" kan word, word morele groei gestimuleer (Louw et al., 1984:371).

Hoewel Kohlberg se teorie 'n waardevolle bydrae gelewer het, word dié teorie gekritiseer vir sy eensydigheid ten opsigte van kultuur (Craig, 1979:449), teoretiese beskouing wat gerig is op oordele en nie gedrag nie (Craig, 1979:448), asook sy beperkte siening van moraliteit (Weinrich-Haste, 1983:399).

#### 4.2.2.6 Die interaksie tussen vlak van morele redenering en seksuele skuldgevoel.

Dit blyk dat morele redenasies en seksuele skuldgevoel, wat albei dien om seksuele gedrag te inhibeer, nie onafhanklik funksioneer nie. D'Augelli en Cross (1975:45) asook Propper en Brown (1986:338) het bevind dat diegene wat hul redenasies volgens die wet-en-orde oriëntasie (stadium 4) voer, meer geneig is tot 'n hoë mate van seksuele skuldgevoelens. Dit blyk dat diegene wat in stadium vyf redeneer 'n eie stel waardes ontwikkel het en nie so besorg is oor eksterne veroordelings deur die samelewing nie. Verwagtinge van straf en die geneigdheid tot skuldgevoelens is gevolglik laer as wat die geval in stadium vier sou wees. Volgens D'Augelli en Cross (1975:43) is diegene in stadium vier meesal maagde wat hul seksuele gedrag inhibeer. Nie-maagde met liberale seksuele oortuiginge en filosofieë gebruik weer meer die sosiale-ooreenkoms-oriëntasie (stadium 5) in die liefdevolle verhoudings waarin hulle seksueel verkeer en ervaar gevolglik 'n lae geneigdheid tot skuldgevoelens. Daar is ook bevind dat nie-maagde met geen vaste standaarde of seksuele motiewe geneig is tot 'n instrumentele oriëntasie (stadium 2) en seksualiteit gebruik vir onmiddellike behoeftebevrediging in verhoudings waarin daar geen liefde of toegeneentheid bestaan nie. By sodanige persone is daar ook 'n baie lae geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens.

Alhoewel 'n geneigdheid tot 'n hoë mate van seksuele skuldgevoelens en 'n wet-en-orde moraliteit as belangrike faktore in die inhibisie van seksuele gedrag by individue dien, blyk dit nie altyd die geval te wees nie. D'Augelli en Cross (1975:47) is van mening dat die man en nie die vrou nie se geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens en vlak van morele redenering as beter voorspeller van die paartjie se seksuele gedrag dien. Hierdie voorlopige resultate word toegeskryf aan die tradisioneel meer dominante rol van die man.

Seksuele inhibisies kan ook soms teruggevoer word na die waardes wat ouers aan hulle kinders oordra. Hierdie waardestelsel is egter ook gekoppel aan seksuele besluitnemingsfaktore, dit is seksuele skuldgevoelens en morele redenering. Propper en Brown (1986:338) het bevind dat die redenering in stadium vier van so 'n aard is dat dit alle invloede rakende seksuele besluitneming oorskadu. Selfs die invloed vanaf die ouerhuis word verdwerg deur die wet-en-orde oriëntasie. Persone wat in stadium vyf verkeer, beoordeel 'n situasie weer aan die hand van hulle eie oortuigings, maar by seksuele besluitneming is die navorsers van mening dat daar teruggeval word op morele waardes wat die ouers aan hulle oorgedra het. Op hierdie hoë vlak van redenering is daar teen alle verwagting (van selfstandige keuse) in, bevind dat die mate waarin 'n persoon geneig is tot seksuele skuldgevoelens verwant is aan die invloed vanuit die ouerhuis. Navorsing rakende morele redenering en seksuele besluitneming staan egter nog in sy kinderskoene.

Dit moet in gedagte gehou word dat morele redenasies ten opsigte van seksuele dilemmas montlik kan verskil van dié van ander kwessies. Genoemde resultate is net van toepassing op morele redenering in seksuele situasies. D'Augelli en Cross (1975:44) is van mening dat waar die geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens nie altyd voldoende is om seksuele gedrag te inhibeer nie, morele redenering die proses komplementeer en bydra tot inhibisie.

#### 4.2.3 Die verwantskap tussen persoonlikheidsfaktore en seksuele gedrag.

Die veelbesproke verwantskap tussen persoonlikheidstrekke en waarneembare gedrag het navorsers van seksuele gedrag nie ontgaan nie. So het Clement en Schmidt (1983:80) persoonlikheidstrekke wat in die neurotiese rigting afwyk van dié van die algemene bevolking, geïdentifiseer by Duitse volwassenes wat vir seksuele disfunksie behandeling ontvang het. Die oorsaaklike verwantskap tussen die eienskappe en gedrag kon egter nie verklaar word nie. Die vraagstuk of daar wel 'n direkte verwantskap bestaan, is verder verdiep deurdat Munjack en Staples (1970:119) geen verskil in persoonlikheidsprofiel van seksueel disfunksionele vroue en 'n normale kontrolegroep kon vind nie.

Ajzen (1988:149) is van mening dat metings van algemene persoonlikheidstrekke as basis vir die voorspelling van breë veelvuldige response kan dien, maar dat hulle nie op spesifieke response van toepassing gemaak kan word nie. Nieteenstaande hierdie mening het Eysenck (1976a:61) na 'n uitgebreide studie die gevolgtrekking gemaak dat die groot verskeidenheid van menslike seksuele response gedeeltelik verklaar kan word op grond van basiese persoonlikheidskonstrukte naamlik introversie, ekstraversie, neurotisme en psigotisme.

Hierdie teorie berus op die biologiese basis dat die outonome senuweestelsel, wat emosionele uitdrukking bevorder, beheer word deur die visserale brein (Eysenck, 1976b:111). Die hoogs emosionele aard van die neurotiese persoon ontstaan wanneer dié stelsel ooraktief is en nie funksionering kan staak met die onttrekking van stimuli nie. Ekstraversie en introversie berus weer op die werking van die retikulêre aktiveringsstelsel in die brein. Hierdie stelsel beheer die tonus in die korteks en stel die korteks in staat om inkomende stimuli te kan hanteer.

Eksterne stimuli aktiveer kollaterale neurone, wat weer op hulle beurt deur die retikulêre sisteem die korteks aktiveer. Die funksie van die korteks is om gedrag te inhibeer. 'n Dominante korteks en 'n hoë mate van opwekking word dus met introversie geassosieer, terwyl 'n laer graad van opwekking met ekstraversie gepaard gaan. Die ekstravert se gedrag is ongeïnhibeerd, aangesien sy korteks in 'n ongeaktiveerde toestand is. Hoe meer geaktiveer die korteks is, hoe makliker sal gedrag geïnhibeer word. Volgens hierdie teorie bestaan daar ook 'n verband tussen morele gedrag en die werking van die korteks. 'n Lae mate van kortikale opwekking het verveling tot gevolg en bring 'n soeke na sensasie mee, wat die weerstand teen versoeking verlaag. Eysenck verklaar hiermee die groter mate van seksuele probleemgedrag onder ekstraverte, asook hulle voorkeur vir avontuur en aksie.

Bevindings rondom hierdie teorie lewer egter nie onteenseglike bewyse vir die bevestiging van die hipoteses nie. Eysenck self is van mening dat alhoewel "personality factors do not determine a person's fate, they merely nudge it along in certain directions, nevertheless the nudge can be pretty compelling sometimes" (Eysenck, 1976a:233). Waar kritici duplisering van die resultate bepleit het (Broadhurst, 1977:370) kon Farkas et al. (1979:31) en Kantorowitz (1978:120) slegs daarin slaag om gedeeltelike bewyse vir die aannames te vind.

Ten spyte van hewige kritiek wat teenoor Eysenck se bevindinge uitgespreek is, is daar aanduidings dat daar moontlik 'n verband kan bestaan tussen 'n mindere of meerdere mate van seksuele aktiwiteite en bepaalde persoonlikheidsfaktore. Hariton en Singer (1974:320) het in 'n studie van seksuele fantasieë 'n bepaalde soort vrou geïdentifiseer met persoonlikheidstrekke soos aggressie, dominansie, outonomie, impulsiwiteit, ekshibisionisme en gebrek aan versorgingsdrang en affiliasie. Sy het ook meer erotiese fantasieë gehad en was seksueel binne en buite die

huwelik meer aktief as meer geïnhibeerde vroue met 'n tradisionele geslagsrol en lewensbeskouing.

Clement (1980:278) weer het bevind dat 'n groep vroue wat seksueel passief is, hulleself meer as teruggetrokke, geïnhibeerd en bedees beskryf het. Hulle seksuele houdings is beskryf as moreel beperkend, terwyl hulle meer rigied tussen die geslagsrolle onderskei het. In hierdie verband het Walfish en Myerson (1980:202) bevind dat mans en vroue wat rigied op grond van geslagsidentiteit onderskei 'n negatiewe houding (erotofobia) teenoor die seksuele openbaar. In 'n ander ondersoek onder Amerikaanse studente het Zuckerman (1978b:158) bevind dat diegene wat vrywillig aan erotiese stimuli blootgestel wou word, gekarakteriseer kon word as ongeïnhibeerd, avontuurlustig en spelerig. Die mans was veral impulsief en die vroue meer ekshibisionisties.

Onder adolessente het Jessor et al. (1983:609) bevind dat diegene wat reeds seksueel aktief is, of geneig is daartoe, groter waarde aan onafhanklikheid heg, minder waarde aan en verwagting van akademiese prestasie het, groter aanvaarding van probleemgedrag toon, minder godsdienstig is en meer sosiale kritiek (nie-aanvaarding van sosiale norme) openbaar. Volgens Miller en Simon (1974:64) is Amerikaanse tieners wat nie hoë akademiese aspirasies het en geen naskoolse opleiding oorweeg nie, ook geneig om meer seksueel aktief te wees. Hulle kom verder tot die gevolgtrekking dat vervreemding van sosiale strukture soos die kerk en familie kenmerkend is van adolessente wat met voorhuwelikse gemeenskap eksperimenteer (Miller & Simon, 1974:74).

Diegene wat seksuele aktiwiteite vermy, toon weer ander eienskappe. Proefpersone wat hulleself op talle lewens-terreine as konserwatief beskou, was meer geneig tot seksuele skuldgevoelens en het seksuele aktiwiteite vermy, aldus Mosher (1973:100). Rosen et al. (1982:161) het op hul beurt bevind dat tieners wat op latere ouderdomme seksueel aktief geword het, meer aspirasies gehad het as diegene wat

voor vyftienjarige ouderdom 'n eerste koitale ondervinding gehad het.

Volgens Fisher et al. (1988:131) is die evaluering van 'n persoonlikheidskonstruk afhanklik van sy verwantskap met ander persoonlikheidsdimensies. Die voorkoms van seksuele skuldgevoel is duidelik merkbaar in die voorkoms van gepaardgaande vermydingsgedrag. Dit blyk verder dat seksuele vermydingsgedrag verband hou met sosiaal aanvaarbare trekke soos verantwoordelikheid en ambisie, terwyl promiskuiteit onder adolessente dikwels hand aan hand gaan met probleemgedrag. Volgens Eysenck (1976a:231) is introverte meer geneig tot skuldgevoelens en openbaar hulle ook 'n puriteinse houding teenoor die seksuele (Eysenck, 1976a:59), terwyl neurotiese persone seksueel minder aktief is, meer oor hulle eie seksualiteit besorg is en meer teen-sin in sekere aspekte van seksualiteit het. Dit laat ruimte vir die ondersoek van die hipotese dat 'n meer gematigde en geïnhibeerde seksuele lewenshouding kenmerkend is van introverte en neurotiese persone terwyl ekstraverte seksueel meer avontuurlustig is.

## HOOFSTUK 5

### METODE VAN ONDERSOEK.

#### 5.1 Inleiding.

Die onderhawige navorsingsprojek is oor 'n tydperk van twee jaar tydens Oktober 1989 en Julie 1990 onderskeidelik, op studente van die Vaaldriehoek-kampus van die PU vir CHO uitgevoer.

Die doelstelling van die ondersoek was om die verband tussen normatiewe oortuigings, seksuele gedrag en verwante persoonlikheidstrekke te ondersoek. Daar is telkens gepoog om die veranderlikes wat met genoemde aspekte verband hou, onderling te korreleer ten einde tentatiewe voorspellings van, en oorsaaklike verklarings vir die onderlinge verwantskappe te formuleer.

Elke jaargroep is afsonderlik gedurende 1989 by die studie betrek. Weens die aanvanklike klein hoeveelheid respondente is die monster vergroot deur die byvoeging van 'n ander eerstejaarsgroep gedurende 1990. Die response van al die groepe het grootliks ooreengestem. Deur middel van presensielyste is daar kontrole uitgeoefen om die duplisering van 'n proefpersoon se response te voorkom.

#### 5.2 Respondente.

Die universum het bestaan uit psigologiestudente uit die eerste-, tweede- en derdejaargroepe. Gedurende normale klasbywoning is alle studente teenwoordig gevra om vrywillig aan 'n studie oor houdings en gewoontes deel te neem. Daar was geen weierings nie.

Die monster respondente wat vir die ondersoek geselekteer is, bestaan uit ongetroude studente ( $N = 95$ ), waarvan 53 damestudente en 42 manstudente is. Hulle ouderdomme wissel van 18 tot 24 jaar, met 'n gemiddelde ouderdom van 19 jaar.

Die eerstejaarsgroep bestaan uit 78 respondente, die tweedejaarsgroep uit 7 respondente en die derdejaarsgroep uit 10 respondente.

Respondente is geselekteer op grond daarvan dat hulle Afrikaans as enigste huistaal (N = 32) of as ander huistaal, naas dié van Engels aangedui het (N = 13). Afrikaanssprekende Kleurlingstudente word nie deur die navorser as 'n afsonderlike groep beskou nie en vorm deel van die monster respondente. Die Theron-kommissie het reeds gedurende die sewentigerjare bevind dat Kleurlinge binne die groter Suid-Afrikaanse samelewing geen afsonderlike kultuur het nie (Theron & Du Toit, 1977:75). Geen opvallende verskille tussen die response van blanke en Kleurlingstudente het dan ook voorgekom nie. Swart respondente en respondente met 'n ander huistaal as Afrikaans is uit die studie weggelaat weens die kulturele agtergrondverskil wat normatiewe oortuiginge kan beïnvloed.

### 5.3 Prosedure.

Drie vraelyste moes deur die respondente voltooi word, naamlik:

- a) 'n gekombineerde biografiese en houdingsvraelys;
- b) 'n seksuele skuldvraelys en
- c) 'n persoonlikheidsvraelys (16 PF).

Die gekombineerde vraelys is spesiaal vir die doel van die ondersoek opgestel, terwyl die seksuele skuldvraelys ook vir die doel van Engels na Afrikaans vertaal moes word. Om moontlike probleme met die instruksies en items uit te skakel en regstellings met die oog op die finale ondersoek te maak, is albei vraelyste tydens 'n voorstudie op agt respondente toegepas.

Die ware aard van die studie en inhoud van sekere items is van die studente weerhou om onnatuurlike teenstand en skuldgevoelens wat vooraf kon ontwikkel te vermy. Weens die

sensitiewe aard van sommige items moes die respondente van hulle anonimiteit verseker wees, alhoewel 'n vorm van identifikasie terselfdertyd noodsaaklik was. Daar is gevolglik aan elke respondent die geleentheid gegee om 'n nommer uit 'n houer willekeurig gekose nommers te trek, wat die respondent vir die duur van die ondersoek sou identifiseer.

Die erns van die studie is telkens benadruk en respondente is terselfdertyd verseker van die vertroulike aard van die studie en dat die sukses daarvan van hul samewerking en volkome eerlikheid afhanklik is. Vraag 36 van die gekombineerde vraelys (Gee jou opinie oor hoe eerlik jy die vraelys beantwoord het.) is bygevoeg om hierdie aspek te beklemtoon. Slegs vier respondente het hierdie versoek verontagsaam. Die vraelyste wat ongerymdhede vertoon het, is uit die studie weggelaat. Dit moet benadruk word dat die betroubaarheid van die gegewens op die samewerking van die respondente berus, 'n aspek waaroor die navorser noodwendig nie volkome beheer kon uitoefen nie.

Waar moontlik, is gepoog om die beantwoording van al drie vraelyste binne vyftig minute af te handel. Waar dit nie moontlik was nie is die persoonlikheidsvraelys by een geleentheid voltooi en die orige vraelyste tydens die bywoning van 'n volgende klas. Respondente wat nie by albei toetsgeleenthede teenwoordig was nie, het tot gevolg gehad dat dertien respondente geen persoonlikheidsvraelys voltooi het nie. Weens, onder andere, verwarring oor sekere begrippe is vier skuldvraelyste ook nie volledig voltooi nie. Die beskikbare inligting vervat in hierdie vraelyste is egter van so 'n aard dat dit deel kan vorm van die monster met volledige inligting (N = 79).

## 5.4 Meetinstrumente.

### 5.4.1 Gekombineerde biografiese en houdingsvraelys.

#### 5.4.1.1 Biografiese inligting.

Biografiese inligting is ingewin rakende die volgende:

- a) ouderdom;
- b) geslag;
- c) huistaal en/of kultuuragtergrond;
- d) huwelikstatus;
- e) ouers se beroep as aanduiding van sosiaal-ekonomiese status;
- f) kerkverband, asook godsdienstige meelewing en die invloed daarvan op die heteroseksuele verhoudingslewe (volgens die Likert-skaal metode) en
- g) ondervinding en ervaring van die heteroseksuele verhoudingslewe en voorhuwelikse seksualiteit (volgens die Likert-skaal metode).

#### 5.4.1.2 Houdingsvraelys.

Die huidige studie fokus op die individu se positiewe of negatiewe houding jeens seksualiteit en die invloed daarvan op sy waarneembare gedrag. Dit blyk egter dat daar 'n swak verwantskap tussen tradisionele houdingskale en die voorspelling van verwante gedragspatrone bestaan.

Teen die agtergrond hiervan het Ajzen (1988:120-122) 'n teorie van beredeneerde handeling ontwikkel. Volgens hom staan gedrag onder willekeurige beheer. Die voorkoms daarvan is 'n direkte gevolg van die individu se intensie of doel om die bepaalde gedragsvorm uit te voer. Behalwe in die geval van onvoorsiene omstandighede, en met die voorbehoud dat die individu kontrole daarvoor kan uitoefen, word die intensie onder geskikte omstandighede deurgevoer. Die intensie is afhanklik van die individu se houding teenoor, of evaluasie van, die gevolge van die gedrag, asook

sy subjektiewe norm of persepsie van sosiale druk. In die lig van Rotter se verwagtingsmodel is die houding afhanklik van die verwagting dat die uitvoer van die gedrag tot die gewenste gevolge sal lei én hoe hierdie gevolge beoordeel word. Die subjektiewe norm, daarenteen, is die resultaat van die persoon se persepsie van hoe die meeste mense, wat vir hom belangrik is, die gedrag sal beoordeel en hoe gemotiveerd hy is om hom aan hulle menings te steur (Ajzen & Fishbein, 1973:43). Hiervolgens sal seksuele gedrag vermy word wanneer die besliste gevolge daarvan negatief beoordeel word en die individu daarvan oortuig is dat belangrike referente soos ouers of die predikant die gedrag afkeur.

Die houdingsvraelys wat in die studie gebruik is, is gebaseer op die model van Ajzen en volgens die Likert-skaal-metode gekonstrueer uit 'n verskeidenheid vraelyste wat met vrug in verwante studies onder Suid-Afrikaanse omstandighede gebruik is. Die intensie om voorhuweliks seksueel te verkeer is deur middel van een item volgens 'n sespunt Likert-skaal (STEM NIE SAAM - sterk/matig/effens; STEM SAAM- sterk/matig/effens) vasgestel. Die individu se houding teenoor voorhuwelikse seksuele gedragspatrone binne bepaalde verhoudingsverband, byvoorbeeld binne en buite die konteks van 'n liefdevolle verhouding, is op soortgelyke wyse deur middel van sewe items vasgestel.

As bykomende vergelykende meetinstrument is die positiewe of negatiewe konnotasie vasgestel wat die respondente aan seksualiteit heg. Deur die gebruik van die semantiese differensiaal moes die respondente op 'n sewepunt bipolarêre skaal twaalf aspekte ten opsigte van seksualiteit, soos byvoorbeeld immoreel/moreel en onnodig/noodsaaklik, beoordeel.

Volgens Ajzen se model is die subjektiewe norm van 'n individu afhanklik van die goedkeuring van belangrike referente van 'n bepaalde gedragsvorm, asook die waarde wat daar aan dié oordeel geheg word. In die houdingsvraelys is daar deur middel van 'n sespunt Likert-skaal vasgestel in

watter mate (sterk, redelik, effens), volgens die respondent se oordeel, die referente sy of haar voorhuwelikse seksuele gedrag sal goedkeur of afkeur. Die referente, soos deur Ajzen (1988:121) beskryf, en wat in hierdie studie gebruik is, is ouers, grootouers, vriende/vriendinne, die kerk, dosente en die vaste ou of meisie. Die respondent se evaluasie van die referente se menings oor hulle voorhuwelikse seksuele gedrag is op soortgelyke wyse bepaal. Deur middel van 'n sespunt Likert-skaal is die mate (uiters, redelik, effens) vasgestel waarin dié referente se menings vir hom/haar belangrik of onbelangrik is.

Houdings is, volgens die model van Ajzen, afhanklik van die oortuigings omtrent die verwagte uitkoms van die gedragsvorm en die waarde wat daaraan geheg word. Hiervolgens is die individu se oordeel oor moontlike gevolge van voorhuwelikse seksuele omgang vasgestel. Deur middel van 'n sespunt Likert-skaal is die waarskynlikheid dat voorhuwelikse gemeenskap dertien moontlike gevolge vir die respondent sal hê (soos swangerskap en 'n slegte reputasie), op 'n skaal wat van goed (uiters/redelik/effens) tot swak (uiters/redelik/effens) strek, bepaal. Deur middel van 'n soortgelyke sespuntskaal is die respondent se evaluasie (goed/sleg) van die dertien moontlike gevolge van voorhuwelikse seksuele omgang bepaal.

Om te vermy dat die respondente telkens agter die onseker kategorie skuil, sonder om werklik bevestigend of ontkennend te antwoord, is afgewyk van die gebruikelike sewepuntskaal en is 'n sespuntskaal volgens die Likert-metode gebruik.

Aangesien die vraelys spesiaal vir die doel van die ondersoek gekonstrueer is, is bewese betroubaarheidsyfers vir die vraelys nie beskikbaar nie. Deur die meting van die interne konsekwenheid van items sal betroubaarheid bepaal word. 'n Alfakoëffisiënt van 0,75 word as 'n aanvaarbare vlak van interne konsekwenheid beskou. Toetsitems wat die

interne konsekwentheid tot onder hierdie vlak verlaag, sal weggelaat word om betroubaarheid te verhoog.

#### 5.4.2 Seksuele skuldvraelys.

'n Afrikaanse vertaling van die subskaal, seksuele skuld, van die "Revised Mosher Guilt Inventory" is gebruik. Die vraelys bestaan uit 25 vrae in sewepunt Likert-skaal formaat, elk met twee alternatiewe. (byvoorbeeld: A. Masturbasie is verkeerd en sal tot jou ondergang lei [1 = glad nie waar vir my nie, 7 = uitermate waar vir my]; B. Masturbasie help mens om gemaklik en ontspanne te voel [1 = uitermate waar vir my, 7 = glad nie waar vir my nie]). 'n Skuldtelling word bepaal deur die response te sommer.

Die hersiene uitgawe van die Mosher-skuldskaal is in 1985 deur Mosher ontwikkel. Alhoewel Mosher geen betroubaarheidsyfers vir die hersiene uitgawe kon verskaf nie, is hoë alfakoëffisiënte in die verlede al verkry vir die waar/vals (0,91 en 0,95) en gedwonge keuse-items (0,97 en 0,95) waaruit die nuwe vraelys saamgestel is (Mosher, 1966:26; Mosher, 1968:693). Navorsing het deur die jare dié skaal as geldige instrument vir die meting van skuld as persoonlikheidseienskap bewys (Mosher, 1985:3), alhoewel die voorkoms van die items op dié van 'n houdingskaal dui.

#### 5.4.3 Sestien-persoonlikheidsfaktor-vraelys (16 PF).

Vorm A van die 16 PF is in die ondersoek gebruik. In vorige studies is toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënte wat wissel van 0,92 (Faktor H) tot 0,72 (Faktor Q4) vir die vraelys verkry, terwyl koëffisiënte van stabiliteit, met 'n tydsinterval van twee maande tussen toetsings, van 0,63 vir Faktor B tot 0,88 vir Faktor H gewissel het (Cattel, Eber & Tatsuoka, 1970:30-31). Genoegsame bewyse vir die konstrugeldigheid van die vraelys bestaan ook, deurdat korrelasiekoëffisiënte wat wissel van 0,41 (Faktor N) tot so hoog as 0,92 (Faktor H) verkry is. Die koëffisiënt van 0,35

wat egter vir Faktor B verkry is, word toegeskryf aan die klein hoeveelheid items wat aan die faktor gewy is (Cattell, et al., 1970:36).

Die 16 PF is vir Suid-Afrikaanse respondente aangepas en dus geskik vir gebruik. Volgens Cattell et al. (1970:44) korreleer die tweede-orde-faktore, naamlik angs en exvia in 'n hoë mate met Eysenck se neurotisme- en ekstraversieskale. Deur die toekenning van gewigte en konstantes, soos deur Cattell et al. (1970:128-129) bepaal, word die tweede-orde-faktortellings bereken. Introversie word aangedui deur lae tellings vir Faktor A (teruggetrokke), Faktor E (onderdanig), Faktor F (sober), Faktor H (skugter) en 'n hoë meting in Faktor Q2 (selfgenoegsaam). Hoë tellings dui weer die kenmerkende eienskappe van die ekstrovert aan, wat onder andere hartlik en ongeïnhibeerd in sy sosiale verhoudinge is. Hoë angs word aangedui deur hoë tellings op Faktor L (agterdogtig), Faktor O (geneig tot skuldgevoelens), Faktor Q4 (gespanne) en lae tellings op Faktor C (emosioneel onstabiel) en Faktor H (skugter).

## 5.5 Statistiese resultate.

Die verwerking en statistiese ontleding van die data verkry uit die onderskeie vraelyste word in Hoofstuk 6 in besonderhede aangetoon.

Ten einde die verwantskappe tussen die onderskeie veranderlikes aan te toon, moes daar met die statistiese ontleding van 'n verskeidenheid statistiese tegnieke gebruik gemaak word:

### 5.5.1. Beskrywende frekwensieontledings.

Deur middel van frekwensieontledings is die verspreiding van response op die items in die biografiese en houdingsvraelys bepaal. Die resultate van hierdie ontledings word in frekwensietabelle aangetoon.

### 5.5.2. Kruistabulering.

Die onderlinge verband tussen geslag, godsdienstige oortuigings die ervaring van heteroseksuele verhoudings, godsdienstige meeleving en seksuele aktiwiteite is deur middel van kruistabulering en Chi-kwadraatontledings bepaal. Die rapportering van hierdie resultate geskied met behulp van kruistabulasies.

#### 5.5.2.1. Variasieontledings.

Die verband tussen veranderlikes V9 (die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings op die alledaagse lewe), V10 (die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings op die verhoudingslewe), V15 (seksuele ervaring) en V20 (aantal seksmaats) en die twee houdingskale, die getransformeerde referenttellings, die getransformeerde gedragsgevolgtellings, die resultate van die 16 PF-vraelys, exvia, angs sowel as die totaal van die Mosher-seksuele skuldvraelys is ondersoek.

Die ondersoek is gedoen met behulp van variasieontledings om die beduidendheid van die verskil tussen gemiddeldes te toets. Die kontinue veranderlikes is in klasse verdeel wat benoem is deur middel van die middelpunte van die klasse. Die verskillende klasse is gekruistabuleer met die verskillende responsvlakke van die diskontinue veranderlikes (V9, V10, V15 en V20). Hierdie metode het die navorser in staat gestel om die resultate in tabelvorm aan te bied, sowel as om die gemiddelde telling in die kontinue veranderlike per responsvlak van die diskontinue veranderlike te bereken.

Slegs dié variasieontledings wat op 'n beduidende verskil tussen die gemiddelde tellings ( $p < 0,05$ ) gedui het, is aangetoon. Geen beduidende verskille is tussen enigeen van die afsonderlike kontinue metings se gemiddelde tellings per responsvlak van V20 gevind nie. Hierdie kruistabulasies word gevolglik nie aangetoon nie.

### 5.5.3. Interne betroubaarheid van die onderskeie vraelyste.

Die interne konsekwentheid van die verskillende houdingskale en die Afrikaanse vertaling van die Mosher-seksuele skuldvraelys moes deur middel van Cronbach se alfa-koëffisiënt (Anastasi, 1988:124) bepaal word. Die resultate van hierdie ontledings word in Hoofstuk 6 tabelgewys aangetoon.

### 5.5.4. Interkorrelasies.

Die verband tussen die houding teenoor voorhuwelike seksuele gedrag en verskeie onafhanklike veranderlikes is deur middel van die berekening van Pearson-korrelasiekoëffisiënte bepaal. Hierdie resultate word in korrelasiematrikse in Hoofstuk 6 aangedui.

### 5.5.5 Faktorontleding.

As gevolg van die hoë aantal onafhanklike veranderlikes is daar besluit om deur faktorontleding die groot hoeveelheid veranderlikes te verminder tot 'n kleiner aantal faktore. Principal Factor Analysis (Johnson & Wichern, 1988:391-392) en Varimax-faktorrotasie (Johnson & Wichern, 1988:403-404) is gebruik om die onafhanklike veranderlikes, wat onderling hoog met mekaar korreleer saam te groepeer.

### 5.5.6. Modelbou.

#### 5.5.6.1 Meervoudige regressieontleding.

Meervoudige regressieontleding is geskik om 'n voorspellingsmodel te bou vir 'n kontinue afhanklike veranderlike. Die verband tussen die afhanklike veranderlike (die onderskeie houdingskaaltellings en item 20 in die biografiese vraelys) en verskeie onafhanklike veranderlikes is deur middel van dié tegniek ondersoek met die doel om vas te stel

watter kombinasie van onafhanklike veranderlikes die afhanklike veranderlike die beste voorspel.

Tydens hierdie regressieontleding is daar van die kriterium van Mallows se CP-telling (Weisberg, 1985:215-217) gebruik gemaak. Alle moontlike kombinasies van die onafhanklike veranderlikes is gegroepeer en gehergroepeer om die geskikste kombinasie te vind. Die beste model (geskikste kombinasie van onafhanklike veranderlikes) word aangedui deur die laagste waarde wat deur Mallows se CP-telling aangeneem word.

#### 5.5.6.2 Diskriminantontleding.

Vir die voorspelling van seksuele ervaring (V15) is daar van die tegniek van meervoudige regressieontleding afgewyk en van stapsgewyse diskriminantontleding (Johnson & Wichern, 1988:470-531) gebruik gemaak. Hierdie statistiese ontleding is voorafgegaan deur 'n faktorontleding waarin 'n aantal faktore geïdentifiseer is, volgens hulle aard benoem is en in die saamstel van 'n klassifikasiemodel gebruik is.

## HOOFSTUK 6

### RAPPORTERING VAN EMPIRIESE RESULTATE.

Die resultate van die statistiese ontleding van die onderskeie vraelyste word vervolgens in hierdie hoofstuk aangetoon.

#### *6.1 Beskrywende frekwensieontledings.*

##### *6.1.1 Sosio-ekonomiese agtergrond.*

Die respondente in hierdie ondersoek kom grotendeels uit 'n sosio-ekonomiese agtergrond wat as middelklas beskryf kan word. Dit word aangedui deur die beroepe wat deur die respondente se ouers beoefen word.

TABEL 6.1.1

Ouers se beroep.

Beroep	Vader: Frekwensie (%)	Moeder: Frekwensie (%)
Professioneel	24 (25,8%)	4 (4,6%)
Besturend/uitvoerend	26 (28,0%)	8 (9,2%)
Klerklik	12 (12,9%)	18 (20,7%)
Verkoopspersoneel	1 (1,1%)	8 (9,2%)
Landbou/bosbou	5 (5,4%)	-
Mynwerkers	2 (2,2%)	-
Ambagsmanne	10 (10,8%)	6 (6,9%)
Gewapende magte	-	1 (1,1%)
Produksiewerkers	8 (8,6%)	1 (1,1%)
Dienswerkers	1 (1,1%)	2 (2,3%)
Halfgeskoolde werkers	1 (1,1%)	-
Werkloos (soek werk)	-	1 (1,1%)
Nie ekonomies aktief	3 (3,2%)	38 (43,7%)
<b>Totaal</b>	<b>93 (100%)</b>	<b>87 (100%)</b>

##### *6.1.2 Godsdienstige oortuigings en kerklike meelewing.*

In Tabelle 6.1.2 en 6.1.3 en Figuur 6.1 word die weeklikse kerkbywoning (insluitend Bybelstudie, biduur ensovoorts), kerklike meelewing (betrokkenheid by die kerkraad, Sondagskoolonderrig en jeugvereniging) en die invloed van

godsdienstige oortuigings op die alledaagse lewe en verhoudingslewe van die respondente aangetoon.

TABEL 6.1.2


Bywoning van kerklike byeenkomste.

	meer as 2 keer per week	2 keer per week	1 keer per week	2-3 keer/ maand	1 keer/ maand	minder as 1 keer per maand	Nooit	Tot
f	10	23	37	13	4	5	3	95
%	10,5	24,5	38,9	13,7	4,2	5,3	3,2	100

TABEL 6.1.3

Die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings op die respondente se alledaagse lewe en verhoudingslewe.

Invloed op.....	Glad nie	Effens	Redelik	Baie	Tot
Lewe in die algemeen	f 1 % 1,1	8 8,4	32 33,7	54 56,8	95 100
Verhoudings- lewe	f 6 % 6,3	13 13,7	26 27,4	50 52,6	95 100



TOTAAL : 94

FIGUUR 6.1

Frekwensieverdeling van betrokkenheid by kerkwerkzaamhede.

Uit die frekwensieverdelings gerapporteer in Tabelle 6.1.2 en 6.1.3 blyk dit dat ongeveer 74% van die respondente ten minste weekliks 'n kerkbyeenkoms bywoon, dat hulle godsdienstige oortuigings na bewering 'n sterk invloed op hulle alledaagse- en verhoudingslewe uitoefen en dat 35% betrokke is by die werksaamhede van hulle kerk (Figuur 6.1).

### 6.1.3 Heteroseksuele verhoudingslewe.

In Tabelle 6.1.4, 6.1.5 en 6.1.6 word inligting verskaf rakende verskillende aspekte van die respondente se betrokkenheid by heteroseksuele verhoudings.

TABEL 6.1.4

Ouderdom van respondente tydens eerste vaste verhouding.

Ouderdom tydens eerste vaste verhouding	jonger as 14	14	15	16	17	18	ouer as 18	Tot
Respondente f	7	11	9	18	19	12	6	82

Volgens Tabel 6.1.4 is die gemiddelde ouderdom waarop 'n eerste vaste verhouding aangegaan word 16 jaar.

TABEL 6.1.5

Duur van respondente se langste vaste verhouding.

Duur van verhouding	Nooit vas uitgegaan	0-3 weke	1-2 maande	3-5 maande	6-11 maande	1-2 jaar	meer as 2 jaar	Totaal
f	12	3	4	6	23	22	24	94

Volgens Tabel 6.1.5 val die mediaan van die duur van die langste vaste verhouding in die kategorie 6 - 11 maande.

TABEL 6.1.6

Intimiteit ervaar in mees intieme verhouding.

Graad van intimiteit	Geen-sins	Effens	Redelik	Uiters	Totaal
Frekwensie	10	20	38,0	27	95
%	10,5	21,1	40,0	28,4	100

Uit Tabel 6.1.6 blyk dit dat 'n oorwegende persentasie van die respondente reeds 'n redelike graad van intimiteit in hulle heteroseksuele verhoudings ervaar het.

*6.1.4 Voorhuwelikse seksuele ervaring.*

In Tabelle 6.1.7, 6.1.8 en 6.1.9 word die voorhuwelikse seksuele ervaring van die respondente aangetoon.

Van die 95 respondente is 32,6% (N = 31) reeds seksueel ervare. Die eerste seksuele ervaring word in sommige gevalle reeds op 'n jong ouderdom opgedoen.

TABEL 6.1.7

Ouderdom tydens eerste seksuele ervaring.

Ouderdom	Manlik	Vroulik	Totaal
jonger as 16 jaar	7	2	9
17 tot 18 jaar	3	5	8
19 tot 20 jaar	2	7	9
ouer as 20 jaar	2	2	4
Gemiddelde ouderdom tydens eerste ervaring	16,9 jaar	18,1 jaar	17,7 jaar

Volgens Tabel 6.1.7 vind die eerste seksuele ervaring van die manlike respondente gemiddeld twee jaar vroeër as dié van die vroulike respondente plaas.

Volgens addisionele data wat verkry is blyk dit verder dat 45% van die respondente se eerste sekservaring

onbepland gebeur het, terwyl 41% liefde as die rede vir hulle eerste seksuele ervaring aangedui het.

Dit is opvallend dat die response op item 19 (ongeveer hoeveel keer het jy al seks gehad) deur 29% weierings gekenmerk is. Die tendens moet aan die afwesigheid van 'n gegewe skaal (1 keer, 2-5 keer, 5-10 keer, 10-20 keer) toegeskryf word. Volgens die beskikbare inligting lê die mediaan vir die aantal kere wat respondente voorhuweliks seksueel verkeer het, in die kategorie 2-5 keer.

TABEL 6.1.8

Emosies ervaar na eerste voorhuwelikse seks.

Frekwensie response	Manlik	Vroulik	Totaal
Bang	1	11	12
Skaam en deurmekaar	3	12	15
Walgluk en vuil	1	6	7
Trots	1	0	1
Fisiek bevredig	5	1	6
Bang ander sal uitvind	2	9	11
Skuldig	4	11	15
Gelukkig	6	2	8
Ontspanne	4	1	5
Tevredenheid en liefde	9	3	12
Volwasse	3	0	3
Vrees vir swangerskap en siekte	3	9	12
Totale f			107

Volgens Tabel 6.1.8 is die emosies wat die vroulike respondente ervaar het oorwegend meer negatief as dié wat die manlike respondente na hul eerste voorhuwelikse gemeenskap ervaar het. Dit is egter opvallend dat die meerderheid van die respondente in die totale monster negatiewe emosies ervaar het.

TABEL 6.1.9

Persone met wie respondente voorhuwelikse gemeenskap gehad het.

Persone waarmee daar in die verlede seksueel verkeer is	Frekwensie		
	Manlik	Vroulik	Totaal
Verskeie (nie vaste metgesel)	1	0	1
Vaste ou/meisie (1 keer)	2	3	5
Vaste ou/meisie (meer as 1 keer)	11	9	20
Verloofde (meer as 1 keer)	0	2	2
Mees onlangs	Frekwensie		
"One night stand"	3	0	3
Bekende (nie vaste metgesel)	3	2	5
Vaste ou/meisie	8	12	20
Verloofde	0	1	0

Volgens Tabel 6.1.9 vind voorhuwelikse gemeenskap by die respondente in hierdie studie merendeels binne vaste verhoudinge plaas. By verdere ondersoek het dit geblyk dat 63% van die seksueel ervare respondente 1 seksmaat gehad het, 13% twee seksmaats, 6% drie en 16% vier seksmaats.

#### 6.1.5. Seksuele houdings.

##### 6.1.5.1. Houdingskaal HT1.

Die houding ten opsigte van voorhuwelikse seksuele gedrag binne bepaalde verhoudings is deur middel van items 23 tot 30 in die gekombineerde vraelys bepaal.

Om 'n aanduiding van die respondent se houdingsingesteldheid te verkry, is die waardes wat aan die response op die items toegeken is, gesommeer om 'n totaalstelling (HT1) te lewer. 'n Lae HT1-totaalstelling is aanduidend van 'n afkeurende houding teenoor voorhuwelikse seks, terwyl 'n hoë telling die goedkeuring daarvan aandui. In teenstelling met die bewoording van die meerderheid items wat ten gunste van voorhuwelikse seks uitgespreek word, spreek die respondente

hulle in die bewoording van items 28 en 29 ten gunste van die tradisionele moraliteit uit. Instemmende response ten opsigte van hierdie items is dus aanduidend van die afkeur van permissiewe gedrag.

Die frekwensieverspreiding van die response op items 23 tot 30 van die Houdingskaal HT1 word in Tabel 6.1.10 aangetoon.

TABEL 6.1.10

Frekwensieverdeling: response op items in Houdingskaal HT1.

Item	Stem nie saam nie			Stem saam			Tot f
	Sterk	Matig	Effens	Sterk	Matig	Effens	
23	51	9	8	10	7	9	94
24	58	10	4	5	13	5	95
25	79	3	2	1	6	4	95
26	47	9	4	18	12	5	95
27	50	7	3	14	10	10	94
28	4	6	10	60	11	4	95
29	10	11	9	60	11	4	95
30	89	1	2	-	2	1	95

(Hierdie items verskyn op p.223 in Bylae A.)

Volgens Tabel 6.1.10 verteenwoordig die meerderheid response 'n sterk afkeer van voorhuwelikse seks. Die sterkste verworping kom voor by items wat na losse seks ("casual sex") verwys.

#### 6.1.5.2 Houdingskaal HT2.

Die emosionele konnotasie wat daar aan voorhuwelikse seks geheg word, is deur middel van 'n sewepunt bipolêre skaal bepaal. Tellings is op so 'n wyse aan die verskillende responsmoontlikhede toegeken dat 'n negatiewe konnotasie

deur 'n lae telling aangedui word. Om 'n totaaltelling vir Houdingskaal HT2 te verkry, is die waardes wat aan die response toegeken is gesommeer.

Die frekwensieverspreiding van die respondente se beoordeling van die verskillende bipolêre items word in Tabel 6.1.11 aangetoon.

TABEL 6.1.11

Frekwensieverdeling: response op items in Houdingskaal HT2.

Item 31	Negatiewe konnotasie	Frekwensie van die response volgens skaaltelling							Positiewe konnotasie	Tot f
		1	2	3	4	5	6	7		
1	Sleg	51	8	8	13	7	4	2	Goed	93
2	Immoreel	49	10	7	18	3	4	1	Moreel	90
3	Lelik	38	11	11	18	5	5	5	Mooi	93
4	Onaange- naam	27	8	7	16	7	11	17	Aangenaam	93
5	Onaan- vaarbaar	53	10	6	8	4	7	6	Aanvaar- baar	94
6	Skadelik	50	12	6	9	5	7	4	Onskadelik	93
7	Beheer- baar	25	14	8	15	6	8	17	Onbeheer- baar	93
8	Onnodig	55	12	7	14	4	-	1	Noodsaak- lik	93
9	Afbrekend	50	9	5	13	6	6	4	Opbouend	93
10	Onrein	55	10	8	14	1	2	3	Rein	93
11	Bepland	10	4	2	26	12	13	26	Instink- tief	93
12	Onvolwasse	42	7	6	17	7	8	6	Volwasse	93

(Hierdie items verskyn op p.224 in Bylae A.)

Volgens Tabel 6.1.11 heg die respondente oorwegend 'n negatiewe konnotasie aan voorhuwelikse seksuele gemeenskap.

Die response op items 31.5 en 31.6 was aanduidend van 'n sterk negatiewe houding. Die response op items 31.4, 31.7 en 31.11 wyk in die sterk negatiewe en onseker kategorieë af van die oorwegende responspatroon. Hierdie responspatroon is waarskynlik te wyte aan die voorhuwelikse seksuele ervarings van die reeds ervare respondente.

#### 6.1.6 Die beoordeling van referente en gedragsgevolge.

Die intensie om sekere gedrag te openbaar, is volgens Ajzen se model van beredeneerde handeling afhanklik van 'n individu se evaluasie van die gevolge van sy beplande gedrag asook sy persepsie van sosiale druk. Die respondente se beoordeling van die gedragsgevolge van voorhuwelikse seks (GE1-13) en die beoordeling van referente se oordeel rakende voorhuwelikse seks (RE1-8) is deur vråe 32 en 35 in die houdingsvraelys bepaal. Die belangrikheid van die referente se mening oor voorhuwelikse seksuele gedrag (RB 1-8) en die waarskynlikheid dat die gedrag tot bepaalde gevolge sal lei (GW 1-13) is weer deur vrae 33 en 34 gedek. Die response word in Tabelle 6.1.12 tot 6.1.15 aangedui. 'n Lae telling is aanduidend van 'n negatiewe evaluering van voorhuwelikse seksuele gedrag.

TABEL 6.1.12

Frekwensieverdeling: referente se waargenome beoordeling (RE) van respondente se voorhuwelikse seksuele gedrag.

Item	Goedkeur			Afkeur			Tot f
	Sterk	Redelik	Effens	Sterk	Redelik	Effens	
RE1	1	2	1	82	4	4	94
RE2	1	-	2	77	10	5	95

TABEL 6.1.12 (vervolg)

Item	Goedkeur			Afkeur			Tot f
	Sterk	Redelik	Effens	Sterk	Redelik	Effens	
RE3	1	1	-	81	5	2	90
RE4	7	7	10	34	21	16	95
RE5	2	1	2	55	20	14	94
RE6	1	-	-	93	1	4	95
RE7	1	-	3	73	13	5	95
RE8	9	11	7	44	13	8	92

Die itemnommers in Tabel 6.1.12 dui die volgende aan:

RE1 = pa; RE2 = ma; RE3 = grootouers; RE4 = mansvriende;

RE5 = vriendinne; RE6 = predikant; RE7 = dosente en

RE8 = vaste metgesel.

Volgens Tabel 6.1.12 was die respondente van mening dat veral hul pa's en grootouers voorhuwelikse seks sterk sou afkeur. In die lig van die morele oorwegings verbonde aan seksuele gedrag het die meeste respondente 'n sterk afkeur deur die predikant aangetoon. In hul vriendekring het respondente egter die minste mate van afkeur van hul mansvriende verwag.

TABEL 6.1.13

Frekwensieverdeling: die beoordeelde belangrikheid van referente se menings (RB) oor respondente se seksuele gedrag.

Item	Belangrik			Onbelangrik			Tot f
	Uiters	Redelik	Effens	Uiters	Redelik	Effens	
RB1	59	17	4	3	6	4	93
RB2	62	15	5	3	6	4	95

TABEL 6.1.13 (vervolg)

Item	Belangrik			Onbelangrik			Tot f
	Uiters	Redelik	Effens	Uiters	Redelik	Effens	
RB3	37	17	16	11	3	7	91
RB4	31	20	20	7	8	9	95
RB5	40	21	13	6	3	10	93
RB6	52	21	7	4	5	6	95
RB7	33	14	21	11	5	10	94
RB8	69	14	4	1	3	4	95

(RB1 to RB8 verwys na dieselfde volgorde van referente soos by Tabel 6.1.12.)

Volgens Tabel 6.1.13 heg respondente die meeste waarde aan die oordeel van mense met wie hulle sterk emosionele bande het, naamlik hulle ouers en hulle ou of meisie.

TABEL 6.1.14

Frekwensieverdeling: respondente se beoordeling van die waarskynlikheid (GW) dat bepaalde gevolge op voorhuwelikse seks sal volg.

Item	Goed			Swak			Tot f
	Uiters	Redelik	Effens	Uiters	Redelik	Effens	
GW1	29	21	10	23	7	5	95
GW2	69	10	4	7	2	3	95
GW3	4	11	10	40	16	13	94
GW4	3	7	8	56	16	5	95
GW5	55	12	6	13	3	6	95
GW6	18	22	11	24	9	11	95
GW7	5	13	10	41	14	12	95
GW8	1	7	7	53	14	11	93

Tabel 6.1.14 (vervolg)

Item	Goed			Swak			Tot f
	Uiters	Redelik	Effens	Uiters	Redelik	Effens	
GW8	42	12	4	15	11	11	95
GW10	43	16	5	15	6	10	95
GW11	1	9	7	47	18	13	95
GW12	31	20	8	15	11	10	95
GW13	21	22	8	22	11	11	95

Die itemnommers in Tabel 6.1.14 dui die volgende aan:

GW1 = swangerskap; GW2 = geskokte ouers; GW3 = verbeterde

liefdesverhouding; GW4 = beter huwelikskanse;

GW5 = skuldkompleks; GW6 = VIGS; GW7 = geluk;

GW8 = populariteit; GW9 = swakker huwelikskanse;

GW10 = reputasie; GW11 = aanvaarding; GW12 = minder respek

en GW13 = geslagsiekte.

Volgens Tabel 6.1.14 beoordeel die meeste respondente die waarskynlikheid redelik groot dat hul ouers geskok sal wees en dat hulle seksuele gedrag tot die ontwikkeling van 'n skuldkompleks sal lei, sowel as dat hulle gedrag nie hulle huwelike of populariteit sal bevorder nie.

Die waarskynlikheid dat voorhuwelikse seks tot swangerskap en die ontwikkeling van 'n geslagsiekte sal lei word betreklik laag beoordeel.

TABEL 6.1.15

Frekwensieverdeling: respondente se beoordeling van die gevolge van seks (GE).

Item	Goed			Sleg			Tot f
	Uiters	Redelik	Effens	Uiters	Redelik	Effens	
GE1	6	4	7	60	15	3	95
GE2	17	8	2	38	20	10	95
GE3	11	17	12	29	9	17	95
GE4	5	11	19	38	12	10	95
GE5	19	6	6	33	21	10	95
GE6	3	1	2	79	7	3	95
GE7	8	27	15	21	11	13	95
GE8	1	3	13	46	12	20	95
GE9	4	2	6	59	16	8	95
GE10	6	1	6	62	13	7	95
GE11	1	4	11	44	20	15	95
GE12	10	2	4	60	15	4	95
GE13	4	-	1	80	8	2	95

(GE1 tot GE 13 verwys na dieselfde volgorde van gedragsgevolge soos by Tabel 6.1.14.)

Volgens Tabelle 6.1.15 heg 'n hoë persentasie respondente 'n uiters negatiewe waarde aan die negatiefste gevolge van voorhuwelikse seks, naamlik die ontwikkeling van geslagsiektes en Vigs, swangerskap, die verlies van 'n goeie naam en minder respek van 'n vaste metgesel.

*6.1.6.1 Transformasie van die referent- en gedragsgevolgtellings.*

Nadat die resultate van die frekwensieverdelings vervat in Tabelle 6.1.12 tot 6.1.15 verkry is, is die resultate getransformeer om 'n enkele geweege telling te verkry. Daardeur is die navorser in staat gestel om die invloed van die referente en die invloed van die verwagte gedragsgevolge onderskeidelik uit te druk.

Die getransformeerde RT-tellings<sup>1</sup> dui die invloed van die referente volgens die oordeel van die respondent aan, terwyl die getransformeerde GT-tellings<sup>2</sup> die beoordeelde effek van die verwagte gedragsgevolge aandui.

In albei gevalle lewer die transformasie tellings op wat tussen 'n minimum van 0 en 'n maksimum van 30 wissel.

---

1) Die berekening vir die transformasie van die referent- en gedragsgevolgtellings is met behulp van die volgende formule gedoen: getransformeerde RT-tellings is bereken deur gebruik te maak van die waardes wat aan die response op items 32 en 34 in die biografiese vraelys toegeken is.

$$RT1 = (RE1 - 3,5) \times RB1 + 15$$

tot en met  $RT8 = (RE8 - 3,5) \times RB8 + 15$

2) Getransformeerde GT-tellings is bereken deur gebruik te maak van die waardes wat aan die response op items 33 en 35 van die biografiese vraelys toegeken is.

$$GT1 = (GE1 - 3,5) \times GW1 + 15$$

tot en met  $GT13 = (GE13 - 3,5) \times GW13 + 15$

## 6.2 Kruistabulering van die verskeie veranderlikes.

Die verband tussen verskeie onafhanklike veranderlikes en godsdienstige meelewing en seksuele aktiwiteite is deur middel van Chi-kwadraatontledings bepaal.

Na die aanvanklike Chi-kwadraatontledings is Tabelle 6.2.1 tot 6.2.21 en 6.2.26, 6.2.27 en 6.2.28 gehergroepeer om die voorwaardes rakende die teoretiese frekwensies na te kom.

### 6.2.1. Die uitwerking van geslagsverskille.

Ondersoek is ingestel na die invloed wat geslagsverskille op godsdienstige en seksuele aktiwiteite het. Dié resultate word in Tabelle 6.2.1 tot 6.2.6 aangetoon.

TABEL 6.2.1

Kruistabulasie van geslag en kerkbywoning.

Geslag	Simbole	Kerkbywoning	
		1 keer per week en meer	3 keer per maand en minder
Manlik (N = 42)	$f_o$ $f_e$ s.chi <sup>2</sup>	27 30,9 0,503	15 11,1 1,409
Vroulik (N = 53)	$f_o$ $f_e$ s.chi <sup>2</sup>	43 39,1 0,399	10 13,9 1,117

(Chi<sup>2</sup> = 3,429, p > 0,05, gv = 1).

Alhoewel vroue volgens Tabel 6.2.1 meer gereelde kerkbywoners as mans is, dui die onbeduidende frekwensieverdeling daarop dat kerkbywoning onafhanklik van geslag is.

---

3) Die volgende simbole word in Tabelle 6.2.1 tot 6.2.21, asook 6.2.26, 6.2.27 en 6.2.28 gebruik:

$f_o$  = Frekwensie

s. chi<sup>2</sup> = sel chi<sup>2</sup>

$f_e$  = verwagte f

TABEL 6.2.2

Kruistabulasie van geslag en die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings op die alledaagse lewe.

Geslag	Simbole	Invloed van oortuiging op lewe	
		Geen/effens	Redelik/baie
Manlik (N = 42)	$f_o$	7	35
	$f_e$	4,0	38,0
	$s.chi^2$	2,293	0,2400
Vroulik (N=53)	$f_o$	2	51
	$f_e$	5,0	48,0
	$s.chi^2$	1,818	0,1902

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.2 is beduidend. Volgens Fisher se toets vir presiese waarskynlikheid (tweekantig) is  $p < 0,05$ . Die vrouens word hiervolgens meer as die mans in hulle alledaagse lewe deur hulle godsdienstige oortuigings beïnvloed.

TABEL 6.2.3

Kruistabulasie van geslag en die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings op die heteroseksuele verhoudingslewe.

Geslag	Simbole	Invloed van oortuiging op verhouding	
		Geen/effens	Redelik/baie
Manlik (N = 42)	$f_o$	13	29
	$f_e$	8,4	33,6
	$s.chi^2$	2,5190	0,630
Vroulik (N=53)	$f_o$	6	47
	$f_e$	10,6	42,4
	$s.chi^2$	1,9962	0,4990

( $Chi^2 = 5,644$ ,  $p < 0,05$ ,  $gv = 1$ ).

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.3 is beduidend.

Die vroulike respondente word meer as mans in hulle heteroseksuele verhoudingslewe deur hulle beoordeelde godsdienstige oortuigings beïnvloed.

TABEL 6.2.4

Kruistabulasie van geslag en betrokkenheid by kerklike werksaamhede.

Geslag	Simbole	Betrokkenheid by kerkwerksaamhede		
		Glad nie	Tydelik nie	Betrokke
Manlik (N = 41)	$f_o$	18	16	7
	$f_e$	14,0	12,6	14,4
	s.chi <sup>2</sup>	1,17086	0,887792	3,7979
Vroulik (N=53)	$f_o$	14	13	26
	$f_e$	18,0	16,4	18,6
	s.chi <sup>2</sup>	0,905761	0,686783	2,938

(Chi<sup>2</sup> = 10,387, p < 0,05, gv = 2).

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.4 is beduidend.

Betrokkenheid by kerkwerksaamhede is afhanklik van geslag, aangesien die vrouens in hierdie studie meer betrokke is by hulle kerk se werksaamhede as die mans.

TABEL 6.2.5.

Kruistabulasie van geslag en intimiteitsgraad in mees intieme verhouding.

Geslag	Simbole	Graad van intimiteit	
		Geensins/effens	Redelik/uiters
Manlik (N = 42)	$f_o$	12	30
	$f_e$	13,3	28,7
	s.chi <sup>2</sup>	0,120	0,5552
Vroulik (N=53)	$f_o$	18	35
	$f_e$	16,7	36,3
	s.chi <sup>2</sup>	0,953	0,044

(Chi<sup>2</sup> = 0,315, p > 0,05, gv = 1).

Volgens Tabel 6.2.5 is die frekwensieverdeling onbeduidend. Die graad van intimiteit in 'n verhouding is onafhanklik van geslag, aangesien mans en vroue gelyke grade van intimiteit in hulle verhoudingslewe aangedui het.

TABEL 6.2.6.

Kruistabulasie van geslag en voorhuwelikse sekservaring.

Geslag	Sim-bole	Voorhuwelikse gemeenskap	
		Ja	Nee
Manlik (N = 42)	f <sub>o</sub>	15	27
	f <sub>e</sub>	13,7	28,3
	s.chi <sup>2</sup>	0,122	0,0592
Vroulik (N=53)	f <sub>o</sub>	16	37
	f <sub>e</sub>	17,3	35,7
	s.chi <sup>2</sup>	0,097	0,470

(Chi<sup>2</sup> = 0,325, p > 0,05, gv = 1).

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.6 is onbeduidend. Die manlike en vroulike respondente rapporteer 'n vergelykbare vlak van voorhuwelikse seksuele ervaring.

### 6.2.2 Die uitwerking van kerkbywoning.

Ondersoek is ingestel na die verband tussen kerkbywoning en heteroseksuele ervarings. Die resultate word in Tabelle 6.2.7 tot 6.2.10 aangetoon.

TABEL 6.2.7

Kruistabulering van kerkbywoning en intimiteitsgraad in verhoudings.

Kerkbywoning	Simbole	Graad van intimiteit	
		Geen / effens	Redelik/ uiters
1 keer per week en meer	$f_o$	25	47
	$f_e$	22,1	47,9
	$s.chi^2$	0,379	0,175
3 keer per maand en minder	$f_o$	5	20
	$f_e$	7,9	17,1
	$s.chi^2$	1,06	0,490

( $Chi^2 = 2,105$ ,  $p > 0,05$ ,  $gv = 1$ ).

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.7 is onbeduidend. Die graad van intimiteit in 'n verhouding is dus nie afhanklik van die frekwensie van kerkbywoning nie.

TABEL 6.2.8

Kruistabulasie van ervaring van voorhuwelikse seks en kerkbywoning.

Kerkbywoning	Simbole	Seksuele ervaring	
		Ja	Nee
1 keer per week en meer	$f_o$	20	50
	$f_e$	22,8	47,2
	$s.chi^2$	0,354	0,171
3 keer per maand en minder	$f_o$	11	14
	$f_e$	8,2	16,8
	$s.chi^2$	0,990	0,479

( $Chi^2 = 1,995$ ,  $p > 0,05$ ,  $gv = 1$ ).

Die frekwensieverdeling is onbeduidend. Volgens Tabel 6.2.8 toon seksueel ervare respondente dieselfde graad van getrouheid in kerkbywoning as die onervare respondente.

TABEL 6.2.9

Kruistabulasie van kerkbywoning en ouderdom tydens eerste seksuele ervaring.

Kerkbywoning	Simbole	Ouderdom tydens eerste seks	
		9 - 18 jaar	19 jaar en ouer
1 keer per week en meer	$f_o$	10	9
	$f_e$	10,8	8,2
	s.chi <sup>2</sup>	0,546	0,071
3 keer per maand en minder	$f_o$	7	4
	$f_e$	6,2	4,8
	s.chi <sup>2</sup>	0,094	0,123

Volgens Tabel 6.2.9 is die frekwensieverdeling onbeduidend. (Fisher:  $p > 0,05$ ). Die respondente se ouderdom tydens 'n eerste seksuele ervaring is dus onafhanklik van hul frekwensie van kerkbywoning.

TABEL 6.2.10

Kruistabulasie van kerkbywoning en die aantal persone waarmee die respondent seksueel verkeer.

Kerkbywoning	Simbole	Aantal sekmaats	
		een	meer
1 keer per week en meer	$f_o$	13	6
	$f_e$	12,0	7,0
	s.chi <sup>2</sup>	0,76	0,134
3 keer per maand en minder	$f_o$	6	5
	$f_e$	7,0	4,0
	s.chi <sup>2</sup>	0,13	0,23

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.10 is onbeduidend. (Fisher:  $p > 0,05$ ). Die aantal persone waarmee 'n respondent seksueel verkeer is dus nie afhanklik van sy frekwensie van kerkbywoning nie.

6.2.3. Die uitwerking van betrokkenheid by kerklike werksaamhede.

Onderzoek is ingestel na die verband tussen betrokkenheid by kerklike werksaamhede en die voorhuwelikse seksuele ervarings van die respondente. Die resultate word in Tabelle 6.2.11 tot 6.2.13 aangetoon.

TABEL 6.2.11

Kruistabulasie van betrokkenheid by kerkwerksaamhede en graad van intimiteit in mees intieme verhouding.

Betrokkenheid by kerkwerksaamhede	Simbole	Graad van intimiteit	
		Geen/effens	Redelik/uiters
Glad nie	$f_o$	7	25
	$f_e$	10,2	21,8
	s. $\chi^2$	0,0107	0,474
Tydelik nie	$f_o$	8	21
	$f_e$	9,3	19,7
	s. $\chi^2$	0,170	0,080
Betrokke	$f_o$	15	18
	$f_e$	10,5	22,5
	s. $\chi^2$	1,895	0,0889

( $\chi^2 = 4,519$ ,  $p > 0,05$ ,  $gv = 2$ ).

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.11 is onbeduidend. Diegene wat 'n redelike graad van intimiteit in hulle verhoudingslewe ervaar het is nie in 'n groter mate betrokke by kerkwerksaamhede as diegene wat 'n mindere mate van intimiteit ervaar het nie.

TABEL 6.2.12

Kruistabulasie van betrokkenheid by kerklike werksaamhede en seksuele ervaring.

Betrokkenheid by kerkwerksaamhede	Simbole	Seksuele ervaring	
		Ja	Nee
Glad nie	$f_o$	15	17
	$f_e$	10,2	21,8
	$s.chi^2$	2,244	1,052
Tydelik nie	$f_o$	9	20
	$f_e$	9,3	19,7
	$s.chi^2$	0,007	0,0033
Betrokke	$f_o$	6	27
	$f_e$	10,5	22,5
	$s.chi^2$	1,950	0,914

( $Chi^2 = 6,170$ ,  $p < 0,05$ ,  $gv = 2$ ).

Die frekwensieverdeling is beduidend. Die seksueel ervare respondente in Tabel 6.2.12 is minder betrokke by kerklike werksaamhede as die onervarenes.

TABEL 6.2.13

Kruistabulasie van betrokkenheid by kerklike werksaamhede en ouderdom tydens eerste seksuele ondervinding.

Betrokkenheid by kerkwerksaamhede	Simbole	Ouderdom tydens eerste seks	
		9 - 18 jaar	19 jaar en ouer
Glad nie betrokke	$f_o$	8	7
	$f_e$	8,8	6,2
	$s.chi^2$	0,07	0,101
Tydelik nie betrokke	$f_o$	5	3
	$f_e$	4,7	3,3
	$s.chi^2$	0,02	0,030
Betrokke	$f_o$	4	2
	$f_e$	3,5	2,5
	$s.chi^2$	0,07	0,093

(Mantel-Haenzel  $\chi^2 = 0,356$ ,  $p > 0,05$ ,  $gv = 1$ ).

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.13 is onbeduidend. Die respondente se ouderdom tydens hul eerste seksuele ervaring is onafhanklik van hul betrokkenheid by kerkwerkzaamhede.

#### 6.2.4 Die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings.

Ondersoek is ingestel na die verband tussen die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings en seksuele gedrag en houdings. Die resultate word in Tabelle 6.2.14 tot 6.2.25 aangetoon.

TABEL 6.2.14

Kruistabulasie van die beoordeelde invloed van oortuigings op die alledaagse lewe en intimiteitsgraad in verhoudings.

Invloed op alledaagse lewe	Simbole	Graad van intimiteit	
		Geen/effens	Redelik/uiters
Geen/effens	$f_o$	2	7
	$f_e$	2,8	6,2
	$s.\chi^2$	0,249	0,115
Redelik/baie	$f_o$	28	58
	$f_e$	27,2	58,8
	$s.\chi^2$	2,11	0,120

Volgens Tabel 6.2.14 is die frekwensieverdeling onbeduidend.

(Fisher:  $p > 0,05$ ). Die graad van intimiteit in 'n verhouding word dus nie beïnvloed deur die mate waarin godsdienstige oortuigings die alledaagse lewe van die respondent beïnvloed nie.

TABEL 6.2.15

Kruistabulatie van die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings op die heteroseksuele verhoudingslewe en intimiteitsgraad.

Invloed op verhoudingslewe	Simbole	Graad van intimiteit	
		Geen/effens	Redelik/uiters
Geen/effens	$f_o$	4	15
	$f_e$	6,0	13,0
	s. $\chi^2$	0,67	0,307
Redelik/baie	$f_o$	26	50
	$f_e$	24,0	52,0
	s. $\chi^2$	0,167	0,770

( $\chi^2 = 1,218$ ,  $p > 0,05$ ,  $gv = 1$ ).

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.15 is onbeduidend.

Intimiteit is dus onafhanklik van die invloed wat godsdienstige oortuigings op die verhoudingslewe het.

TABEL 6.2.16

Kruistabulatie van die beoordeelde invloed wat godsdienstige oortuigings op die alledaagse lewe het en seksuele ervaring.

Invloed op alledaagse lewe	Simbole	Seksuele ervaring	
		Ja	Nee
Geen/effens	$f_o$	4	5
	$f_e$	2,9	6,1
	s. $\chi^2$	0,385	0,1864
Redelik/baie	$f_o$	27	59
	$f_e$	28,1	6,1
	s. $\chi^2$	0,402	0,020

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.16 is onbeduidend.

(Fisher:  $p > 0,05$ ). Seksueel ervare en onervare respondente word albei merkbaar in hulle

alledaagse lewe deur hulle beoordeelde godsdienstige oortuigings beïnvloed.

TABEL 6.2.17

Kruistabulasie van die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings op die verhoudingslewe en seksuele ervaring.

Invloed op verhouding	Simbole	Seksuele ervaring	
		Ja	Nee
Geen/ effens	$f_o$	8	11
	$f_e$	6,2	12,8
	$s.chi^2$	0,52	0,253
Redelik/ baie	$f_o$	23	53
	$f_e$	24,8	51,2
	$s.chi^2$	0,130	0,632

( $Chi^2 = 0,970$ ,  $p > 0,05$ ,  $gv = 1$ ).

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.17 is onbeduidend. Voorhuwelikse seksuele ervaring is dus onafhanklik van die beoordeelde invloed wat godsdienstige oortuigings op die verhoudingslewe het.

TABEL 6.2.18

Kruistabulasie van die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings op die alledaagse lewe en ouderdom tydens eerste seksuele ervaring.

Invloed op alledaagse lewe	Simbole	Ouderdom tydens eerste seks	
		9 - 18 jaar	19 jaar en ouer
Baie min	$f_o$	4	0
	$f_e$	2,3	1,7
	$s.chi^2$	1,325	1,733
Redelik/ baie	$f_o$	13	13
	$f_e$	14,7	11,3
	$s.chi^2$	0,203	0,267

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.18 is onbeduidend. (Fisher:  $p > 0,05$ ). Die ouderdom waarop respondente hulle eerste seksuele ervaring het is dus onafhanklik van die invloed wat godsdienstige oortuigings op hul alledaagse lewe het.

TABEL 6.2.19

Kruistabulasie van die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings op die verhoudingslewe en ouderdom tydens eerste seksuele ervaring.

Invloed op verhoudingslewe	Simbole	Ouderdom tydens eerste seks	
		9 - 18 jaar	19 jaar en ouer
Baie min	$f_o$	6	2
	$f_e$	4,5	3,5
	s.chi <sup>2</sup>	0,475	0,621
Redelik/baie	$f_o$	11	11
	$f_e$	12,5	9,5
	s.chi <sup>2</sup>	0,173	0,226

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.19 is onbeduidend. (Fisher:  $p > 0,05$ ). Die respondente se ouderdom tydens 'n eerste seksuele ervaring is dus onafhanklik van die invloed wat godsdienstige oortuigings op hul verhoudingslewe het.

TABEL 6.2.20

Kruistabulatie van die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings op die alledaagse lewe en aantal seksmaats.

Invloed op lewe	Simbole	Aantal seksmaats	
		een	meer
Geen/effense invloed	$f_o$	0	4
	$f_e$	2,5	1,5
	s.chi <sup>2</sup>	0,25	4,376
Redelik/baie invloed	$f_o$	19	7
	$f_e$	16,5	9,5
	s.chi <sup>2</sup>	0,390	0,673

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.20 is beduidend.

(Fisher:  $p < 0,05$ ). Die aantal seksmaats is dus afhanklik van die invloed wat godsdienstige oortuigings op die alledaagse lewe het. Diegene wat in 'n groot mate deur hulle beoordeelde godsdienstige oortuigings beïnvloed word, is geneig om 'n kleiner aantal seksmaats te hê.

TABEL 6.2.21

Kruistabulatie van die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings op die verhoudingslewe en aantal seksmaats.

Invloed op verhouding	Simbole	Aantal seksmaats	
		een	meer
Geen/effense invloed	$f_o$	2	6
	$f_e$	5,1	2,9
	s.chi <sup>2</sup>	1,86	3,206
Redelik/baie invloed	$f_o$	17	5
	$f_e$	13,9	8,1
	s.chi <sup>2</sup>	0,675	1,166

Die frekwensieverdeling is beduidend. (Fisher:  $p < 0,05$ ).

Uit Tabel 6.2.21 blyk dit dat hoe sterker die

beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings op die verhoudingslewe is, hoe kleiner aantal seksmaats sal deur die respondente verkies word.

TABEL 6.2.22

Kruistabulasie van die beoordeelde graad van invloed van godsdienstige oortuigings (V9) met Houdingskaal HT1-klasse.

Middelpunte HT1 - klasse	Response V9			
	Glad nie	Effens	Redelik	Baie
37,8			1	1
36,0			1	
34,2	1			
32,4				
30,6		2		2
28,8		1		
27,0			2	
25,2		2	2	
23,4			1	2
21,6			4	
19,8				2
18,0				1
16,2			1	4
14,4			3	1
12,6			4	12
10,8			4	4
9,00			2	4
7,20			1	9
N	1	5	26	42
$\bar{X}$	34	28,4	17,85	13,93

( $F_{\{3/70\}} = 8,60, p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskille tussen die gemiddelde HT1-tellings per vlak van invloed het getoon dat die gemiddeldes beduidend verskil.

TABEL 6.2.23

Kruistabulasie van die beoordeelde graad van die invloed van godsdienstige oortuigings (V9) met Houdingskaal HT2-klasse.

Middelpunte HT2 - klasse	Response V9			
	Glad nie	Effens	Redelik	Baie
70,0				1
66,5			1	1
63,0				
59,5		1	3	1
56,0				
52,5			3	
49,0	1	1		1
45,5		1	2	
42,9				
38,5		2	3	4
35,0				2
31,5			4	3
28,0				2
24,5			3	8
21,0			1	8
17,5			5	3
14,0				4
10,5			1	4
N	1	5	26	42
$\bar{X}$	65	45,8	38,89	27,31

( $F_{\{3/70\}} = 5,22$  ,  $p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskille tussen die gemiddelde HT2-tellings per vlak van invloed het beduidende verskille aangetoon.

Volgens Tabelle 6.2.22 en 6.2.23 huldig diegene wat volgens hulle oordeel in hulle alledaagse lewe sterk deur hulle godsdienstige oortuigings beïnvloed word, ook 'n negatiewer houding teenoor voorhuwelikse seks as diegene wat in 'n mindere mate beïnvloed word.

TABEL 6.2.24

Kruistabulasie van die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings (V10) met Houdingskaal HT1-klasse.

Middelpunte HT1 - klasse	Response V10			
	Glad nie	Effens	Redelik	Baie
37,8		1		1
36,0	1			
34,2		1		
32,4				
30,6	1	1	2	
28,8		1		
27,0		1	1	
25,2		2	2	
23,4		1	1	1
21,6	1		2	1
19,8				2
18,0				1
16,2			3	2
14,4	1		2	1
12,6	1		2	13
10,8			2	6
9,00			3	3
7,20			1	9
N	5	8	21	40
$\bar{X}$	23,0	29,13	17,24	12,86

( $F_{\{3/70\}} = 16,01, p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskille tussen die gemiddelde HT1-tellings per vlak van invloed (Tabel 6.2.24) het getoon dat die gemiddeldes beduidend verskil. Diegene wat in hul verhoudingslewe net effens deur hulle godsdienstige oortuigings beïnvloed word huldig 'n opmerklike positiewer houding jeens voorhuwelikse seks as diegene wat volgens hulle oordeel glad nie beïnvloed word nie. Diegene wat baie in hul verhoudingslewe deur hul godsdienstige oortuigings beïnvloed word, huldig die negatiefste houding teenoor voorhuwelikse seks.

TABEL 6.2.25

Kruistabulasie van die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings (V10) met Houdingskaal HT2-klasse.

Middelpunte HT2 - klasse	Response V10			
	Glad nie	Effens	Redelik	Baie
70,0				1
66,5		2	1	
63,0				
59,5	1	2		2
56,0				
52,5		1	2	
49,0	1		1	
45,5		2	1	
42,0				
38,5	1	1	4	3
35,0			1	1
31,5			5	2
28,0				2
24,5	1		1	9
21,0			1	8
17,5	1		4	3
14,0				4
10,5				5
N	5	8	21	40
$\bar{X}$	38,2	54,26	34,81	25,45

( $F_{(3/70)} = 11,42, p < 0,05$ ).

Die variasieontleding van die verskille tussen die gemiddelde HT2-tellings per klas van invloed (Tabel 6.2.25) toon dat die gemiddeldes beduidend verskil.

Diegene wie se verhoudingslewe slegs effens deur hulle godsdienstige oortuigings beïnvloed word, huldig die positiefste houding teenoor voorhuwelikse seks, veel meer as diegene wat volgens hulle oortuiging glad nie beïnvloed word nie.

6.2.5 Die invloed van seksuele ondervinding.

Onderzoek is ingestel na die verband tussen aspekte van die heteroseksuele verhoudingslewe en seksuele ervarings.

Die resultate word in Tabelle 6.2.26 tot 6.2.28 aangetoon.

TABEL 6.2.26

Kruistabulasie van seksuele ervaring en die duur van die respondent se langste vaste verhouding.

Duur van langste verhouding	Simbole	Seksuele ervaring	
		Ja	Nee
langer as 1 jaar	$f_o$	18	28
	$f_e$	14,7	31,3
	$s.chi^2$	0,750	0,3518
0 - 11 maande	$f_o$	12	36
	$f_e$	15,3	32,7
	$s.chi^2$	0,719	0,3371

( $Chi^2 = 2,158$ ,  $p > 0,05$ ,  $gv = 1$ ).

Die frekwensieverdeling in Tabel 6.2.26 is onbeduidend.

Seksuele ervaring is dus onafhanklik van die duur van vaste verhoudings.

TABEL 6.2.27

Kruistabulasie van die ouderdom tydens eerste seksuele ondervinding en die ouderdom tydens eerste vaste verhouding.

Ouderdom tydens eerste verhouding	Simbole	Ouderdom tydens eerste seks	
		10-16 jaar	17 jaar en ouer
10 tot 16 jaar	$f_o$	12	4
	$f_e$	9,4	6,6
	$s.chi^2$	0,732	1,037
17 jaar en ouer	$f_o$	5	8
	$f_e$	7,6	5,4
	$s.chi^2$	0,901	1,277

Die frekwensieverdeling is onbeduidend. (Fisher:  $p > 0,05$ ).

Die ouderdom tydens 'n eerste seksuele ondervinding is dus onafhanklik van die ouderdom tydens 'n eerste vaste verhouding.

TABEL 6.2.28

Kruistabulasie van ouderdom tydens eerste seksuele ondervinding en die duur van eerste vaste verhouding.

Duur van eerste vaste verhouding	Simbole	Ouderdom tydens eerste seks	
		Jonger as 18	19 jaar en ouer
Langer as een jaar	$f_o$ $f_e$ s.chi <sup>2</sup>	10 10,6 0,28	8 7,4 0,40
0 - 11 maande	$f_o$ $f_e$ s.chi <sup>2</sup>	7 6,4 0,47	4 4,6 0,67

Die frekwensieverdeling is onbeduidend. (Fisher:  $p > 0,05$ ).

Die respondente se ouderdom tydens die eerste sekservaring is dus onafhanklik van die duur van hulle vaste verhoudings.

#### 6.2.6 Die invloed van seksuele houdings.

Die verband tussen seksuele houdings en seksuele ervaring is deur middel van variasieontledings van die verskille tussen die gemiddelde Houdingskaaltellings per seksuele ervaringsvlak bepaal. Die resultate hiervan word in Tabelle 6.2.29 en 6.2.30 aangetoon.

TABEL 6.2.29

Kruistabulasie van Houdingskaal HT1-klasse met seksuele ervaring (V15).

Middelpunte HT1 - klasse	Response V15	
	Ja	Nee
37,8	2	
36,0	1	
34,2	1	
32,4		
30,6	1	3
28,8		1
27,0	2	
25,2	1	3
23,4	1	2
21,6	2	2
19,8	2	
18,0	1	
16,2		5
14,4	1	3
12,6	2	14
10,8	1	7
9,00	2	4
7,20		10
N	20	54
$\bar{X}$	22,4	14,4

( $F_{\{1/72\}} = 16,71, p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskil tussen die gemiddelde HT1-tellings per vlak van ervaring (Tabel 6.2.29) toon dat die gemiddeldes beduidend verskil. Die seksueel ervare respondente huldig, vergeleke met die onervare respondente, 'n positiewer houding teenoor voorhuwelikse gemeenskap.

TABEL 6.2.30

Kruistabulásie van Houdingskaal HT2-klasse met seksuele ervaring (V15).

Middelpunte HT2 - klasse	Response V15	
	Ja	Nee
70,0	1	
66,5	3	
63,0		
59,5	3	2
56,0		
52,5	2	1
49,0		2
45,5		3
42,0		
38,5	4	5
35,0	1	1
31,5	3	4
28,0		2
24,5	1	10
21,0	1	8
17,5	1	7
14,0		4
10,5		5
N	20	54
$\bar{X}$	45,6	27,1

( $F_{\{1/72\}} = 27,01, p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskil tussen die gemiddelde HT2-tellings per vlak van seksuele ervaring toon 'n beduidende verskil. Volgens Tabel 6.2.30 huldig die seksueel onervare respondente, vergeleke met die respondente mét seksuele ervaring, 'n negatiewer houding teenoor voorhuwelikse seks.

6.2.7. Die invloed van seksuele skuldgevoelens.

Die verband tussen seksuele skuldgevoelens en seksuele ervaring is ondersoek en die resultate hiervan word in Tabel 6.2.31 aangedui.

TABEL 6.2.31

Kruistabulasie van seksuele skuldgevoelvlakke met seksuele ervaring (V15).

Middelpunte Mostot - vlakke	Response V15	
	Ja	Nee
360		
345		1
330		2
315		3
300	1	3
285	1	6
270	2	7
255	1	4
240	1	9
225	2	8
210	4	4
195	3	1
180		4
165	2	1
150		1
135		
120	1	
105	2	
N	20	54
$\bar{X}$	207,6	251,26

( $F_{\{91/72\}} = 12,03, p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskil tussen die gemiddelde skuldgevoeltellings per vlak van seksuele ervaring (Tabel 6.2.31) toon dat die gemiddeldes verskil. Die seksueel onervare respondente is geneig tot 'n hoër vlak van seksuele skuldgevoelens as die ervare respondente.

6.2.8 Die invloed van belangrike referente.

Die invloed wat die onderskeie referente (soos aangedui in die vraelys) op die seksuele ervaring van die respondente uitoefen, is ondersoek. Slegs die resultate wat beduidend is ( $p < 0,05$ ) word in Tabelle 6.2.32 tot 6.2.34 aangetoon.

TABEL 6.2.32

Kruistabulasie van die beoordeelde invloed van mansvriende (RT4) met seksuele ervaring (V15).

Middelpunte RT4 - klasse	Response V15	
	Ja	Nee
30,6		1
28,8		
27,0	1	
25,2	1	
23,4	1	
21,6	1	3
19,8	1	
18,0		2
16,2	2	4
14,4	1	2
12,6	3	7
10,8	1	1
9,00		3
7,20	2	5
5,40	3	5
3,60		
1,80	1	3
0,00	2	18
N	20	54
$\bar{X}$	12,5	7,9

( $F_{\{1/72\}} = 5,21, p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskil tussen die gemiddelde getransformeerde RT4-referenttellings per vlak van seksuele ervaring (Tabel 6.2.32) toon dat die gemiddeldes verskil. Die seksueel ervare respondente word meer deur die druk en invloed van hul mansvriende ten gunste van seks geraak as wat die geval by die onervare respondente is.

TABEL 6.2.33

Kruistabulasie van die beoordeelde invloed van vriendinne (RT5) met seksuele ervaring (V15).

Middelpunte RT5 - klasse	Response V15	
	Ja	Nee
30,6		1
28,8		
27,0		
25,2	1	
23,4	1	
21,6		
19,8		
18,0		
16,2	1	
14,4	1	
12,6	6	8
10,8	1	2
9,00		2
7,20	1	8
5,40	2	5
3,60		
1,80	3	4
0,00	2	23
N	19	53
$\bar{X}$	8,95	5,02

( $F_{\{1/70\}} = 5,60, p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskil tussen die gemiddelde getransformeerde referenttellings per seksuele ervaringsvlak (Tabel 6.2.33) toon dat die gemiddeldes verskil.

Die seksueel ervarenes, vergeleke met die seksueel onervarenes, word slegs effens meer deur hul vriendinne beïnvloed waar dit houdings ten gunste van voorhuwelikse seks aangaan.

Wanneer die gemiddeldes ontleed word, skyn die oordeel van die vriend ten gunste van voorhuwelikse seks (Tabel 6.2.32) meer invloedryk te wees as wat die geval by die vriendin (Tabel 6.2.33) is.

TABEL 6.2.34

Kruistabulasie van die beoordeelde invloed van die vaste metgesel (RT8) met seksuele ervaring (V15).

Middelpunte RT8 - klasse	Response V15	
	Ja	Nee
30,6	2	2
28,8		
27,0	2	1
25,2		
23,4	3	2
21,6		
19,8		
18,0	4	1
16,2		1
14,4		1
12,6	4	4
10,8		
9,00		2
7,20		3
5,40		4
3,60		
1,80	1	3
0,00	3	30
N	18	54
$\bar{X}$	18,42	5,87

( $F_{\{1/71\}} = 20,09, p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskil tussen die gemiddelde getransformeerde RT8-tellings per vlak van seksuele ervaring (Tabel 6.2.34) toon dat die gemiddeldes verskil. Die invloed van die vaste metgesel speel 'n baie groter rol by die seksueel ervare respondente as by die seksueel onervare respondente.

### 6.2.9 Die invloed van verwagte gedragsgevolge.

In Tabelle 6.2.35 tot 6.2.39 word die beduidende resultate ( $p < 0,05$ ) aangetoon van die ondersoek na die verband tussen seksuele ervaring (V15) en:

a) die beoordeling van swangerskap as 'n moontlike gevolg

- van voorhuwelikse gemeenskap (GT1);
- b) die beoordeling van 'n verbeterde liefdesverhouding as 'n gevolg van voorhuwelikse seks (GT3);
- c) die beoordeling van die moontlikheid van 'n gelukkiger huwelik as 'n gevolg van voorhuwelikse seks (GT4);
- d) die beoordeling van die moontlikheid dat voorhuwelikse seks geluk kan bring (GT7) en
- e) die beoordeling van die moontlikheid dat voorhuwelikse seks tot 'n geslagsiekte kan lei (GT13).

TABEL 6.2.35

Kruistabulasie tussen gedragsgevolg GT1 en seksuele ervaring.

Middelpunte GT1 - klasse	Response V15	
	Ja	Nee
30,6		3
28,8		
27,0	1	
25,2		
23,4	1	
21,6		
19,8		
18,0	3	1
16,2	2	2
14,4	2	1
12,6	5	10
10,8		3
9,00		1
7,20	1	2
5,40	1	6
3,60		
1,80	1	10
0,00	3	15
N	20	54
$\bar{X}$	12,23	7,28

( $F_{\{1/72\}} = 5,93, p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskil tussen die gemiddelde getransformeerde GT1-tellings per responsvlak (Tabel 2.3.5)

toon dat die gemiddelde GT1-tellings verskil. Die seksueel ervare respondente ervaar die gevolg swangerskap positiewer as die onervare respondente.

TABEL 6.2.36

Kruistabulasie tussen gedragsgevolg GT3 en seksuele ervaring.

Middelpunte GT3 - klasse	Response V15	
	Ja	Nee
31,5		
30,0	2	
28,5		
27,0	1	
25,5		
24,0		
22,5	4	1
21,0		
19,5		3
18,0	3	1
16,5	2	9
15,0		3
13,5	5	11
12,0		22
10,5	1	1
9,00	1	
7,50		3
6,00		
N	20	54
$\bar{X}$	18,34	13,88

( $F_{\{1/71\}} = 17,12, p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskil tussen die gemiddelde getransformeerde GT3-tellings per vlak van seksuele ervaring (Tabel 6.2.36) toon dat die gemiddelde GT3-tellings beduidend verskil. Die seksueel onervare respondente beoordeel 'n verbeterde liefdesverhouding weens seks, negatiewer as hul ervare eweknieë.

TABEL 6.2.37

Kruistabulasie tussen gedragsgevolg GT4 en seksuele ervaring.

Middelpunte GT4 - klasse	Response V15	
	Ja	Nee
26,0		
25,0		
24,0	1	
23,0		
22,0	2	
21,0		1
20,0		1
19,0		
18,0		
17,0	6	1
16,0	1	4
15,0	3	3
14,0		8
13,0	1	4
12,0	3	31
11,0		
10,0	3	1
9,00		
N	20	54
$\bar{X}$	15,9	13,57

( $F_{\{1/72\}} = 10,97, p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskil tussen die gemiddelde getransformeerde GT4-tellings per seksuele ervaringsvlak het getoon dat die gemiddelde GT4-tellings verskil. Die seksueel ervare respondente beoordeel die waarskynlikheid van verbeterde huweliksgeluk, as gevolg van voorhuwelikse gemeenskap, slegs effens positiewer as die onervare respondente.

TABEL 6.2.38

Kruistabulasie tussen gedragsgevolg GT7 en seksuele ervaring.

Middelpunte GT7 - klasse	Response V15	
	Ja	Nee
30,6		
28,8		
27,0	1	
25,2	1	
23,4	1	1
21,6	6	2
19,8		3
18,0	2	5
16,2	3	11
14,4	2	6
12,6	3	21
10,8	1	1
9,00		1
7,20		
5,40		1
3,60		
1,80		1
0,00		1
N	20	54
$\bar{X}$	18,38	14,42

( $F_{\{1/72\}} = 11,92, p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskil tussen die gemiddelde getransformeerde GT7-tellings per vlak van seksuele ervaring in Tabel 6.2.38 toon dat die gemiddeldes verskil.

Vergeleke met die ervare respondente word 'n verhoogde graad van geluk as gevolg van seks, negatiewer deur die onervare respondente beoordeel.

TABEL 6.2.39

Kruistabulasie tussen gedragsgevolg GT13 en seksuele ervaring.

Middelpunte GT13 - klasse	Response V15	
	Ja	Nee
30,6		1
28,8		
27,0		
25,2		
23,4		
21,6	1	
19,8		
18,0		1
16,2	1	
14,4	1	
12,6	6	10
10,8	2	4
9,00		
7,20	4	2
5,40	2	7
3,60		
1,80	1	14
0,00	2	15
N	20	54
$\bar{X}$	9,58	5,57

( $F(1/72) = 6,71, p < 0,05$ ).

'n Variasieontleding van die verskil tussen die gemiddelde getransformeerde GT13-tellings per vlak van seksuele ervaring (Tabel 6.2.39) toon dat die gemiddeldes verskil. Die seksueel ervare respondente beoordeel die ontwikkeling van 'n geslagsiekte as gevolg van voorhuwelikse seks minder negatief as wat die geval by die onervare respondente is.

### 6.3 Interne betroubaarheid van die onderskeie vraelyste.

Die interne konsekwentheid van Houdingskale HT1 en HT2 en die Mosher-seksuele skuldvrælys is deur middel van Cronbach se alfakoëffisiënt (Anastasi, 1988:124) bepaal. Die resultate word in Tabelle 6.3.1 tot 6.3.3 uiteengesit.

TABEL 6.3.1

Verkreë alfakoëffisiënte vir Houdingskaal HT1.

Item	$\alpha$ (alfa) indien item weggelaat word	Item	$\alpha$ (alfa) indien item weggelaat word
23	0,7198	27	0,7162
24	0,7133	28	0,7579
25	0,7662	29	0,8862
26	0,7052	30	0,7987
Totale $\alpha$ :			0,7918

Volgens Tabel 6.3.1 voldoen die verkreë alfakoëffisiënte van al die items aan die gestelde afsnypunt (0,75) wat dus geen weglatings noodsaak nie. Indien item 29 (die houding teenoor intieme liefkosing sonder dat geslagsgemeenskap plaasvind) egter weggelaat sou word, sal die totale alfakoëffisiënt tot 0,8862 styg.

TABEL 6.3.2

Verkreë alfakoëffisiënte vir Houdingskaal HT2.

Item	$\alpha$ (alfa) indien item weggelaat word	Item	$\alpha$ (alfa) indien item weggelaat word
31.1	0,8917	31.7	0,9334
31.2	0,9015	31.8	0,8961
31.3	0,8929	31.9	0,8915
31.4	0,9006	31.10	0,8973
31.5	0,8939	31.11	0,9196
31.6	0,8959	31.12	0,8941
Totale $\alpha$ :			0,9089

Die alfakoëffisiënte van al die items van Houdingskaal HT2 oorskry die afsnypunt. Indien Items 31.7 (Voorhuwelikse seks is beheerbaar/onbeheerbaar) en 31.11 (Voorhuwelikse seks is bepland/instinktief) weggelaat sou word, sou die totale alfakoëffisiënt die bestaande 0,9089 oorskry.

TABEL 6.3.3

Verkreë alfakoëffisiënte vir die Mosher-seksuele skuldvraelys (Afrikaanse vertaling).

Item	$\alpha$ (alfa) indien item weggelaat word	Item	$\alpha$ (alfa) indien item weggelaat word
1a	0,9489	1b	0,9485
2a	0,9490	2b	0,9494
3a	0,9476	3b	0,9477
4a	0,9481	4b	0,9474
5a	0,9478	5b	0,9488
6a	0,9494	6b	0,9478
7a	0,9485	7b	0,9483
8a	0,9509	8b	0,9487
9a	0,9497	9b	0,9482
10a	0,9482	10b	0,9477
11a	0,9481	11b	0,9484
12a	0,9483	12b	0,9482
13a	0,9481	13b	0,9480
14a	0,9474	14b	0,9486
15a	0,9469	15b	0,9488
16a	0,9490	16b	0,9484
17a	0,9478	17b	0,9480
18a	0,9482	18b	0,9481
19a	0,9478	19b	0,9480
20a	0,9479	20b	0,9476
21a	0,9480	21b	0,9482
22a	0,9485	22b	0,9482
23a	0,9475	23b	0,9479
24a	0,9469	24b	0,9472
25a	0,9484	25b	0,9487
Totale $\alpha$ : 0,9492			

Alfakoëffisiënte bo die aanvaarbare vlak van 0,75 is vir al die toetsitems van die Mosher-skuldvraelys verkry, wat dus geen weglatings noodsaak nie. Die verkreë koëffisiënte wat 0,90 vir al die items oorskry, maak dié vraelys besonder betroubaar. Die weglating van items 2b, 6a, 8a en 9a (kyk Bylae B) sou tot gevolg hê dat die bestaande totale alfakoëffisiënt van 0,9492 oorskry word.

6.4 Interkorrelasies tussen seksuele houdings en verskeie onafhanklike veranderlikes.

Die houding teenoor seksuele gedragspatrone binne bepaalde verhoudings (Houdingskaal HT1), en die emosionele konnota-sie wat daar aan voorhuwelikse seks geheg word (Houdingskaal HT2), is onderling gekorreleer met:

- a) die invloed wat belangrike referente op die respondent sou hê (RT1-8);
- b) die oortuiging dat sekere gedragspatrone tot goeie of slegte gevolge sal lei (GT1-13);
- c) die 16 Persoonlikheidsfaktore (16 PF);
- d) die tweede-orde-faktore exvia en angs en die
- e) totaalstelling van die Mosher-skuldvraelys (Mostot).

Die resultate word in Tabelle 6.4.1 tot 6.4.4 aangetoon.

TABEL 6.4.1

Korrelasiematriks van Houdingskale HT1 en HT2 met RT 1-8.

Item	N	HT 1 r	HT2 r
RT 1 (Pa)	86	.328 *	.310 *
RT 2 (Ma)	88	.252 *	.322 *
RT 3 (Grootouers)	82	.251 *	.255 *
RT 4 (Mansvriende)	88	.492 *	.478 *
RT 5 (Vriendinne)	85	.296 *	.395 *
RT 6 (Predikant)	88	.220 *	.258 *
RT 7 (Dosente)	87	.241 *	.289 *
RT 8 (Vaste metgesel)	85	.520 *	.575 *

\* :  $p < 0,05$       r : Pearson-korrelasiekoëffisiënt

Volgens Tabel 6.4.1 korreleer die houdingskale, HT1 en HT2, beduidend met alle items. Daar is sterk positiewe korrelasies gevind tussen houding teenoor voorhuwelikse seks en die menings van lede van die portuurgroep, dit wil sê mansvriende en die vaste metgesel.

TABEL 6.4.2

Korrelasiematriks van Houdingskale HT1 en HT2 met GT1 - 13.

Item	N	HT 1 r	HT2 r
GT 1 (Swangerskap)	88	.294 *	.394 *
GT 2 (Geskokte ouers)	88	.057	.215
GT 3 (Beter verhouding)	87	.207 *	.160 *
GT 4 (Verbeterde huweliksgeluk)	88	.342 *	.265 *
GT 5 (Skuldkompleks)	88	-.083	-.191
GT 6 (VIGS)	88	.151	.160
GT 7 (Geluk)	88	.459 *	.551 *
GT 8 (Populariteit)	86	.199	.338 *
GT 9 (Swakker huwelikskans)	88	.290 *	.335 *
GT 10 (Reputasie)	88	.185	.320 *
GT 11 (Aanvaarding)	88	.271 *	.253 *
GT 12 (Minder respek)	88	.188	.157
GT 13 (Geslagsiekte)	88	.233 *	.288 *

\* :  $p < 0,05$ 

Volgens Tabel 6.4.2 blyk dit dat diegene wat volgens Houdingskaal HT1 voorhuwelikse omgang binne bepaalde verhoudings goedkeur, positiewer gevolge as gevolg van voorhuwelikse seksuele omgang verwag. Die beoordeling van die gedragsgevolg "geluk" (wat as 'n opportunistiese oriëntasie beskou kan word) het veral redelik sterk met die houdingskale korreleer. Verder toon die beoordeling van gedragsgevolge wat die individu kan benadeel en deur die samelewing negatief beoordeel word, naamlik swangerskap, swakker huwelikskanse en die ontwikkeling van 'n geslagsiekte ook positiewe korrelasies met die seksuele houdings wat gehuldig word.

Dit blyk ook dat respondente se houding jeens voorhuwelikse seksuele omgang (soos gemeet deur Houdingskaal HT2) nie beïnvloed word deur die verwagting van sekere negatiewe gevolge soos geskokte ouers of die ontwikkeling van VIGS nie. Hulle oortuiging word egter, naas die verwagting van

positiewe gevolge, wel geraak deur die verwagting van swangerskap, swakker huwelikskanse, 'n swak naam en die ontwikkeling van 'n geslagsiekte as 'n gevolg van hulle voorhuwelikse seksuele gedrag.

TABEL 6.4.3

Korrelasiematriks van Houdingskale HT1 en HT2 met die persoonlikheidsfaktore van die 16 PF en Mostot.

Item	HT 1 r	HT2 r
EXVIA (Tweede-orde-faktor)	.081	.151
ANGS (Tweede-orde-faktor)	.226 *	.166
FAKTOR A (Sosialiteit)	.026	.033
FAKTOR B (Intelligensie)	-.133	-.127
FAKTOR C (Emosionele stabiliteit)	-.267 *	-.231*
FAKTOR E (Dominansie)	.120	.188
FAKTOR F (Entoesiasme)	.185	.217
FAKTOR G (Pligsgetrouheid)	-.171	-.151
FAKTOR H (Sosiale avontuurlikheid)	.107	.209
FAKTOR I (Emosionele sensitiwiteit)	-.091	-.210
FAKTOR L (Agterdogtigheid)	.284 *	.261*
FAKTOR M (Verbeeldingrykheid)	.020	-.007
FAKTOR N (Skerpsinnigheid)	.320 *	.404*
FAKTOR O (Geneigdheid tot skuldgevoelens)	.181	.125
FAKTOR Q1 (Konservatisme)	-.131	-.089
FAKTOR Q2 (Selfgenoegsaamheid)	.042	.006
FAKTOR Q3 (Selfsentiment)	-.313 *	-.288*
FAKTOR Q4 (Gespannendheid)	.110	.095
MOSTOT	-.676 *	-.707*

N = 74

\* :  $p < 0,05$

MOSTOT : totaalstelling van die Mosher-seksuele skuldvraelys

Volgens Tabel 6.4.3 korreleer die houdingskaaltellings (HT1 en HT2) beduidend negatief met metings van die persoonlikheidsfaktore C (emosionele stabiliteit) en Q3 (selfsentiment). 'n Beduidende positiewe korrelasie is ook aangetoon tussen die houdingskaaltellings (HT1 en HT2) en die persoonlikheidsfaktortellings vir faktore L (agterdogtigheid) en N (skerpsinnigheid), en tussen Houdingskaal HT 1-tellings en die tweede-orde-faktor, angs.

Uit die resultate van Tabel 6.4.3 blyk dit dat daar 'n verband bestaan tussen 'n positiewe houdingsingesteldheid teenoor voorhuwelikse seks en die volgende primêre en tweede-orde-faktore:

- i) 'n mate van afsydigheid en kritiese wêreldwysheid (+N,+L);
- ii) nastreef van eie reëls in teenstelling met samelewingsreëls (-Q3);
- iii) egoswakheid, onbeheerstheid en 'n geneigdheid tot probleemgedrag (-C,-Q3) en
- iv) emosionele- en aanpassingsproblematiek (-C, angs).

Die verwagte verband tussen 'n negatiewe seksuele houdingsingesteldheid en 'n geneigdheid tot 'n hoë mate van seksuele skuldgevoelens, is bevestig deur die beduidende negatiewe korrelasie tussen HT1, HT2 en die Mosher-skuld-skaaltelling. Die observasie dat die Mosher-skuldskaal hom moontlik meer leen tot die meting van houdings as persoonlikheidseienskappe is ook hierdeur beklemtoon.

TABEL 6.4.4

Korrelasiematriks van Mostot met exvia en angs.

	MOSTOT	EXVIA	ANGS
EXVIA	-.114		
ANGS	-.260 *	-.01397	

\* :  $p < 0,05$

N = 74

Volgens Tabel 6.4.4 is daar 'n verband tussen 'n hoë geneigdheid tot skuldgevoelens en 'n lae angstelling. Waar 'n hoë angstelling aanduidend van aanpassingsproblematiek is, dui hierdie verband daarop dat 'n geneigdheid tot 'n hoë mate van seksuele skuldgevoelens nie noodwendig met psigiese wanfunksionering verband hou nie.

### 6.5 Faktorontleding.

As gevolg van die hoë aantal onafhanklike veranderlikes is daar besluit om deur faktorontleding die groot hoeveelheid veranderlikes te verminder tot 'n kleiner aantal faktore. Die onafhanklike veranderlikes wat betrek is by hierdie faktorontleding is: die getransformeerde referent- en gedragsgevolgtellings, die 16 PF tweede-orde-faktore exvia en angs, die totaaltelling van die Mosher-skuldskaal en die Houdingskaal HT1- en HT2-tellings.

Drie faktore, 1, 2 en 3, is geïdentifiseer en volgens hulle aard benoem. Die belading van die verskillende veranderlikes met Faktore 1, 2 en 3 word in Tabel 6.5.1 aangetoon.

TABEL 6.5.1

Die belading van die onderskeie veranderlikes met Faktore 1, 2 en 3.

Veranderlikes	Faktor 1	Faktor 2	Faktor 3
RT6 (predikant)	0,891		
RT3 (grootouers)	0,863		
RT2 (ma)	0,834		
RT1 (pa)	0,765		
RT7 (dosente)	0,758		
RT5 (vriendinne)	0,712		
RT4 (mansvriende)	0,657		
Houdingskaaltelling HT2		0,791	
Mostot (skuldtelling)		-0,728	
GT7 (geluk)		0,690	
Houdingskaaltelling HT1		0,689	
GT4 (beter huweliksgeluk)		0,686	
GT8 (populariteit)		0,516	
GT9 (swakker huwelikskanse)			0,722
GT13 (geslagsiekte)			0,692
GT10 (slegte reputasie)			0,676
GT12 (minder respek)			0,649
GT2 (geskokte ouers)			0,591
GT1 (swangerskap)			0,516

(Slegs veranderlikes met 'n belading van groter as 0,5 is in ag geneem.)

Faktor 1 is as "die invloed van referente" benoem weens die feit dat dit na die invloed van die predikant, grootouers, ouers, dosente, vriende en vriendinne verwys.

Faktor 2 word as "positiewe houding" benoem en bestaan uit die Houdingskaaltellings HT1 en HT2, die totaaltelling van die Mosher-skuldskaal en die verwagting van geluk, verbeterde huweliksgeluk en populariteit as gevolg van seks.

Faktor 3 word as "negatiewe gevolge" benoem weens die feit dat dit verwys na die beoordeling van die negatiewe gedragsgevolge van seks, naamlik swakker huwelikskanse, die ontwikkeling van geslagsiektes, 'n slegte reputasie, minder respek van die seksmaat, geskokte ouers en swangerskap.

## *6.6 Modelbou.*

### *6.6.1 Meervoudige regressieontleding.*

Die verband tussen die waardes van die afhanklike veranderlikes HT1, HT2 en V20 onderskeidelik en die onafhanklike veranderlikes RT 1-8, GT 1-13, Mostot, exvia, angs, 16 PF-faktore 1 tot 16, V9 en V10 is deur middel van meervoudige regressieontleding volgens die kriterium van Mallows se CP-telling (kyk Afdeling 5.5.6.1) ondersoek. Die doel hiermee was om op grond van die onafhanklike veranderlikes die afhanklike veranderlike so goed as moontlik te voorspel. Die voorspellingsmodelle word in Tabela 6.6.1 tot 6.6.5 aangetoon.

Die resultate van die voorspelling van Houdingskaale HT1 en HT2 met behulp van Mostot, die 16 PF-faktore, V9 en V10 alleenlik, verklaar minder variasie as die model waar die getransformeerde referent- en gedragsgevolgtellings by die

kombinasie van onafhanklike veranderlikes (Mostot, 16 PF, V9 en V10) gevoeg is om die afhanklike veranderlike te voorspel. Die kleiner model is ook 'n duplikasie van die meer omvattende model. Die resultate van die voorspelling van HT1 en HT2 met behulp van Mostot, 16 PF, V9 en V10 word dus nie aangetoon nie.

TABEL 6.6.1

Mees geskikte model vir die voorspelling van Houdingskaal HT1-telling met behulp van getransformeerde tellings RT1-8 en GT1-13.

Onafhanklike veranderlike	Beta-koëffisiënt	Bydrae tot $R^2$ 4
RT1	0,58106	0,06961
RT3	-0,52748	0,05107
RT8	0,23139	0,04573
GT3	-0,4331	0,03618
GT4	0,8816	0,05666
GT7	0,5286	0,04654

Mallows se CP-telling = -1,9278

$R^2 = 0,484$ ;  $F = 8,29$ ;  $p < 0,05$ ;  $gv = 6/53$ .

Die meervoudige regressieontleding van die verband tussen die houding teenoor bepaalde voorhuwelikse seksuele gedragspatrone (insluitend intieme liefkosing) en die getransformeerde verwysingsgroep- en gedragsgevolgtellings het 'n aantal voorspellers aangetoon wat 48% van die variasie in Houdingskaal HT1 verklaar.

Die invloed van die vaste metgesel (RT8), die grootouers (RT3) en die pa (RT1) as referente, asook die oordeel oor

---

4) Die bydrae tot  $R^2$  vir elke veranderlike is die waarde waarmee  $R^2$  sal verminder indien daardie veranderlike van die regressievergelyking verwyder sou word.

die gedragsgevolge van 'n verbeterde verhouding (GT3), verbeterde huweliksgeluk (GT4) en toenemende geluk weens seks (GT7), was beduidende voorspellers. Die negatiewe teken van die betakoëffisiënte in hierdie model dui daarop dat die betrokke voorspeller 'n negatiewe bydrae tot die voorspelling van die afhanklike veranderlike maak. In teenstelling met die merkbare invloed wat deur die pa en vaste metgesel uitgeoefen word, is die oordeel van die grootouers verwerp. Anders as die positiewe evaluering van verbeterde persoonlike en huweliksgeluk as gevolg van seks, is die moontlikheid van 'n verbeterde verhouding vanweë seks, negatief geëvalueer.

TABEL 6.6.2

Mees geskikte model vir die voorspelling van Houdingskaal HT1-tellings met behulp van al die genoemde onafhanklike veranderlikes.

Onafhanklike veranderlike	Beta-koëffisiënt	Bydrae tot R <sup>2</sup>
Mostot	-0,079	0,16264
Faktor N	1,008	0,03982
RT1	0,589	0,06079
RT6	-0,573	0,04162
V9	-3,510	0,06386

Mallows se CP-telling = -17,36

R<sup>2</sup> = 0,643; F = 19,45; p < 0,05; gv = 5/54.

In die voorspelling van Houdingskaal HT1-tellings (Tabel 6.6.2) is die getransformeerde referent- en gedragsgevolgtellings, in kombinasie met die 16 PF-faktore, Mostot, V9 en V10 as onafhanklike veranderlikes gebruik.

In Tabel 6.6.2 word 64% van die variasie verklaar deur: 'n geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens (Mostot),

skerpsinnigheid (Faktor N), die invloed van die pa (RT1) en predikant (RT6) as referente asook die beoordeelde invloed wat godsdienstige oortuigings op die alledaagse lewe (V9) het.

Die teken van die betakoëffisiënt in hierdie model dui daarop dat 'n hoë geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens en 'n hoë vlak van waargenome beïnvloeding deur die predikant en godsdienstige oortuigings, met 'n negatiewe houding jeens voorhuwelikse seks gepaard gaan. Die bevinding dat die geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens die voorspeller is wat die grootste bydrae tot die voorspelling van die HT1-tellings maak, dui op die belangrikheid van die teenwoordigheid van hierdie faktor in die handhawing van seksuele houdings.

Die gegewens in Tabel 6.6.2 dui op 'n beter voorspellingsmodel as dié in Tabel 6.6.1 deurdat 'n groter persentasie van die variasie in die Houdingskaal HT1-tellings verklaar word.

TABEL 6.6.3

Mees geskikte model vir die voorspelling van Houdingskaal HT2-tellings met behulp van getransformeerde tellings RT1-8 en GT1-13.

Onafhanklike veranderlike	Beta-koëffisiënt	Bydrae tot R <sup>2</sup>
RT3	-1,0013	0,0669
RT5	0,72653	0,0501
RT8	0,5272	0,0773
GT4	2,1294	0,1325
GT10	0,5884	0,0488

Mallows se CP-telling = -1,59

R<sup>2</sup> = 0,543; F = 12,81; p < 0,05; gv = 5/54.

Volgens die meervoudige regressieontleding (Tabel 6.6.3) van die verband tussen die emosionele konnotasie wat daar aan voorhuwelikse seksuele gedrag geheg word en die getransformeerde referent- en gedragsgevolgtellings is 'n aantal beduidende voorspellers geïdentifiseer.

Van die variasie in die Houdingskaal HT2-tellings word 54% verklaar deur: die invloed van die grootouers (RT3), asook vriendin (RT5) en vaste metgesel (RT8) as referente, die oordeel oor die gedragsgevolge van verbeterde huweliksgeluk (GT4) en 'n slegte reputasie (GT10).

Die teken van die betakoëffisiënt in hierdie model toon dat 'n positiewe houdingsingesteldheid jeens voorhuwelikse seks met 'n lae mate van invloed deur die grootouers verband hou. Die positiewe evaluasie van verbeterde huweliksgeluk as gevolg van voorhuwelikse seks, lewer ook 'n aansienlike bydrae tot die verklaring van Houdingskaal HT2-tellings.

TABEL 6.6.4

Mees geskikte model vir die beskrywing van Houdingskaal HT2-tellings met behulp van al die genoemde onafhanklike veranderlikes.

Onafhanklike veranderlike	Beta-koëffisiënt	Bydrae tot R <sup>2</sup>
Mostot	-0,1652	0,19722
Faktor N	2,4344	0,06034
Faktor Q3	-1,2664	0,01918
RT7	-0,7600	0,03926
RT8	0,4066	0,04486
GT10	0,4930	0,02986

Mallows se CP-telling = -5,33

R<sup>2</sup> = 0,715; F = 22,13; p < 0,05; gv = 6/53.

In die voorspelling van Houdingskaal HT2-tellings met behulp van al die genoemde onafhanklike veranderlikes (Tabel 6.6.4) word 71% van die variasie verklaar. In Tabel 6.6.4 is die persoonlikheidsfaktore, skerpsinnigheid (Faktor N) en ongeërgdheid (Faktor Q3), 'n geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens, die invloed van dosente (RT7) en die vaste metgesel (RT8) as referente, asook die oordeel oor die verkryging van 'n slegte naam weens seks (GT10) as voorspellers aangetoon.

Die teken van die betakoëffisiënte in hierdie model het getoon dat die voorspeller wat die grootste bydrae lewer, 'n lae geneigdheid tot skuldgevoelens, asook die navolging van eie reëls in stede van dié van die samelewing (-Q3) en 'n lae mate van invloed deur dosente met 'n positiewe seksuele houdingsingesteldheid verband hou.

Die veranderlikes wat in Tabel 6.6.4 gelys is dui op 'n beter voorspellingsmodel as die model in Tabel 6.6.3 as gevolg van die groter mate van variasie in Houdingskaal HT2-tellings wat verklaar word.

TABEL 6.6.5

Mees geskikte model vir die voorspelling van aantal seksmaats (V20) met behulp van al die genoemde afhanklike veranderlikes.

Onafhanklike veranderlike	Beta-koëffisiënt	Bydrae tot R <sup>2</sup>
HT1	0,0442	0,05189
HT2	-0,0634	0,24212
RT6	0,0573	0,06401
GT4(groter huweliksgeluk)	-0,1461	0,21073
GT7	0,2234	0,66581
GT9 (swak huwelikskanse)	0,8887	0,16714

Mallows se CP-telling = 3,81

$R^2 = 0,855$ ;  $F = 9,83$ ;  $p < 0,05$ ;  $gv = 6/10$ .

Die verband tussen die aantal seksmaats en al die genoemde onafhanklike veranderlikes (Tabel 6.6.5) word deur 'n aantal beduidende voorspellers aangetoon. Vyf en tagtig persent van die variasie word deur die Houdingskaaltellings HT1 en HT2, die invloed van die predikant (RT6), huweliksverwagtinge (GT4 en GT9) en die verwagting van toekomstige geluk as gevolg van seks (GT7) aangedui.

Die teken van die betakoëffisiënt dui aan dat daar 'n negatiewe verband bestaan tussen die aantal seksmaats en die emosionele konnotasie wat aan seksualiteit geheg word (HT2) asook die verwagting van beter huweliksgeluk (GT4). Die verwagting van geluk as gevolg van seks lewer 'n uitsonderlike groot bydrae waar dit om die voorspelling van die aantal sekemaats gaan.

### *6.6.3 Diskriminantontleding.*

Die voorspelling van die klassifikasie van respondente deur middel van drie faktore (Faktore 1 tot 3) wat geïdentifiseer is in 'n groep wat reeds heteroseksuele gemeenskap gehad het, teenoor diegene wat nog geen geslagsgemeenskap gehad het nie (V15), is deur middel van 'n diskriminantontleding ondersoek. Die resultate van hierdie ontleding word in Tabelle 6.6.6 en 6.6.7 aangetoon.

TABEL 6.6.6

Klassifikasiefunksie vir die klassifikasie van response op V15.

Respons	Veranderlike	Betakoëffisiënt
Ja	Faktor 2	1,2096
Nee	Faktor 2	-0,4032

( $F = 19,920$ ;  $gv = 1,58$ ;  $p < 0,05$ ).

Die klassifikasiefunksie slaag daarin om beduidend te onderskei tussen respondente wat instemmend en diegene wat ontkennend op item V15 gereageer het.

TABEL 6.6.7

Klassifikasie van respondente deur middel van die klassifikasiefunksie.

Respons	Persentasie korrek	Korrekte klassifikasie	Foutiewe klassifikasie
Ja	77,8	35	10
Nee	60,02	9	6
Totaal	73,3	44	16

Tabel 6.6.7 toon dat Faktor 2 (positiewe houdingsingesteldheid) daarin slaag om 77,8% van diegene wat ontkennend geantwoord het en 60% van diegene wat instemmend geantwoord het, korrek te klassifiseer.

## HOOFSTUK 7

### BESPREKING VAN RESULTATE.

Uit die resultate wat van die respondente verkry is, is dit moontlik om 'n aantal afleidings te maak. Die verkreë resultate word vervolgens aan die hand van die onderstaande aspekte bespreek.

#### 7.1 Biografiese besonderhede van die respondente.

Die respondente wat aan hierdie studie deelgeneem het is almal Afrikaanssprekend en gemiddeld 19 jaar oud. Volgens (Louw et al., 1984:359) het adolessente op hierdie ouderdom in hul heteroseksuele verhoudingslewe reeds 'n gevorderde vlak van seksuele ontwikkeling bereik. Verder is die groep respondente homogeen in hul sosio-ekonomiese agtergrond, wat as middelklas beskryf kan word. Die respondente wat aan die studie deelgeneem het, kan ook as oorwegend godsdienstig beskou word. Vyf en sewentig persent is baie gereelde kerkgangers, terwyl een derde aktief betrokke is by hul kerk se werksaamhede.

#### 7.2 Die seksuele gedrag en houdings van die respondente.

Uit die verkreë resultate (kyk afdeling 6.1.3) blyk dit dat die respondente se gedrag in ooreenstemming is met die veranderende seksuele waardes, waar verhoudings toenemend op jonger ouderdomme voorkom en die aard daarvan al intiemer word. Sewe en tagtig persent van die respondente het betrokkenheid by 'n vaste verhouding gedurende hul adolessente jare gerapporteer. Die meerderheid rapporteer ook dat hulle in hulle verhoudingslewe reeds 'n redelike graad van intieme liefkosing ervaar het.

Daar word dikwels aanvaar dat voorhuwelikse geslagsgemeenskap direk op 'n gevorderde graad van intimiteit in 'n verhouding volg. Die resultate ten opsigte van 'n verband tussen 'n vroeë betrokkenheid by die verhoudingslewe

en 'n vroeë aanvang van voorhuwelikse gemeenskap (kyk Tabel 6.2.27) het nie aan hierdie verwagtings voldoen nie. Jessor et al. (1983:608) is van mening dat die oorgangsfase vanaf intieme liefkosing na voorhuwelikse gemeenskap nie 'n eenvoudige en outomatiese proses in die adolessent se lewe is nie. Die invloed van 'n opeenvolgende patroon van 'n verskeidenheid sosiale en persoonlike faktore waaraan die adolessent blootgestel is, dra by tot die vroeë voorkoms van voorhuwelikse geslagsgemeenskap. Die faktore wat geïdentifiseer is, is onder andere onbetrokkenheid by gesagstrukture soos die ouers, skool en kerk, asook 'n betrokkenheid by die portuurgroep en by probleemgedrag. Jessor se sosiale leerteorie van probleemgedrag kan dus 'n verklaring bied vir die afwesigheid van 'n verband tussen die respondente se vroeë betrokkenheid by die verhoudingslewe en 'n aanvang met seksuele gemeenskap op 'n jong ouderdom.

Van die respondente wat aan die ondersoek deelgeneem het, het een derde reeds ervaring van voorhuwelikse gemeenskap gehad. Hierdie syfer is effens laer as dié wat etlike jare gelede in die VSA verkry is. Die gemiddelde ouderdom waarop respondente hul eerste seksuele ervaring gehad het, naamlik 17,6 jaar, is effens hoër as ander resultate wat onder Suid-Afrikaanse Indiërs verkry is (Amod & Shmukler, 1986:24). Benewens bestaande kultuurverskille tussen die gemeenskappe moet daar in gedagte gehou word dat die respondente wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het 'n uitgesoekte groep is. Hierdie resultate kan dus nie 'n verteenwoordigende aanduiding van tendense in die Suid-Afrikaanse samelewing gee nie.

In die gemeenskap word deelname aan voorhuwelikse geslagsgemeenskap dikwels met promiskuiteit verwar. Die gedrag van die groep seksueel ervare respondente kan nie sonder voorbehoud as promisku beskou word nie. Respondente het merendeels voorhuwelikse geslagsgemeenskap binne vaste verhoudinge gehad. Soveel as 63% het slegs een seksmaat gehad. Die beskikbare inligting (kyk afdeling 6.1.4) dui

verder daarop dat die gemiddelde frekwensie van geslagsgemeenskap wat deur die seksueel ervare respondente aangedui is redelik laag was.

Die emosies wat respondente tydens die verlies van maagdelikheid ervaar het, was ook oorwegend negatief. Hierdie tendens moet toegeskryf word aan die sterk negatiewe sentiment wat in die Afrikaanse gemeenskap aan die verlies van maagdelikheid voorhuweliks geheg word.

Die seksuele houdings wat onder die respondente waargeneem is, het gewissel van sterk negatief tot effens goedkeurend (kyk Tabelle 6.1.10 en 6.1.11). 'n Hoë proporsie respondente het 'n sterk negatiewe evaluering geheg aan die waarskynlikheid dat voorhuwelikse seks tot beter huwelikskanse en populariteit sal lei, en het terselfdertyd die verlies van hulle goeie naam sowel as respek van ander verwag (kyk Tabel 6.1.14). Die sterk anti-promiskue houding van die gemiddelde respondent in die groep is hierdeur beklemtoon. Al die respondente (dié met en sonder seksuele ervaring) het egter 'n sterk negatiewe houding uitgespreek waar dit oor losse seks ("casual sex") gegaan het (kyk Tabel 6.1.10).

Die navorser is van mening dat die waargenome sterk negatiewe houding van die respondente bevraagteken moet word. Adollesente word vandag deur twee teenstrydige seksuele waardestelsels gekonfronteer, naamlik tradisionele beginsels wat op die Christelike leer geskoei is, en die sogenaamde nuwe seksuele moraliteit (Louw *et al.*, 1984:353). In 'n toenemend permissiewe samelewing word die waardes van die nuwe seksuele moraliteit, met behulp van die media, daaglik openlik verkondig. Adollesente sal dus noodwendig deur hierdie houdings beïnvloed word en onder hierdie druk geneig wees om 'n minder sterk tradisionele en anti-promiskue houding aan te hang.

Die vraag ontstaan dus of 'n puriteinse seksuele houding, wat 'n skuheid ten opsigte van seksuele intimiteit impliseer, wel nog binne die Afrikaanssprekende gemeenskap bestaan. Terselfdertyd moet die moontlikheid ondersoek word dat die respondente nie die tradisionele seksuele oortuigings huldig nie, maar onbewustelik gepoog het om 'n sosiaal wenslike seksuele houding weer te gee. Ten spyte van die invloed wat die nuwe moraliteit sou kon hê, het respondente oorwegend sterk anti-seksuele houdings openbaar. Die moontlikheid bestaan dat respondente wat nie self die negatiewe seksuele houding onderskryf nie, wel dié standpunte onderskryf het wat volgens hulle mening sosiaal aanvaarbaar sou wees. Tradisioneel dra anti-seksuele houdings nog die goedkeuring weg van veral die ouers en bepaalde gesagsfigure binne kerk- en opvoedingsverband. Uit vrees vir sosiale verwerping, weens die goedkeuring van so 'n sensitiewe en "verbode" onderwerp, is die mees "korrekte" alternatief waarskynlik verkies.

'n Ander moontlike verklaring kan aan die voorkoms van die vraelys (kyk Bylae A) toegeskryf word. Die vrae wat oor die respondente se seksuele gedrag en houdings handel word direk voorafgegaan deur vrae oor die respondente se godsdienstige meelewing. Die volgorde van hierdie vrae beklemtoon juis die morele, wat die navolging van sosiaal wenslike norme bevorder. Die navorser is van mening dat 'n hersamestelling van die vraelys die voorkoms van sosiale wenslikheidsresponse in 'n groter mate sou kon uitskakel.

### 7.3 Waargenome geslagsverskille.

In die seksuele houdings wat die respondente gehuldig het, was daar aanduidings van die bestaan van 'n dubbelstandaard. Hiervolgens word daar aan mans 'n groter mate van seksuele vryheid verleen en bestaan die verwagting dat hulle meer promisku as die vrouens sal wees. Uit die resultate het dit geblyk dat die respondente die grootste mate van goedkeuring vir voorhuwelikse seksuele gedrag van hul mansvriende verwag

het (kyk Tabel 6.1.12). Die verwagting was verder dat vriendinne in 'n mindere mate as vaste metgeselle goedkeuring aan voorhuwelikse gemeenskap sou verleen.

Die waargenome voorkoms van die dubbelstandaard was egter net tot die houdingsvlak beperk. Daar was geen aanduidings van geslagsverskille waar dit om waarneembare seksuele gedragspatrone gegaan het nie. Mans en vroue het in gelyke mate ervaring van 'n gevorderde graad van intieme liefkosing (kyk Tabel 6.2.5) en voorhuwelikse geslagsgemeenskap (kyk Tabel 6.2.6) gehad. Die gelykheid tussen die geslagte kan aan twee faktore toegeskryf word, naamlik a) vroulike seksualiteit wat toenemend al meer met die gedragspatrone van die man ooreenkom en b) die vrou wat die beskouing van tradisionele geslagsrolle huldig en opsien na die man vir seksuele leiding. In haar seksuele besluitneming is sy gevolglik meer passief as haar meer "moderne" eweknie en onder druk van die man neem sy deel aan praktyke waarmee sy nie noodwendig gemaklik voel nie.

Volgens die resultate het die vroulike respondente verder aan die veralgemeende verwagting voldoen dat hulle meer godsdienstig as die manlike respondente sou wees (kyk Tabelle 6.2.2 tot 6.2.4). In hulle alledaagse- en verhoudingslewe is die vrouens, volgens hulle eie oordeel, meer (as die mans) deur hulle godsdienstige oortuigings beïnvloed. Hierdie resultate staan dan ook heel moontlik in verband met Peplau *et al.* (1977:94) se bevinding dat die vrou se religieuse oortuigings, meer as dié van die man, 'n groter invloed op 'n paartjie se seksuele gedrag uitoefen.

Die vroulike respondente was ook beduidend meer betrokke by hul kerk se werksaamhede as wat die geval by die mans was. Geen beduidende geslagsverskil kon egter aangetoon word waar dit om gereelde erediensbywoning gegaan het nie (kyk Tabel 6.2.1). "Kerk toe gaan" word dikwels deur studente as 'n "afspraak" beskou. Die resultate kan dus verklaar word aan die hand daarvan dat die manlike studente hulle vriendinne,

wat godsdienstig meer meelewend mag wees, na die eredienste vergesel. Aan die hand hiervan beskou die navorser erediensbywoning nie as 'n goeie aanduider van godsdienstige meelewing nie.

#### 7.4 Die kerklike betrokkenheid en godsdienstige meelewing van die respondente.

Jessor et al. (1983:622) wys daarop dat seksuele konserwatisme met 'n sterk godsdienssin verband hou. Daar kan dus afgelei word dat die godsdienstige waardes van die individu as reguleerder van sy seksualiteit dien. Uit die resultate het dit dan ook geblyk dat ware godsdiensteemelewing, soos bepaal deur betrokkenheid by kerkwerkzaamhede, as gedeeltelike inhibeerder van seksuele gedrag dien. Respondente wat betrokke is by hul kerk se werkzaamhede was egter nie minder intiem in hulle liefkosings as onbetrokke respondente nie (kyk Tabel 6.2.11). Die oorgangsfase na nie-maagdelikheid is wel deur hierdie graad van godsdienstige meelewing van die respondent verhinder. Volgens Tabel 6.2.12 was respondente wat betrokke is by hul kerk se werkzaamhede in 'n mindere mate as die onbetrokke respondente geneig om voorhuwelikse seksuele ervaring te hê.

Daar is egter ook bevind dat respondente wat seksueel ervare is, maar ook betrokke by hul kerk se werkzaamhede is, nie noodwendig op 'n later ouderdom hul eerste ervaring van voorhuwelikse gemeenskap gehad het nie (kyk Tabel 6.2.13). Aktiewe godsdienstige meelewing het in hierdie gevalle dus nie as 'n doeltreffende inhibeerder van seksuele gedrag gedien nie. Die verklaring hiervoor lê waarskynlik in Jessor et al. (1983:609) se beskrywing van dié faktore wat tot die oorgang na nie-maagdelikheid bydra. Aspekte soos 'n gebrek aan selfgelding en portuurdruk kon tot die deurvoer van die seksuele daad bygedra het. Waar godsdienstebeoefening deur fluktuasies gekenmerk word, bestaan die moontlikheid ook dat dié respondente minder

"godsdiensstig" was op die tydstip dat hulle hulle maagdelikheid verloor het.

Die waarneming dat kerkbywoning nie 'n goeie aanduider van godsdiensstige meelewing is nie, is deur die verkreeë resultate bevestig (kyk Tabelle 6.2.8 tot 6.2.10). Nog respondente se ervaring van voorhuwelikse seks, nog die ouderdom waarop hulle hul eerste seksuele ervaring gehad het of hulle aantal seksmaats is beïnvloed deur die mate waarin hulle gereeld eredienste bygewoon het. Die beoordeelde invloed van godsdiensstige oortuigings op die alledaagse lewe en verhoudingslewe van die respondente was ook nie voldoende om as inhibeerder van die graad van intimiteit in 'n verhouding, voorhuwelikse seksuele ervaring of ouderdom van 'n eerste sekservaring te dien nie (kyk Tabelle 6.2.14 tot 6.2.19). Die aantal seksmaats wat die respondente gehad het, is egter deur hulle godsdiensstige oortuigings beïnvloed (kyk Tabelle 6.2.20 en 6.2.21). Die invloed van godsdiensstige oortuigings was hier voldoende gewees om promiskuiteit te inhibeer. Persone wat slegs een seksmaat het se seksuele ervaring was dikwels eenmalig en onbeplan. Die ervarings het ook merendeels binne verhoudingsverband geskied. Sodanige persone huldig dus 'n seksuele beskouing wat volgens die nuwe morele waardestelsel as moreel aanvaarbaar bestempel kan word. Hierdie respondente wat 'n sosiaal aanvaarbare waardestelsel aanhang en net een seksmaat het, is gevolglik baie meer deur hul godsdiensstige oortuigings beïnvloed as respondente met twee of meer seksmaats.

Volgens die uitslag van die ondersoek blyk dit dat 'n individu se godsdienssin wel as inhibeerder van seksuele gedragspatrone dien, maar net in die uiterste gevalle waar daar van intense betrokkenheid by kerklike aktiwiteite en promiskuiteit (baie seksmaats) sprake is. Hierdie verkreeë resultate ten opsigte van die swak verwantskap tussen godsdiensstige oortuigings en seksuele aktiwiteite kom gedeeltelik ooreen met ander wetenskaplike bevindinge.

Volgens die RGN beïnvloed godsdienstige oortuigings seksuele aktiwiteite nie beduidend nie (Olivier, 1986:xii). Die verskil tussen die resultate van die huidige studie en dié van die RGN kom in die uiterste kategorieë ter sprake. Dit is net diegene met sterk oortuigings, wat werklik godsdienstig meelewend is, wat op gedragsvlak inhibisies toon.

Die resultate het verder aangetoon dat godsdienstige oortuigings nie alleen 'n invloed op gedrag uitoefen nie, maar ook seksuele houdings beïnvloed. Volgens Fisher et al. (1988:29) is erotofilia kenmerkend van diegene wat hulleself as minder godsdienstig beskou. Die navorser het dan ook bevind dat daar 'n negatiewe verwantskap bestaan tussen die invloed van godsdienstige oortuigings op die individu en sy houding teenoor voorhuwelikse seksualiteit. Diegene wat in hulle alledaagse lewe baie deur hulle godsdienstige oortuigings beïnvloed is, het die negatiefste seksuele houdings gehuldig (kyk Tabelle 6.2.22 tot 6.2.25).

By nadere ondersoek van hierdie verwantskap het die responspatroon egter 'n afwyking getoon. Diegene wat net effens (teenoor glad nie) in hul verhoudingslewe deur hul godsdienstige oortuigings beïnvloed is, het gemiddeld die positiefste seksuele houdings gehuldig. Die moontlikheid bestaan dat sommige van die respondente wat 'n respons in die kategorie "effens" gegee het, aan die sosiale wenslikheidsnorm wou voldoen. Aspekte van die verhoudingslewe en die seksuele, veral voorhuwelikse geslagsgemeenskap, is deurspek met normatiewe en godsdienstige beginsels. Die oortuiging kan dus by individue bestaan dat 'n moreel "korrekte" respons, wat die invloed van godsdienstige beginsels in hulle lewens erken, meer aanvaarding in die samelewing sal geniet. Die navorser is van mening dat van die respondente wat 'n besonder positiewe houding jeens voorhuwelikse seksualiteit huldig, byna eensins in hul verhoudingslewe deur hul godsdienstige oortuigings beïnvloed word nie. Aangesien die invloed van

godsdienstige oortuigings op die verhoudingslewe deur die respondente self beoordeel is, bestaan die moontlikheid dat sommige respondente voor die versoeking geswig het om 'n sosiaal aanvaarbare en moreel korrekte respons te lewer. Die negatiewe verband tussen die invloed van godsdienstige oortuigings en seksuele houdings is dus deur hierdie sosiaal wenslike response beïnvloed.

Die waarheid van Cervantes se stelling: "it's a long step from saying to doing" (soos aangehaal deur Ajzen, 1988:112) word egter weereens hier bewys. In teenstelling met die onvermoë van godsdienstige oortuigings om volkome inhiberend op seksuele gedragspatrone in te werk, was respondente se godsdienstige oortuigings voldoende gewees om hul uitgesproke seksuele houdings te beïnvloed.

#### 7.5 Die seksuele houdings van die respondente.

Die onderskeie houdingskale het hulle as betroubare meetinstrumente van seksuele houdings bewys deur die hoë alfakoëffisiënte wat verkry is. Vir die bepaling van die hele spektrum van seksuele houdings het die twee vraelyste mekaar goed aangevul. Die emosionele konnotasie wat daar aan die seksuele geheg word, is deur Houdingskaal HT2 bepaal, terwyl Houdingskaal HT1 op intensies en bepaalde seksuele gedragspatrone gerig is. Houdingskaal HT1 kan as 'n goeie aanduider van die individu se verbintenis tot die nuwe seksuele moraal dien. Die houding teenoor seksuele gemeenskap binne enige verhouding waarin daar slegs liefde en wedersydse respek bestaan, is juis deur dié houdingskaal bepaal.

Hoewel houdingsoortuigings en gedragspatrone nie altyd ooreenkom nie is daar volgens Fisher *et al.* (1988:137) bevind dat daar 'n positiewe verwantskap tussen erotofilia en hoeveelheid seksuele ondervinding bestaan. In die huidige ondersoek het seksueel ervare respondente dan ook positiewer seksuele houdings as die onervare respondente

gehuldig (kyk Tabelle 6.2.29 en 6.2.30). Dié tendens is moontlik te wyte daaraan dat die seksueel ervare respondente minder negatiewe ervarings van voorhuwelikse seks gehad het en voorhuwelikse seksualiteit gevolglik meer positief beoordeel. Soos aangedui is die bestaande verwantskap tussen erotofobia (negatiewe seksuele houdings) en godsdienstige meeleving (Fisher et al., 1988:128) ook deur die resultate bevestig.

#### 7.6 Die invloed uitgeoefen deur die respondente se geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens.

Volgens D'Augelli en Cross (1975:43) dien seksuele skuldgevoelens as 'n inhibeerder van voorhuwelikse seksuele gedrag. In die huidige studie is hierdie verwantskap bevestig. Seksueel onervare respondente het gemiddeld 'n hoër geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens getoon as wat die geval by die ervare respondente was (kyk Tabel 6.2.31). Sommige seksueel ervare respondente het egter 'n geneigdheid tot hoër vlakke van seksuele skuldgevoelens getoon. Gerrard (1987b: 979) het aangedui dat seksuele skuldgevoel nie altyd as 'n effektiewe inhibeerder van seksuele gedrag dien nie en dat kognitiewe faktore hierdie werking kan beïnvloed. Daar is bevind dat individue, veral vroue wat geneig is tot 'n hoër vlak van seksuele skuldgevoelens, passief is in hulle seksuele besluitnemingsvermoë en die seksuele leiding en besluitneming aan die man oorlaat (D'Augelli & Cross, 1975:46). Die enkele gevalle van seksueel onervare respondente met 'n lae geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens kan onder andere toegeskryf word aan 'n gebrek aan 'n geleentheid om voorhuwelikse geslagsgemeenskap te hê.

Uit die literatuur blyk dit dat die voorkoms van skuldgevoelens ook 'n ooreenkoms toon met en naby verwant is aan bepaalde houdingsoortuigings. Volgens Fisher et al. (1988:133) bestaan daar 'n verwantskap tussen seksuele skuldgevoelens en erotofobia. Mosher (1973:102) wys weer

daarop dat seksuele skuldgevoelens en seksuele houdings 'n hoër korrelasie toon as die verwantskap tussen seksuele skuldgevoelens en seksuele gedrag. Die twee konstrunkte is dus baie nou verwant, maar tog onderskeibaar. Volgens die resultate wat verkry is (kyk Tabel 6.4.3), het die Mosher-skuldskaal dan ook besonder hoog met die HT1- en HT2-Houdingskale gekorreleer. Die aard van die items in die Mosher-seksuele skuldskaal laat ruimte vir die hipotese dat die seksuele skuldskaal hom meer leen tot houdingsbepaling as die vasstel van 'n persoonlikheidskonstruk.

Die vraagstuk rondom die bestaan van die persoonlikheidskonstruk word verder beklemtoon deurdat die geneigdheid tot skuldgevoelens nie positief met ander persoonlikheidskonstrukte gekorreleer het nie. In Freudiaanse terme word skuldgevoel dikwels as 'n vorm van angs beskou. Die geneigdheid tot skuldgevoelens word ook as die vernaamste bydraende faktor tot die tweede-orde-persoonlikheidsfaktor, angs, beskou (Cattell et al., 1970:102) Daar kan dus verwag word dat hierdie twee konstrunkte positief sal korreleer. Die resultate van die huidige studie het egter aangetoon dat daar 'n negatiewe verwantskap tussen 'n geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens en die persoonlikheidsfaktor angs bestaan (kyk Tabel 6.4.4). Hierdie verwantskap dui daarop dat seksuele skuldgevoelens van veralgemeenbare skuldgevoelens onderskei kan word. Waar skuldgevoelens in die algemeen as 'n vorm van angs (wat bestraffing vir enige moontlike oortreding probeer vermy) beskou word, is seksuele skuldgevoelens op seksualiteit alleen van toepassing. Die hipotese word weereens bevestig dat die seksuele skuldtelling moontlik meer na houdingsoortuigings verwys as 'n konstante neiging tot vrees vir bestraffing.

Hoewel daar onsekerheid bestaan oor die aard van seksuele skuldgevoelens het die Mosher-seksuele skuldvraelys hom weereens as 'n uiters effektiewe meetinstrument bewys. Alle items van die vertaalde vraelys het hul as besonder geskik vir die meting van seksuele skuldgevoelens onder Suid-

Afrikaanse respondente bewys. By toekomstige gebruik sal die vraelys moontlik noodgedwonge aanpassings moet ondergaan weens die weiering van sommige respondente om vrae aangaande masturbasie te beantwoord. Die verklaring vir die verskynsel moet waarskynlik daarin gesoek word dat Afrikaanssprekendes, anders as die Amerikaners, 'n aspek soos masturbasie as baie meer taboe en vreemd beskou.

#### 7.7 Die waargenome verwantskap tussen persoonlikheidsfaktore en seksuele gedrag en houdings.

Die navorser kon nie daarin slaag om 'n beduidende korrelasie tussen die tweede-orde-faktor exvia en 'n positiewe seksuele houding aan te toon nie (kyk Tabel 6.4.3). In hierdie Afrikaanssprekende groep wat aan die studie deelgeneem het bestaan daar dus, in teenstelling met Eysenck se bevindinge, nie 'n verband tussen enige vorm van pro-seksualiteit en ekstraversie nie.

Die korrelasie wat tussen die houdingskaaltellings en sosiaal ongewenste persoonlikheidsfaktore verkry is, was opvallend (kyk Tabel 6.4.3). Die geneigdheid tot probleemgedrag (-C), en nastreef van eie reëls (-Q3) kom sterk ooreen met Jessor en Jessor (1975:474) se bevindinge. Volgens dié skrywers is jong adolessente wat 'n geneigdheid tot voorhuwelikse seksuele gedrag toon, meer betrokke by probleemgedrag en ook meer ten gunste van voorhuwelikse promiskuiteit as diegene wat op 'n later ouderdom hulle maagdelikheid sal verloor. Die meerderheid van die veranderlikes wat beduidend met die houdingskaaltellings gekorreleer het, was dan ook bydraers tot die tweede-orde-faktors, wat op sy beurt op aanpassingsproblematiek dui (Smit, 1981:252).

Die hoë korrelasie wat daar tussen 'n positiewe seksuele houding en skerpsinnigheid (+N) én agterdogtigheid (+L) verkry is, is heel moontlik te wyte aan die emosionele afsydigheid en selfliefde wat met dié

persoonlikheidseienskappe verband hou. Onkonvensionaliteit, 'n kritiese agterdog teenoor onder andere aanvaarde norme, en 'n behepthed met sy eie voortbestaan kan die navolging van sy eie reëls, in teenstelling met dié van die samelewing, by sodanige persoon tot gevolg hê.

Die beduidende korrelasie wat verkry is tussen egoswakheid (-C) as persoonlikheidsfaktor en 'n positiewe seksuele houdingsingesteldheid kan ook aan verskeie faktore toegeskryf word. Egoswakheid kan tot gevolg hê dat individue hulle makliker aan hulle drange oorgee (weens swak beheer deur die superego). By sodanige persone word daar dus minder streng kontrole oor 'n morele aspek soos voorhuwelikse seksualiteit uitgeoefen, wat 'n minder negatiewe houding tot gevolg kan hê. Egoswakheid by albei geslagte kan verder tot gevolg hê dat die individu as gevolg van portuurdruk, gedrag openbaar wat na sy of haar mening die korrekte en "in ding" sal wees.

Volgens D'Augelli & Cross (1975:43) dien seksuele skuldgevoel en die oordeel oor seksualiteit 'n bepaalde doel vir diegene wat op die onderskeie vlakke van morele redenering funksioneer. So is persone wat op die wet-en-orde stadium funksioneer, geneig tot 'n hoë mate van seksuele skuldgevoelens. Volgens die verkreë resultate korreleer egoswakheid en 'n pro-seksuele houding positief; so ook 'n positiewe seksuele houding en 'n lae geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens. Hierdie indirekte verwantskap laat ruimte vir die ondersoek van dié hipotese dat die vlak van morele redenering en egoswakheid op die werking van dieselfde kognitiewe beginsels berus en dat die elemente verwant kan wees. Verdere ondersoek van hierdie hipotese is egter noodsaaklik.

#### 7.8 Die waargenome invloed van referente.

Die deurvoer van bepaalde gedragspatrone en huldiging van spesifieke oortuigings word volgens Ajzen en Fishbein

(1973:52) gedeeltelik gemotiveer deur 'n verlanse om aan ander se wense te voldoen. Die houdingskaaltellings wat beduidend met die referenttellings gekorreleer het, het geen aanduiding van sosiale wenslikheid getoon nie (kyk Tabel 6.4.1). Diegene wat positiewe seksuele houdings huldig was die minste besorg oor die oordeel van gesagsfigure wat die tradisioneel "korrekte" gedrag sal aanmoedig naamlik grootouers, dosente en die predikant. Die druk om aan die wense van die lede van die portuurgroep, naamlik mansvriende, damesvriendinne en die vaste metgesel te voldoen, is egter as belangrike faktore in die onderhouding van positiewe seksuele houdings geïdentifiseer.

#### 7.8.1 Die invloed van die ouers.

Volgens Jessor en Jessor (1975:479) is daar 'n negatiewe verwantskap tussen 'n noue band met die ouers en voor-huwelike seksuele gemeenskap onder adolessente. Miller et al. (1986:509) het bevind dat hoe minder betrokke ouers is (deur min reëls oor uitgaan neer te lê), hoe meer permissief sal hul kinders wees. Die resultate van die huidige studie het dan ook hierdie verwantskap bevestig, maar net waar dit die rol van die moeder aangegaan het.

Volgens Miller et al. (1986:509) was die onbetrokke moeder (wat die minste reëls neergelê het) geneig om die permissiefste kinders te hê. Uit die resultate van die huidige studie blyk dit dat daar 'n lae korrelasie bestaan tussen positiewe seksuele houdings en die belangrikheid wat daar aan die moeder se oordeel geheg word (kyk Tabel 6.4.1). Volgens Olivier (1987:7) word die moeder byna altyd bo die vader vir seksuele kommunikasie verkies. Die verklaring lê waarskynlik daarin dat respondente, anders as met die vader, reeds 'n kommunikasie- en vertrouensverhouding met die moeder ten opsigte van die seksuele opgebou het. As gevolg van die bestaande vertrouensverhouding verwag respondente gevolglik 'n meer simpatieke en begrypende houding van

die moeder vir hulle keuse van seksuele oortuigings en gedragspatrone.

Die belangrikheid wat respondente aan die pa se goedkeuring van promiskue gedrag verleen het, is nie deur die navorser voorsien nie. Volgens Ajzen en Fishbein (1973:52) word daar aan 'n referent se beoordeelde wense voldoen omdat dié referent 'n hoeveelheid mag oor die individu het. Die resultate van die huidige studie toon 'n redelike korrelasie tussen positiewe houdings ten opsigte van voorhuwelikse seks en die vader se oordeel as referent (kyk Tabel 6.4.1). Die vader se oordeel is, anders as dié van die moeder en ander gesagsfigure, ook telkens as 'n belangrike voorspeller in die onderhouding van positiewe seksuele houdings geïdentifiseer (kyk Tabelle 6.6.1 en 6.6.2). Die vader se magsbasis lê waarskynlik in sy posisie as gesagsfiguur en gesinshoof en die respek wat die referent daarvoor het. Die rol van die vader as model vir die adolessent word ook hierdeur benadruk. Die vader se goedkeuring vir "onbetaamlike" gedragsvorme skyn belangriker te wees as byvoorbeeld die kerk se verwerping daarvan.

#### 7.8.2 Die invloed van die portuurgroep.

Die betrokkenheid van die adolessent by 'n portuurgroep word as 'n belangrike ontwikkelingstaak beskou ten opsigte van identiteitsvorming, sosialisering en seksuele ontwikkeling (Louw et al., 1984:379). Die invloed van die nuwe seksuele moraal het hom die afgelope paar dekades al meer in die oortuigings van die jonger geslag laat geld. Die portuurgroep sal dus meer goedkeuring aan voorhuwelikse seksuele gedrag verleen. Die verwagting bestaan gevolglik dat ouers se seksuele houdings dikwels lynreg in kontras met dié van hul kinders sal wees. Daar is dan ook bevind dat adolessente wat geneig is tot voorhuwelikse seksuele gedrag meer by hul portuurgroep as hul ouers betrokke is (Jessor et al., 1983:609).

Craig (1979:454) is van mening dat adolessente in hul portuurgroep, veral in die heteroseksuele verhoudingslewe, fisieke intimiteit aanwend ter bevordering van 'n eie' identiteit, en daardeur ook 'n persoonlike seksuele waarde-stelsel ontwikkel. Volgens Papalia en Olds (1978:284) weer, dien seksuele interaksie om kommunikasie te bevorder, nuwe moontlikhede te ondersoek en om by die portuurgroep aan te pas. Die belangrikheid van die portuurgroep se oordeel ten opsigte van respondente se seksualiteit spreek dan ook duidelik uit die verkreeë resultate. Die redelike hoë korrelasie tussen 'n positiewe seksuele houding en die belangrikheid van die vaste metgesel se oordeel (kyk Tabelle 6.4.1 en 6.6.4) kan waarskynlik toegeskryf word aan: a) die seksuele intimiteit van 'n verhouding wat so nou aan die vestiging van eiewaarde gekoppel is en b) die nuwe moraal wat baie waarde heg aan die ander party binne 'n verhouding se goedkeuring vir voorhuwelikse gemeenskap.

Vir die seksueel ervarenes was die oordeel van die portuurgroep, dit wil sê die vaste metgesel, vriend en vriendin, ook baie belangriker as vir die seksueel onervarenes (kyk Tabelle 6.2.32 tot 6.2.34). Die verband tussen portuurdruk en betrokkenheid by seksuele aktiwiteite (Jessor & Jessor, 1975:481; Miller & Simon, 1974:68) word hierdeur bevestig.

Volgens die tradisionele beskouing word daar verwag dat die manlike portuurgroep veel meer druk en goedkeuring vir die aangaan van seksuele verhoudings sal verleen as wat die geval met die vroulike portuurgroep is (Miller & Simon, 1974:60). Inspeksie van Tabelle 6.2.32 en 6.2.33 toon dan ook dat die respondente die invloed van die mansvriende hoër aanslaan as dié van die vriendinne. Die oordeel van die manlike portuurgroep het ook sterk met die HT1- en HT2-Houdingskaaltellings gekorreleer (kyk Tabel 6.4.1).

### 7.9 Die verband tussen die beoordeling van gedragsgevolge en respondente se seksuele gedrag en houdings.

Respondente wat voorhuwelikse seksuele ervaring het, is reeds aan die waarskynlikheid van die gevolge van hulle gedrag blootgestel. Bepaalde gedragsgevolge word dus nie deur hierdie individue as 'n werklike moontlikheid beskou nie. In die huidige ondersoek het hierdie respondente gevolglik die moontlikheid van swangerskap (kyk Tabel 6.2.35), 'n verbeterde liefdesverhouding (kyk Tabel 6.2.36), toenemende geluk (kyk Tabel 6.2.38) en die moontlikheid van 'n geslagsiekte weens seks, minder negatief as die onervare respondente beoordeel (kyk Tabel 6.2.39). Uit hierdie resultate volg dat daar 'n positiewe verwantskap bestaan tussen 'n positiewe houding jeens voorhuwelikse seks en die verwagting van positiewe gedragsgevolge. Dit waarby die individu optimaal kan baat, naamlik die verwagting van toenemende persoonlike geluk, het dan ook redelik sterk positief met die HT-tellings gekorreleer (kyk Tabel 6.4.2).

Waar dit om die oordeel oor die gevolg van verbeterde huweliksgeluk gaan, het die ervare respondente die moontlikheid van dié gedragsgevolg net effens meer positief as die onervare respondente beoordeel (kyk Tabel 6.2.37). Die feit dat die respondente nog studeer, asook hul lae ouderdom, het tot gevolg dat die gemiddelde respondent nog nie werklik met huweliksbeplanning gekonfronteer is nie. Die negatiewe invloed wat voorhuwelikse geslagsgemeenskap op die huwelik sou hê, word dikwels as argument in die veldtog teen promiskuiteit voorgehou. Dit is begryplik dat respondente 'n gevolg van hulle gedrag, wat deur die samelewing negatief beoordeel word en waarmee hulle nie bekend is nie, met 'n groter mate van omsigtigheid sal benader.

Waarskuwings teen voorhuwelikse seks word verder dikwels gekoppel aan die volgende moontlike negatiewe gedragsgevolge daarvan, naamlik swangerskap, die ontwikkeling van 'n geslagsiekte, swakker huwelikskanse en 'n slegte naam.

Diegene wat promiskuiteit goedkeur, erken volgens die resultate wat verkry is wel die moontlikheid dat die negatiewe gedragsgevolge oor hul pad kan kom (kyk Tabel 6.4.2). Dit is opvallend dat die waarskynlikheid van Vigs, as 'n gedragsgevolg van voorhuwelikse seks, glad nie beduidend met enige van die houdingskaaltellings korreleer nie (kyk Tabel 6.4.2). Dit kom voor asof respondente dit nie as 'n gebeurlikheidsmoontlikheid beskou nie. Dit is juis hierdie houdingsoortuiging wat die veldtog met die oog op die voorkoming van die siekte kan belemmer.

## 7.10 Die voorspelling van seksuele gedrag en houdings.

### 7.10.1 Die voorspelling van seksuele houdings.

Volgens die resultate wat verkry is, het 'n aantal veranderlikes herhaaldelik goed met die onderskeie houdingskaaltellings gekorreleer (kyk Tabelle 6.4.1 tot 6.4.3). Tydens die ondersoek met die oog op die saamstel van voorspellingsmodelle is juis hierdie veranderlikes as voorspellers van seksuele houdings geïdentifiseer (kyk afdeling 6.6.1).

Om die geskikste model vir die voorspelling van hierdie houdingsoortuigings te verkry, is daar voortdurend van twee voorspellingsmodelle gebruik gemaak. In die kleiner model is daar volgens Ajzen se model van slegs die referent- en gedragsgevolgtellings gebruik gemaak. Die meer omvattende model het alle faktore, wat persoonlikheidsfaktore en godsdienstige faktore insluit, as voorspellers gebruik. Uit die resultate van die modelle wat uiteindelik vir voorspelling geskik bevind is, was dit opvallend dat die veranderlikes vervat in die meer omvattende model telkens as plaasvervangers vir die voorspellers van die kleiner model gedien het. Die Mosher-skuldtelling (die morele bewaker wat bestraffing verwag) vervang telkens die volgende voorspellers: die oordeel van verskeie gesagsfigure en diegene met konserwatiewe seksuele oortuigings, asook die verwagting van bestraffing in die vorm van negatiewe gedragsgevolge. Hierdie

veranderlikes het 'n duidelike geneigdheid tot bepaalde response ten opsigte van seksualiteit tot gevolg gehad. Hierdie responspatroon en voorspellers word vervolgens bespreek.

Uit die resultate het dit geblyk dat die goedkeuring van promiskuiteit binne bepaalde verhoudings die beste voorspel word deur dié faktore wat as verteenwoordigend van 'n opportunistiese oriëntasie beskryf kan word (kyk Tabelle 6.6.1 tot 6.6.4). Die teenwoordigheid van 'n kritiese wêreldwysheid (+N), die navolging van eie reëls (-Q3) en 'n verwagting van persoonlike en huweliksgeluk kan aan 'n promiskue houding gekoppel word. By diegene wat 'n pro-seksuele houding huldig, geniet die selfgekose waardestelsel wat deur die nuwe seksuele moraal verkondig word dus voorkeur bo die tradisionele waardes wat op die Christelike leer geskoei is.

Die afwesigheid van die invloed van enige normatiewe faktore is ook aanduidend van 'n positiewe seksuele houding (kyk Tabel 6.6.2). Daar is gevind dat die invloed van godsdienstige oortuigings en die predikant se oordeel 'n negatiewe verband getoon het met 'n positiewe houdingsoortuiging. Die verwagting van bestraffing vir 'n morele oortreding (in die vorm van skuldgevoel) het ook 'n negatiewe verband met 'n positiewe seksuele houding getoon.

Die ontledings van die invloed wat gesagsfigure in die ouerhuis ten opsigte van seksualiteit uitoefen, het interessante bevindinge opgelewer. Die oordeel van die pa is as 'n belangrike voorspeller in die onderhouding van positiewe houdings geïdentifiseer (kyk Tabelle 6.6.1 en 6.6.2). Die belangrikheid van sy rol as model in die adolescent se seksuele ontwikkeling word hierdeur beklemtoon. Die goedkeuring van so 'n belangrike gesagsfiguur blyk byna noodsaaklik te wees voordat 'n individu openlik promiskuiteit in enige verhoudingsverband goedkeur. Soos uitgewys, vervul die moeder nie dieselfde rol nie. Die

oordeel van gesagsfigure in die vergrote familiekring, naamlik dié van die grootouers is ook deur hierdie individue verwerp, waarskynlik omdat hulle nie betrokke genoeg is by die individu se opvoedingsproses nie (kyk Tabelle 6.6.1 en 6.6.3). Ander onbetrokke persone, naamlik die dosente se oordeel is ook verwerp deur diegene wat positiewe seksuele houdings huldig (kyk Tabel 6.6.4). Hierdie persone is waarskynlik nie alleen nie betrokke genoeg by die seksuele opvoeding van die individu nie, maar huldig dikwels konserwatiewe en tradisionele seksuele houdings wat deur 'n persoon met pro-seksuele oortuigings verwerp sal word.

Die getransformeerde referenttellings wat in die voorspellingsmodelle as voorspellers geïdentifiseer is, het van die verwagte responspatroon afgewyk. Alhoewel 'n promiskue houding merendeels van die mansvriend verwag is, is sy oordeel tog nie as 'n voorspeller van 'n positiewe ingesteldheid teenoor voorhuwelikse gemeenskap (HT2) geïdentifiseer nie. In die kleiner voorspellingsmodel is die portuurgroep se oordeel, veral dié van die vriendin en vaste metgesel egter as voorspellers van hierdie ingesteldheid geïdentifiseer (kyk Tabel 6.6.3). Die identifikasie van die vriendin se oordeel as voorspeller van houdings het grootliks met Todt (1991:199) se bevindinge ooreengestem. Tradisioneel word daar van die vrou verwag om 'n streng seksuele waardestelsel te handhaaf. Die meisievriendin se goedkeuring van 'n pro-seksuele houding maak die oordeelsbesluit vir die individu waarskynlik meer moreel aanvaarbaar. Weens die waarde wat die vaste verhouding en die vaste metgesel vir die individu se gevoel van eiewaarde inhou, is die vaste metgesel telkens as belangrike voorspeller van die emosionele ingesteldheid teenoor voorhuwelikse geslagsgemeenskap geïdentifiseer (kyk Tabelle 6.6.1, 6.6.3 en 6.6.4).

Volgens die resultate wat verkry is kan die positiewe houding van die respondente verklaar word deur: a) 'n kritiese wêreldwysheid en 'n geneigdheid om sosiale reëls te minag as

persoonlikheidsfaktore en b) 'n lae verwagting van bestraffing (lae skuldgevoel). Uit dié resultate blyk dit dat die voorkoms van genoemde eienskappe as voorspellers van 'n pro-seksuele houding dien (kyk Tabela 6.6.2 en 6.6.4). Sodanige persone volg hulle eie reëls in teenstelling met dié van die samelewing na. Jessor *et al.* (1980:808) se bevinding dat diegene wat tot voorhuwelikse gemeenskap neig, probleemgedrag toon, word hierdeur bevestig. Sodanige persone verwag ook nie bestraffing vir hulle seksuele oortuigings nie omdat hulle hul eie waardestelsel navolg, soos blyk uit die negatiewe bydrae van die Mosher-skuldtelling. Na aanleiding van die teenwoordigheid van genoemde persoonlikheidsfaktore blyk dit dat hierdie individue wel bewus daarvan mag wees dat hulle reputasie skade sal ly, maar hulle seksuele oortuigings, soos weerspieël in hulle emosies en houdings, word nie deur die kennis geraak nie.

Volgens die resultate blyk dit dat die voorspelling van 'n positiewe houding jeens bepaalde seksuele gedragspatrone in verhoudingsverband (HT1) meer afhanklik is van eksterne faktore soos die invloed van bepaalde referente en die verwagting van positiewe gedragsgevolge (kyk Tabela 6.6.1 en 6.6.2). Die voorspelling van 'n positiewe emosionele ingesteldheid word egter weer meer bepaal deur interne faktore soos persoonlikheidseienskappe en bepaalde verwagtinge (kyk Tabel 6.6.4). Anders as in die geval van gedragspatrone, kan 'n houding nie so veel deur morele reëls en sanksionering deur die samelewing gereguleer word nie. In hierdie lig beskou, berus die emosionele konnotasie (byvoorbeeld goed of sleg) wat daar aan seksualiteit geheg word meer op die werking van intrapersoonlike faktore.

Na aanleiding van die verkreë resultate moet dit benadruk word dat Jessor se beskrywing van dié faktore wat tot die oorgang na nie-maagdelikheid bydra, hier van toepassing is (kyk Tabela 6.6.1 tot 6.6.4). Van die faktore wat hier ter sprake is, is lae betrokkenheid by konvensionele instellings soos die ouerhuis, skool en godsdiens asook betrokkenheid by

die portuurgroep en probleemgedrag. Volgens die verkreeë resultate blyk dit dat respondente deur die oordeel van referente in hulle onmiddellike omgewing, veral dié van die portuurgroep beïnvloed word (kyk Tabele 6.6.1 en 6.6.3).

Die beoordeelde invloed van godsdienstige oortuigings op die alledaagse lewe het slegs in die geval van die HT1-tellings 'n negatiewe verband met pro-seksuele houdings getoon. Tradisionele waardes, geskoei op Christelike beginsels, oefen dus wel 'n invloed uit op die respondente se seksuele houdings. Die nuwe moraal laat sy invloed egter ook deeglik geld, deurdat die verwagting van toenemende persoonlike en huweliksgeluk met gunstige seksuele houdings verband hou (kyk Tabele 6.6.1 en 6.6.3). 'n Vrees vir bestraffing weens die oortreding van morele reëls (in die vorm van 'n geneigdheid tot 'n hoë vlak van skuldgevoelens) is 'n belangrike voorspeller van pro-seksuele houdings. Die negatiewe betakoëffisiënt (kyk Tabele 6.6.2 en 6.6.4) suggereer dat hoe hoër die vlak van seksuele skuldgevoel, hoe negatiewer die houding jeens bepaalde seksuele gedragsvorme. Interne persoonlikheidsfaktore, naamlik 'n kritiese wêreldwysheid en die minagting van sosiale reëls blyk belangrike onderhouers van pro-seksuele houdings te wees (kyk Tabele 6.6.2 en 6.6.4). Vir diegene wat oor tradisionele waardes besorg is, is daar egter goeie nuus. Respondente wat negatiewe seksuele houdings huldig, beskou die navolging van aanvaarde Christelike beginsels, wat terselfdertyd die goedkeuring van gesagsfigure soos die predikant, dosente en grootouers wegdra, skynbaar as belangrik (kyk Tabele 6.6.1 tot 6.6.4).

#### 7.10.2 Die voorspelling van seksuele gedrag.

##### 7.10.2.1 Die voorspelling van die aantal seksmaats.

Die resultate het getoon dat diegene met 'n groot aantal seksmaats promiskue gedrag en houdings openbaar. Die invloed van die nuwe seksuele moraal, wat tradisionele

waardes misken en die persoonlike oordeel benadruk, is duidelik bewys deur die uitsonderlike bydrae wat die verwagting dat seks die persoon gelukkiger sal maak gelewer het (kyk Tabel 6.6.5). Respondente wat 'n groot aantal seksmaats het en dus as promisku beskou kan word, se beskouings is egter nie heeltemal vry van normatiewe oorwegings nie. Onder die invloed van die samelewing se negatiewe beoordeling het dié respondente verwag dat hul gedrag tot swakker huwelikskanse sal lei. Teen alle verwagting in is daar ook bevind dat die respondente met baie seksmaats geneig was om 'n negatiewe emosionele ingesteldheid jeens seksualiteit te openbaar, wat weereens aan sanksionering uit die samelewing toegeskryf moet word. Diegene met 'n kleiner aantal seksmaats word minder deur die samelewing gesanksioneer en hulle het gevolglik verbeterde huweliksgeluk ten spyte van hulle gekose gedragspatrone verwag. Die respondente met baie seksmaats is nie deur godsdienstige beginsels as sulks geïnhibeer nie. Die oordeel van 'n verteenwoordiger van sodanige beginsels, naamlik die predikant het egter 'n geringe rol gespeel waar dit om die voorspelling van die aantal seksmaats gegaan het. Die navorser kon geen bevredigende verklaring vir die verkreeë positiewe korrelasie tussen die aantal seksmaats en die beoordeelde invloed van die predikant vind nie.

#### 7.10.2.2 Klassifikasie van respondente in terme van seksuele ervaring.

Die diskriminantontleding waarin die beste voorspellers van die klassifikasie van respondente, wat reeds heteroseksuele geslagsgemeenskap ervaar het, teenoor diegene wat nog geen geslagsgemeenskap ervaar het nie, geïdentifiseer is het Faktor 2 as die belangrikste voorspeller aangedui (kyk Tabel 6.6.6). Faktor 2 verteenwoordig positiewe houdings teenoor seksuele gedrag en seksualiteit, lae skuldgevoelens, en die verwagting van positiewe gevolge as gevolg van voorhuwelikse seksuele gemeenskap. Hierdie kombinasie van veranderlikes kan beskou word as verteenwoordigend van 'n positiewe inges-

positiewe ingesteldheid teenoor voorhuwelikse seks.

Ten spyte daarvan dat Faktor 1 (die oordeel van referente) nie as voorspeller identifiseer is nie, word die geldigheid van Ajzen se teorie van beredeneerde gedrag gedeeltelik bevestig. Dit is duidelik dat hierdie klassifikasiefunksie slegs 73,3% van die totale aantal response korrek klassifiseer. Daar moet dus nog steeds ander veranderlikes wees wat die foutiewe klassifikasie van seksueel ervarenes en seksueel onervarenes kan minimiseer.

Ten slotte is die interessante waarneming gemaak dat die Mosher-skuldtelling in Faktor 2 saamval met, en in soortgelyke lading dra as elemente wat op 'n positiewe reaksie en 'n positiewe houding teenoor seksualiteit dui. Die hipotese dat die Mosher-skuldskaal in werklikheid ook as 'n houdingskaal beskou kan word, word deur die waarneming bevestig. Die skuldtelling het ook deurentyd 'n aansienlike bydrae as voorspeller gelewer. Dit blyk dus dat die geneigdheid tot skuldgevoelens ook sy plek in Ajzen se voorspellingsmodel van seksuele gedrag sou kon volstaan.

### 7.10.3 Ajzen se model van beredeneerde gedrag.

Daar is aanduidings dat die goedkeur of afkeur van voorhuwelikse omgang met Ajzen se teorie van beredeneerde gedrag in verband gebring kan word. Tydens die huidige ondersoek is Ajzen se teorie getoets aan die hand van die kleiner voorspellingsmodelle waar daar slegs van referent- en gedragsgevolgtellings gebruik gemaak is.

'n Positiewe houding teenoor voorhuwelikse seksuele gedragpatrone (Houdingskaal HT1) wat met behulp van die elemente in Ajzen se model voorspel is, het die teorie bevestig (kyk Tabel 6.6.1). 'n Positiewe houding was afhanklik gewees van die goedkeuring van dié referente wat die individu se siening van homself of haarself as seksuele wese kan beïnvloed, naamlik die pa en die vaste metgesel.

Aansluitend hierby is positiewe gevolge verwag, naamlik die oordeel dat toenemende geluk en huweliksgeluk op daardie gedrag sal volg.

Waar Houdingskaal HT2-tellings op soortgelyke wyse voorspel is, het die invloed van die vriendin en die vaste metgesel, asook die beoordeling van verbeterde huweliksgeluk en 'n slegte reputasie 'n rol gespeel (kyk Tabel 6.6.3). Die emosionele konnotasie wat daar aan voorhuwelikse seks geheg word, blyk uit die bydrae wat die voorspellers hiertoe lewer. 'n Positiewe seksuele houding word deur die goedkeuring van andere, en dus ook die verwagting van 'n positiewe gevoel, as gevolg van die erkenning van die persoon se seksuele identiteit (veral onder adolessente), beïnvloed. Die verwagting van 'n slegte reputasie dra heelwat minder gewig as die ander voorspellers en word dus deur daardie faktore oorskadu.

Dit is egter duidelik dat die gebruik van die veranderlikes in Ajzen se model alleen (kyk Tabelle 6.6.1 en 6.6.3) 'n kleiner persentasie van die variasie in houdingstellings as die meer omvattende model verklaar. Benewens die faktore wat probleemgedrag onderhou (Jessor se teorie), moet ook ander persoonlikheidsfaktore, die vlak van morele redenering, asook kognitiewe faktore (gekondisioneerde of aangeleerde persepsies) as moontlike voorspellers van seksuele houdings oorweeg word.

Die redelike mate van effektiwiteit waarmee Faktor 2 (positiewe houding) respondente wat reeds voorhuwelikse gemeenskap ervaar het onderskei van diegene wat dit nog nie ervaar het nie, dui op die uitwerking van houdings en waargenome gedragsgevolge op seksuele gedrag. Dit bied dus gedeeltelike bevestiging vir die (gedragsgevolge → houdings → gedrag) geldigheid van Ajzen se teorie van beredeneerde gedrag. Die verwagting van positiewe gevolge is waarskynlik voldoende om gedrag te motiveer. Die oordeel van die referente word skynbaar deur die invloed van bepaalde

gedragsgevolge oorskadu. Die moontlikheid bestaan dat die oordeel van referente wel in gevalle 'n geringe rol kan speel waar dit om die beredenering van die deurvoer van voorhuwelikse seks gaan. Die ooreenkoms wat faktore in Jessor se sosiale teorie van probleemgedrag met die onderhouding van positiewe seksuele houdings in die huidige ondersoek toon, is reeds aangedui. 'n Positiewe seksuele houding kom juis meer voor by respondente met voorhuwelikse sekservaring. Daar is dus moontlik ruimte vir die veranderlikes wat Jessor in sy teorie omskryf het in die persentasie onverklaarde variasie in die klassifikasie van seksueel ervare teenoor seksueel onervare respondente.

Ten spyte van die verwarring oor die verwantskap tussen gedrag en houding, is dié twee elemente in Ajzen se model versoen. Op grond van die verkreeë resultate van die huidige studie blyk dit dat die respondente wat positiewe seksuele houdings openbaar het, positiewe gedragsgevolge en goedkeuring vir voorhuwelikse gemeenskap verwag het en ook meer geneig was om seksueel ervare te wees.

#### 7.11 Samevattende opmerkings.

Na afloop van hierdie ondersoek blyk dit dat die gestelde doelwitte bereik is. 'n Verband, hoewel gering, kon tussen godsdienstige oortuigings en seksuele houdings en gedragspatrone aangedui word.

Die rol wat persoonlikheidsfaktore in die voorspelling van seksuele houdings en gedragspatrone speel was ook gering. Alhoewel die geldigheid van Eysenck se teorie nie bewys kon word nie, is 'n verband tussen sosiaal ongewenste persoonlikheidsfaktore en die voorkoms van 'n pro-seksuele houding aangetoon. Duidelike bewyse is gevind vir die rol wat 'n hoë mate van seksuele skuldgevoelens in die inhibering van seksuele gedragspatrone speel. Dié konstruk het egter telkens 'n groter ooreenkoms met die ander houdingskale as met die persoonlikheidsfaktore getoon.

Die resultate van die ondersoek het verder getoon dat daar besliste ruimte bestaan vir die gebruik van Ajzen se model in die voorspelling van seksuele gedrag en houdings. Die geïdentifiseerde voorspellers van seksuele houdings het ook op hul beurt daarin geslaag om 'n redelike persentasie variasie te verklaar. Verskeie leemtes ten opsigte van bestaande kennis op seksuele navorsingsgebied het egter onder die aandag van die navorser gekom. Die verwagting van toenemende persoonlike geluk en huweliksgeluk as gevolg van seks, wat vir die respondente belangrik skyn te wees, noodsaak ondersoek na die invloed van die nuwe seksuele moraliteit. Die verskynsel dat die nuwe seksuele moraal byna geen inhiberende invloed uitoefen op diegene wat pro-seksuele oortuigings en gedragspatrone openbaar nie, moet verder in die toekoms in gedagte gehou word. Teen die agtergrond van die verwagting dat die gemiddelde respondent 'n tradisioneel konserwatiewe seksuele opvoeding ontvang het, verdien die belangrikheid wat daar aan die pa se goedkeuring vir promiskuiteit geheg word ook verdere aandag.

Na aanleiding van die ondersoek wat daar in Amerika ten opsigte van die geneigdheid tot seksuele skuldgevoelens oor die hele spektrum van seksualiteit (die invloed op fantasering, kognisies, gedrag en fisiologiese opwekking) uitgevoer is, verdien soortgelyke ondersoeke onder Suid-Afrikaanse omstandighede aandag.

'n Finale waarskuwing moet gerig word dat die resultate van hierdie studie met versigtigheid benader moet word, weens die geselekteerde aard van die groep respondente. Dit word benadruk dat die noodsaaklikheid van verdere navorsing op hierdie gebied van die uiterste belang is. Aspekte wat besondere aandag moet geniet is 'n meer objektiewe meting van godsdienstige meeleving en seksuele aktiwiteite, asook die bekamping van sosiale wenslikheidsresponse, waaraan sommige respondente hulle moontlik skuldig kon maak het.

## OPSOMMING.

Ten einde bestaande leemtes in die kennis omtrent seksualiteit in Suid-Afrika te vul, is die seksuele gedrag en houdings van 95 Afrikaanssprekende voorgraadse psigologie-studente ondersoek met behulp van die Sestien-Persoonlikheidsfaktor-vraelys, die Mosher-seksuele skuldskaal en 'n gekombineerde biografiese en houdingsvraelys. Daar is gekonsentreer op die verband tussen normatiewe oortuigings, persoonlikheidsfaktore en seksuele gedrag.

Die meeste respondente het 'n redelike graad van intimiteit in hul verhoudingslewe gerapporteer, terwyl een derde voorhuwelikse seksuele ervaring gehad het. Alhoewel respondente oorwegend negatiewe seksuele houdings gehuldig het, het hulle verwag dat mans meer promisku as vrouens sal wees. Geen verskille tussen die geslagte se ervaring van 'n intieme verhoudingslewe of seksuele ervaring kon egter aangetoon word nie.

Alhoewel die respondente oorwegend godsdienstig was, het die vroulike respondente 'n groter mate van godsdienstige meeleving getoon. Die godsdienstige oortuigings van die respondente was voldoende om hul seksuele houdings te beïnvloed. Seksueel onervarenes was op gedragsvlak kerklik meer betrokke en diegene met minder seksmaats het sterk godsdienstige oortuigings gehuldig.

Geen verband kon tussen die persoonlikheidsfaktor ekstraversie en enige vorm van pro-seksualiteit aangedui word nie. Sosiaal ongewenste persoonlikheidsfaktore is egter as voorspellers van positiewe seksuele houdings geïdentifiseer.

## Opsomming (vervolg)

Elemente in Ajzen se model van beredeneerde gedrag het positief met seksuele houdings gekorreleer. Dié model is ook geskik bevind vir die voorspelling van seksuele houdings. Die oordeel van die pa en lede van die portuurgroep, asook die verwagting van positiewe gevolge is onder andere as voorspellers van positiewe houdings geïdentifiseer, terwyl die predikant, grootouers en dosente se oordeel verwerp is. Respondente met baie seksmaats het nie alleen positiewe gevolge as gevolg van seks verwag nie, maar weens sanksionering uit die samelewing het dié respondente ook die predikant se oordeel hoog getakseer en 'n negatiewe emosionele ingesteldheid jeens seksualiteit gehuldig.

Alhoewel Ajzen se model dikwels 'n hoë proporsie van die variasie in die afhanklike veranderlikes verklaar het, is dit duidelik dat ander veranderlikes benewens dié wat in die model opgeneem is, soos seksuele skuldgevoel, grootliks bydra tot die verklaring van die variasie in sowel seksuele gedrag as seksuele houdings.

## SUMMARY

The relationship between normative convictions, sexual behaviour and personality.

In order to fill the gap of knowledge regarding sexuality in South Africa, the sexual attitudes and behaviour of 95 Afrikaans-speaking undergraduate psychology students were investigated by means of the Sixteen Personality Factor Questionnaire, the Mosher Sex-Guilt subscale and a combined biographical and attitude questionnaire. The study concentrated on the relationship between normative convictions, personality factors and sexual behaviour.

Most respondents reported a fair degree of intimacy in their relationships, while one third had already had premarital sexual experience. Although respondents expressed predominantly negative sexual attitudes, they expected men to be more promiscuous than women. No difference in males' and females' experience of intimacy in relationships and sexual experience could be indicated.

Although the respondents were predominantly religious, the female respondents were more religiously inclined than the male respondents. The religious convictions of the respondents were strong enough to influence their sexual attitudes. On the behavioural level sexually inexperienced respondents were more involved with church activities and those with fewer sex partners also expressed strong religious convictions.

No connection between the personality factor extraversion and any form of pro-sexuality could be indicated. Socially undesirable personality factors were, however, identified as predictors of positive sexual attitudes.

Summary (continued)

Elements in Ajzen's theory of reasoned behaviour correlated positively with sexual attitudes. This model was also found to be suitable for the prediction of sexual attitudes. The opinion of the father and members of the peer group, as well as the expectation of positive consequences, among others, was identified as predictors of positive attitudes while the opinion of the parson, grandparents and lecturers was rejected. Respondents with many sex partners not only expected positive consequences, but because of social sanctions they valued the reverend's opinion highly and expressed a negative emotional set towards sexuality.

Although Ajzen's model often explained a high proportion of the variance in the dependent variables, it is clear that variables other than those included in this model, like sexual guilt, greatly contribute to the explanation of variance in both sexual attitudes and behaviour.

## BIBLIOGRAFIE.

ABRAMS, D.B. & WILSON, T.G. 1983. Alcohol, sexual arousal and self-control. Journal of personality and social psychology, 45(1):188-198.

ABRAMSON, P.R. & MECHANIC, M.B. 1983. Sex and the media. Three decades of bestselling books and major pictures. Archives of sexual behavior, 12:185-206.

ADAMS, A.E., HAYNES, S.N. & BRAYER, M.A. 1985. Cognitive distraction in female sexual arousal. Psychophysiology, 22(6):689-699.

AJZEN, I. 1988. Attitudes, personality and behavior. Chicago : Dorsey Press. 175p.

AJZEN, I. & FISHBEIN, M. 1973. Attitudinal and normative variables as predictors of specific behaviors. Journal of personality and social psychology, 27(1):41-57.

ALBERTS, J.R. 1983. Guilt and shame. (In Harre, R. & Lamb, R., reds. The encyclopaedic dictionary of psychology. Oxford: Basil Blackwell. p.261.)

ALLPORT, G.W. 1961. Pattern and growth in personality. New York : Holt, Rinehart & Winston. 593p.

AMBRON, S.R. 1981. Child development. 3rd ed. New York : Holt, Rinehart & Winston. 558p.

AMOD, Z. & SHMUKLER, D. 1986. Sexual attitudes and behaviour of Indian South African adolescents. South African journal of psychology, 16(1):21-26.

ANDERSEN, I. & VERVEEN, A.A. 1977. Voor we aan het hulpverleners beginnen. (In Moors, M.A., red. Helpen bij seksuele moeilijkheden: een boek voor hulpverleners. Von Loghum Slaterus : Nederlands Huisartsen Genootschap. p. 39-40.)

ANNANDALE, W.J. 1988. Liefdesverhoudings onder studente en die gesin van oorsprong - 'n psigologiese ondersoek. 147p. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO.)

ANASTASI, A. 1988. Psychological testing. 6th ed. New York : McMillan. 817p.

ARAFAT, I.S. & COTTON, W.L. 1974. Masturbation practices of males and females. The journal of sex research, 10(4):293-307, Nov.

BANCROFT, J. 1983. Human sexuality and its problems. Edinburgh : Churchill Livingstone. 447p.

BANCROFT, J. 1987. A physiological approach. (In Geer, J.H. & O'Donohue, W.T., reds. Theories of human sexuality. New York : Plenum Press. p.411-421.)

BANDURA, A. 1968. A social learning interpretation of psychological dysfunctions. (In London, P. & Rosenham, D., reds. Foundations of abnormal psychology. New York : Holt, Rinehart & Winston. p. 293-344.)

BARLOW, D.H. 1986. Causes of sexual dysfunction: the role of anxiety and cognitive interference. Journal of consulting and clinical psychology, 54(2):140-148.

BARNES, G.E., MALAMUTH, N.M. & CHECK, J.V.P. 1984. Personality and sexuality. Personality and individual differences, 5(2):159-172.

BARON, R.A. & BYRNE, D. Social psychology: understanding human interaction. 4th ed. Boston : Allyn & Bacon. 685p.

- BECK, J.G., BARLOW, D.H., SAKHEIM, D.K. & ABRAHAMSON, D.J. 1987. Shock threat and sexual arousal: the role of selective attention, thought content and affective states. Psychophysiology, 24(2):165-172.
- BECKER, M.A. & BYRNE, D. 1985. Self-regulated exposure to erotica, recall errors and subjective reactions as a function of erotophobia and type A coronary-prone behavior. Journal of personality and social psychology, 48(3):760-767.
- BRITTAIN, C.V. 1963. Adolescent choices and parent-peer cross-pressures. American sociological review, 28:385-391.
- BROADHURST, A. 1977. Book review of H.J. Eysenck's "Sex and personality". Behaviour, research and therapy, 15:369-374.
